

55ste SINODE

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12

# NOTULE

7 – 10 JUNIE 2026 | NAMPOPARK BOTHAVILLE

# VOORWOORD

*Waar die stroom ook kom, sal dit ... die see vars maak. Waar die stroom kom, sal alles lewe*. Esegiël 47: 9, 10

In jou hand (of op die skerm) het jy die notule van die $55^{ste}$ Sinodesitting van die NG Kerk Vrystaat wat van 7 tot 10 Junie 2026 te Nampopark by Bothaville plaasgevind het. Hierdie dokument bevat 'n volledige verslag van alle besluite wat geneem is, asook alle laatstukke wat nie in die agenda opgeneem kon word nie. Enkele sake is aan die einde van die vergadering verwys na die Moderamen om af te handel.

Die tema vir die sinode was *'n Stroom Lewende Water* aan die hand van teksgedeeltes uit Esegiël 47, Jesaja 58 en Johannes 4 en 7. Die liturgie van die wydingsgeleenthede het hierby aangesluit in verskillende gestaltes. Die volledige liturgiese program is beskikbaar op die webblad www.ngkerkvrystaat.co.za.

Na 'n termyn waarin twee buitengewone sinodesittings gehou is, was hierdie sitting soos 'n rustige stroom met min stroomversnellings en watervalle. Waar in die verlede koppe gestamp is, is daar hierdie keer hande gevat om *saam* aan te beweeg. Daaroor is ons almal dankbaar.

Om behoorlik en volledig rekord te hou van wat in 'n groot vergadering soos 'n sinodesitting plaasvind, is nie maklik nie. Dit verg 'n deeglike en aanhoudende luister. Vir hierdie notule gaan die groot dankwoord aan ds Johan Kemp en me Lisma Liebenberg van die sinodale kantoor. Min mense verstaan, en waardeer, die ure wat hieraan spandeer is.

*"As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."* Johannes 7:37, 38.

Mag die NG Kerk Vrystaat in die komende termyn 'n stroom kalmerende en lewegewende water wees in ons God se Koninkryk.



**LEON M FOOT**
**SKRIBA VAN DIE MODERAMEN**

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord 1

**SITTINGSDAE**

1. Eerste Sittingsdag – Sondag 7 Junie 5
2. Tweede Sittingsdag – Maandag 8 Junie 17
3. Derde Sittingsdag – Dinsdag 9 Junie 22
4. Vierde Sittingsdag – Woensdag 10 Junie 50

**VERSLAE**

A1 Verslag van die Ontwerpspan 5

A1-1 Naamlys van afgevaardigdes 5

A2 Verslag van die Moderamen 17, 24

A2-1 Verslag van Visioenering 23

B1 Inleidende verslag van Bedieningsbegeleiding 24

B2 Laatverslag oor Teologiese Opleiding 30

C1 Inleidende verslag van die Diens van Barmhartigheid 50

D1 Vennote in Getuienis – Die Missionaliteit van die Kerk 52

D1-1 Verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 53

E2 Verslag van Argief- en Inligtingsdiens 55

E1 Verslag van die Raad van Ondersteuning 67

A3 Verslag van die Sinodale Taakspan Kerkorde 68

F1 Verslag van die Trans Oranje Instituut vir Buitengewone Onderwys 70

F2 Verslag van die Kuratorium: Oranje Meisieskool 70

A4 Verslag van die Vrouebediening 73

# NOTULE

## EERSTE SITTINGSDAG – SONDAG 7 JUNIE 2026

### 1. KONSTITUERING

Die getal afgevaardigdes soos aangedui per geloofsbriewe: 284

Die getal afgevaardigdes wat geregistreer het (wat met ander woorde wat opgedaag het): 256

Gemeentes afwesig tydens konstituering: 10

Die kworum (die helfte + 1 van die geregistreerde afgevaardigdes volgens geloofsbrief ter vergadering): 143

Die tweederdemeerderheid (vir kerkregtelike sake) is twee-derdes van die teenwoordiges in die vergadering: 171

### 2. OPENING VAN DIE SINODE

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die reëlings van die Ontwerpspan in verband met die opening van die Sinode goed.**

Dr Leon M Foot, die leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, neem die opening van die Sinode waar. Hy lees Genesis 2:10-14 en Openbarings 22:1-2. en doen 'n gebed.

### 3. VERWELKOMING

Die waarnemende voorsitter verwelkom die afgevaardigdes en ander aanwesiges.

## A MODERAMEN

### A1 VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN

**1. DATUM VAN DIE SINODE**

**2. AFVAARDIGING, GELOOFSBRIEWE EN REGISTRASIE**

### A1-1 NAAMLYS VAN AFGEVAARDIGDES

**RING VAN BETHLEHEM**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Arlington | A Jacobs | |
| | M Jacobs | |
| Bethlehem-Efrata | DE Bubb | DJ Eichstädt |
| Bethlehem-Eureka | RCH Kemp | C Symington |
| Bethlehem-Noord (+ Môrelig) | | AJ Muller |
| | | RP Kohler |
| Bethlehem-Oos | A Botha | JA Kriek |
| | M Bakker | AS Hamer |
| Bethlehem-Panorama | G Lamprecht | R Harris |
| Bethlehem-Wes | AP van Zyl | HJ du Preez |
| Clarens | JAN Venter | BJ Willemse |
| Kestell | Afwesig | |
| Lindley | | HJJ Theron |
| | | DJ Trenam |
| Paul Roux | Afwesig | |
| Witteberge | Afwesig/geen geloofsbrief | |

**RING VAN BLOEMFONTEIN-NOORD**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Berg-en-Dal | JJ Lubbe | E-A Swart |
| | JC Hurter | MJ Swart |
| | | JMG Potgieter |
| | | JJ van Niekerk |
| Bloemfontein | DV le Roux | AT Nieuwoudt |
| Bloemfontein-Noord (+ Andrew Murray) | | AL Krüger |

| | | |
|---|---|---|
| Brandfort | Verskoning | |
| Brandfort-Oos | C Grobler | |
| De Bloem | JL Smith | |
| Hugenoot | NJ Mostert | W Ellis |
| | N Muller van Velden | |
| Noordhoek | F Retief | M Venter |
| Soutpan | Verskoning | |

**RING VAN BLOEMHEUWEL**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Aandbloem | C Mitchell | HvH Groenewald |
| | JC Louw | |
| | M de Vos | |
| Bloemheuwel | JL Reynders | FJ Richter |
| | LOK Lategan | J Myburgh |
| Boshof | | A Roberts |
| | | M Janse van Rensburg |
| Gardeniapark | Afwesig | |
| Heuwelkruin | ST Malan | JC Kruger |
| | SE Malan | LJ van Bijon |
| Heuwelsig | EF Engelbrecht | WJA Fourie |
| | JP Matthews | |
| Woodland Hills | IH Scholtz | MS Oosthuysen |

**RING VAN BULTFONTEIN**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bultfontein | AW Smit | IRJ Smith |
| Bultfontein-Oos | PG Garbers | GJ van der Merwe |
| Dealesville | | WF Haarhoff |
| Hertzogville | | HM Linde |
| | | JA Bornman |
| Hoopstad | V Cloete | R Rautenbach |
| | FP du Toit | |
| | D Meyer | |
| Rietfontein | | PG Nel |
| | | GL Venter |
| Theunissen SJL Schoeman | S Pienaar | |
| Theunissen-Wes | GA Basson | ME Hamman |
| Wesselsbron | C Nel | WH van Zyl |
| Winburg | | PJ Pienaar |

**RING VAN FAURESMITH**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Fauresmith | AMS Heymans | AM Smit |
| Jacobsdal | HHS Nortier | C Grobbelaar |
| Jagersfontein | | WJJ Botha |
| Koffiefontein | Verskoning | |
| Luckhoff | | EJ Dalton |
| | | EJH Dalton |
| Petrusburg | CJ vd L Fourie | JD van Niekerk |
| Phillippolis | LJ Scheepers | AE de Beer |
| Springfontein | Verskoning | |
| Trompsburg M Vorster | A Kotzé | |

**RING VAN GOUDVELD**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Harmonie | | JJ Labuschagne |
| | | JG Diederiks |
| Hennenman | CF van der Linde | MSC Nel |
| Odendaalsrus-Oos | | FJ Barnard |

| | | |
|---|---|---|
| | | CJD Barnard |
| Riebeeckstad | HJ Conradie | HJ van Zyl |
| Riebeeckstad-Erfdeel | LH Wentink | SW van Niekerk |
| Ventersburg | NS Dicks | CPJ Els |
| Virginia | R Wessels | GT Pienaar |
| Virginia-Wes | | NS Beneke |

**RING VAN HARRISMITH**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Cornelia | JT Kemp | NP de Witt |
| Frankfort | JT Jackson | HE Lombard |
| Kerkenberg | HH Williams | WA Lombard |
| Memel | | JH Claasen |
| | | PH van Niekerk |
| Tweeling | | TJ Lessing |
| Villiers | A Kemp | AG Odendaal |
| Vrede | Afwesig | |
| Vrede-Wes | JG van der Watt | ID Bosman |
| Warden | FL Steenkamp | RJvR Pieters |

**RING VAN HEILBRON**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Heilbron | Afwesig | |
| Heilbron-Suid | Afwesig | |
| Koppies | | JH Hattingh |
| | | HE Weiss |
| Koppies-Weltevrede | S Heyns | |
| Oranjeville | | CJS Wolmarans |
| Petrus Steyn | CJ du Raan | EC Buckler |
| Reitz | | D Slabbert |
| | | JC van Schalkwyk |
| Reitz-Wes | SB Conradie | JM Wessels |

**SENTRAAL RING**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Clocolan | J van Staden | |
| Excelsior | Verskoon | |
| Ficksburg | | R Monk |
| Fouriesburg | HP Coertzen | CC van Zyl |
| Ladybrand | | HW van der Westhuizen |
| | | AC Foord |
| Ladybrand-Noord | W Klindt | |
| Rosendal | Verskoning | |
| Senekal | SFCoetzee | JJ van Niekerk |
| Senekal-Noord | A Potgieter | DJ Heyns |
| Steynsrus | | CW Möller |
| | | SM Deacon |

**RING VAN SMITHFIELD**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bethulie | Afwesig | |
| Dewetsdorp | HE van Coller | JJ Swanepoel |
| Edenburg | WH van Zyl | PJ Borrington |
| Hobhouse | Afwesig – al is geloofsbrief ontvang | |
| Rouxville | N van Rooyen | FJ van Rooyen |
| Smithfield | | HW Blomerus |
| Wepener | Afwesig – al is geloofsbrief ontvang | |
| Zastron | SW Burger | J Swart |

**SUIDOOS-BLOEMFONTEIN RING**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bloemvallei | MJ Heymans | HB van der Walt |
| Estoire | JC Else | C Jooste |
| Fauna | HJ Swart | JM Strauss |
| Fichardtkruin | JS du Plessis | L Dixon |
| Fichardtpark | E Casaleggio | DCJ Taljaard |
| Hospitaalpark | E Senekal-van der Berg | M Pretorius |
| Leeuwberg | Afwesig | |
| Onze Rust | CP Hellmuth | A Kotzé |
| Ooshoek | S Maritz | HM van Zyl |
| Pellissier | CM James | DF Langenhoven |
| | FH Lamprecht | N Snyman |
| | JH Hattingh | |
| Reddersburg | | SJ Marais |
| | | HM Hagemann |

**TEOLOGIES KATEGORIALE RING**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Allanridge | | A Maree |
| Harrismith | FUO Ohlhoff | JJ de Jager |
| | | JJ Kriek |
| Kroonstad | J Müller | JDM Minnaar |
| Marquard | J Rossouw | JC Brandt |
| Odendaalrus | WM Beets | BJC Steyn |
| Parys-Suid | | WSB Burger |
| Vanstadensrus | AP Coetzee | G Jordaan |

**RING VAN VAALRIVIER**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Deneysville | DM du Preez | SJK Kühn |
| Parys | Afwesig | |
| Parys-Oos | F van Tonder | IM de Villiers |
| Parys-Wes | WJ Griesel | CM Pretorius |
| Sasolburg Vier Ankers (+ Sasolburg-Sentraal) | | |
| | RJ Pienaar | CF Bester |
| Sasolburg-Fakkel | Afwesig | |
| Sasolburg-Fontein | | JG Potgieter |
| | | CJ Bruys |
| Sasolburg-Tuinedal | Afwesig | |
| Schonkenville | | N Mangwane |
| | | P Slemmerts |
| Taaibosspruit | JA de Man | T Luddick |
| Vaalpark | GJ Serfontein | MC van Tonder |
| | F Kotzé | ASS Potgieter |
| Viljoensdrif | | PJ de Bruyn |
| Vredefort | Afwesig | |

**RING VAN VALSRIVIER**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bothaville | D Allan | WC Nell |
| Bothaville-Noord | FJ Wilson | JE Grobler |
| | A Wilson | MC Claassens |
| Edenville | D Groenewald | T Janse van Rensburg |
| Kroonheuwel-Noord | C Weideman | MA de Vries |
| | PM van Niekerk | MS Prinsloo |
| Kroonstad-Noord | SC van der Merwe | BJ Steyn |
| Kroonstad-Oos | MC Barnard | DJ Smit |
| Kroonstad-Suid | NG Wessels | MG Wessels |
| Kroonstad-Wes | | N de Bruyn |

| | | |
|---|---|---|
| | | WRJ Britz |
| Meyerhof | LLB Naudé | JI Potgieter |
| Vierfontein | OPJ Olivier | H Denner |
| Viljoenskroon | AP Cronjé | LF Taljaard |
| | | AJ Kleynhans |

**RING VAN WATERBRON**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bainsvlei | J Hamman | D Boraine |
| Bloemfontein-Wes | PJ David | HJ Fouché |
| | W van Velden | E Fouché |
| Geloofsentrum Universitas | RC Botha | |
| | L Smith | |
| Langenhovenpark | L Oosthuizen | W Fourie |
| | PG Meyer | PG Miles |
| Uitsig-Bloemfontein | | MC Buitendag |
| | | EM Olivier |
| Universitasrif | NJ Labuschagne | A van Wyk |
| | L Hoffman | |
| Universitas-Wes | CM Rautenbach | PA Coetzee |
| Verkeerdevlei | | MC Human |
| Waterbron | WA Badenhorst | CP Bartlett |
| Wilgehof | Verskoning | |

**RING VAN WELKOM**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bedelia | PJ McLaren | P Delport |
| Dagbreek | | TC du Toit |
| | | JHJ du Raan |
| St Helena | DN Basson | JH Botha |
| Welkom | | W Pretorius |
| | | H Human |
| Welkom-Noord | | DW Broodryk |
| | | DNC Engelbrecht |
| Welkom-Suid | SR Darker | MPJ Dannhauser |
| | LM Foot | JH Britz |
| Welkom-Wes | DH Botes | PN van der Merwe |

## 3. VERBLYF, PARKERING, SITPLEKKE EN TAFELLEIERS

## 4. KOMMUNIKASIE

## 5. AGENDA

## 6. OPENINGSEREDIENS, SPIRITUALITEIT EN AFSLUITINGSNAGMAAL

## 7. GASTE, WAARNEMERS EN UITSTALLERS

## SAKE VIR GOEDKEURING

## 8. KONSTITUERING EN OPENING

### 8.1 NAAMLYS EN VERKLARING

**Besluit:** *Goedgekeur*

**1. Die voorsitter van die STK lig die vergadering in oor die aantal lede teenwoordig.**

**2. Die waarnemende voorsitter wat die opening, konstituering en eerste sessie lei, verklaar kragtens die Kerkorde (2022), Reglement van Orde, Bepaling 1.3 die vergadering van hierdie 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat as wettig gekonstitueer en verwelkom die afgevaardigdes en ander aanwesiges.**

### 8.2 OPENING VAN SINODE

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die reëlings van die Ontwerpspan in verband met die opening van die Sinode goed.**

**8.3 IN MEMORIAM**

**Besluit:** *Kennis geneem*

Geleentheid word gegee om tydens die opening van die Sinode (by die erediens) meegevoel te betuig met die afsterwe van leraars, eggenotes en ander sinodale personeel wat in die NG Kerk Vrystaat gedien het:

| Oorledene | Datum | Opmerking |
|---|---|---|
| **2021** | | |
| Me. DE Bosman | 24/12/2021 | Sinodale Kantoor |
| **2022** | | |
| Ds HJ Griesel | 04/03/2022 | NG Gem Hertzogville |
| Dr CHJ van Schalkwyk | 07/03/2022 | NG Gem Philippolis |
| Mev M Lourens | 19/03/2022 | Eggenote: Ds MJ Lourens (Ladybrand) |
| Mev GS Moller | 01/04/2022 | Eggenote: Ds JP Moller (Rouxville Kontrakpos) |
| Mev BM Schoonees | 01/05/2022 | Eggenote: Ds SE Schoonees (Bloemfontein-Noord) |
| Mev SM Venter | 07/06/2022 | Eggenote: Ds JG Venter (Onze Rust) |
| **2023** | | |
| Mev PM Kemp | 23/02/2023 | Weduwee: Ds RCH Kemp Snr (Meyerhof) |
| Mev MW Steenkamp | 01/04/2023 | Weduwee: Ds WJ Steenkamp (Wesselsbron-Noord) |
| Ds AM Herholdt | 14/04/2023 | NG Gem Parys |
| Mej EL Zahn | 24/04/2023 | Sendeling: Zambië |
| Mev M Basson | 02/05/2023 | Weduwee: Ds NW Basson (NGKA Witsieshoek) |
| Mev M Esterhuizen | 19/05/2023 | Eggenote: Mnr JA Esterhuizen (Sinodale Kantoor) |
| Ds PJ Taljaard | 30/05/2023 | NG Gem Arlington (Tentmaker) |
| Mev SE de Kock | 01/07/2023 | Eggenote: Ds MGW de Kock (Odendaalsrus) |
| Ds JHJ Oosthuizen | 06/07/2023 | NG Gem Brandfort-Oos |
| Mev JC Scheepers | 22/07/2023 | Weduwee: Ds JJ Scheepers (Heilbron) |
| Mev DM Brits | 22/07/2023 | Weduwee: Ds W Brits (Kerkenberg) |
| Mev AMC van der Merwe | 13/08/2023 | Weduwee: Ds HCS van der Merwe (Welkom) |
| Ds GDJ Potgieter | 14/09/2023 | NG Gem Bloemfontein |
| **2024** | | |
| Ds SO Skeen | 25/02/2024 | Merafong |
| Mev C le Roux | 07/03/2024 | Eggenote: Ds DLHV le Roux (Sinodale Kerkkantoor) |
| Mev SJ Gertenbach | 15/03/2024 | Weduwee: Dr MP Gertenbach (Brandfort) |
| Ds S Spamer | 05/04/2024 | Emeritus werksaam by NG Gem Reddersburg |
| Mev AE Swart | 20/05/2024 | Weduwee: Ds JJ Swart (Viljoenskroon-Oos) |
| Ds E Erlank | 01/07/2024 | NG Gem Koppies |
| Mev JE Botes | 15/07/2024 | Weduwee: Ds DH Botes (Odendaalsrus-Oos) |
| Mev CJ Delport | 17/07/2024 | Weduwee: Ds MJ de V Delport (Virginia-Wes) |
| Mev E Burger | 25/07/2024 | Weduwee: Ds F Burger (Bloemfontein-Noord) |
| Dr B Du T Jackson | 20/11/2024 | NG Gem Hugenoot |
| **2025** | | |
| Mev CMJ Potgieter | 04/02/2025 | Weduwee: Ds GDJ Potgieter (Bloemfontein) |
| Mev AG Herholdt | 10/04/2025 | Weduwee: Ds AM Herholdt (Parys) |
| Ds PS Conradie | 17/05/2025 | NG Gem Theunissen |
| Ds C Olivier | 12/07/2025 | Merafong |
| Dr MGW de Kock | 02/09/2025 | NG Gem Odendaalsrus |
| **2026** | | |
| Mnr HM Coertzen | 21/02/2026 | Eggenoot: Ds Coertzen (NG Gem Fouriesburg) |
| Ds JG Venter | 18/03/2026 | NG Gem Universitas-Wes |
| Dr JC van Wyk | 09/03/2026 | NG Gem Odendaalrus-Oos |
| Mev W Strauss | 21/03/2026 | Eggenote: Prof SA Strauss (Parys) |
| Mnr HJP de Lange | 08/04/2026 | Sinodale Kantoor – Mooigenoeg Kampterrein |

## 9. TEKS, TEMA EN SPIRITUALITEIT VAN DIE SINODE

**Besluit:** *Goedgekeur*

1. **Die Sinode keur die tema en teks – *"Lewende Water"* uit Esegiël 47 – soos deur die Moderamen en Ontwerpspan voorgestel, goed.**
2. **Die Sinode keur dit goed dat die Liturgiese span, onder leiding van dr SC (Suzanne) van der Merwe, die erediens, die oggend- en aandwydings van 7 tot 10 Junie 2026 hanteer.**
3. **Die Sinode versoek afgevaardigdes om hul Bybels saam te bring na elke dag se sitting en dat die Sinode hulself deur gebed en voorbereiding in stel op die leiding van die Gees van God.**
4. **Die Sinode versoek dat alle afgevaardigdes elke oggend reeds om 07:50 hulle sitplekke in die Fanie Ferreira-saal moet inneem – in stilte – met die oog op die dagwyding wat stiptelik om 08:00 begin.**

## 10. PROGRAM EN SITTINGSTYE

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die volgende sittingstye as riglyn goed:**

**SONDAG 7 JUNIE 2026**

| | |
|---|---|
| 14:00 | Aankoms en registrasie; foto's van leraars word geneem |
| 14:45 | Toerustingsgeleentheid: Tafelleiers, Voorsitters van Werkswinkels & Luisterspan |
| 16:00 | Konstituering<br>Opening: Dr LM (Leon) Foot<br>**Sessie 1**: Verslag Ontwerpspan & Eerste Verslag Sinodale Taakspan Kerkorde (STK): Ordereëlings |
| 17:20 | Vertrek na Bothaville |
| 18:00 | Erediens in NG Moedergemeente Bothaville |
| 19:15 | *Aandete \| Sosiale program en retreat* |

**MAANDAG 8 JUNIE 2026**

| | |
|---|---|
| 08:00 | Oggendwyding: Liturgiese Span |
| 08:35 | **Sessie 2**: **Oor Wie God is/*Visionering*** – Dr CW (Coenie) Burger en tafelgesprek<br>Toeligting van Verslag oor Visionering |
| 09:20 | **Sessie 3**: Algemene inleiding tot alle verslae – Moderamen en bedieningsvoorsitters kry geleentheid |
| 09:50 | Werkswinkels: 1) Moderamen, 2) Begeleiding, 3) STK en 4) Ondersteuning |
| 10:45 | *Laat-ontbyt* |
| 11:30 | **Sessie 4**: **Oor wie ons is, NGK Vrystaat/*Ekklesiologie*** – Dr N (Nioma) Venter, prof WJ (Kobus) Schoeman, tafelgesprek |
| 12:20 | Verkiesing van Moderatuur: Toeligting van proses, nominasies bekendstel en eerste stemming (voorsitter, ondervoorsitter, skriba en addisionele lid) |
| 12:45 | Werkswinkels herhaal: 1) Moderamen, 2) Begeleiding, 3) STK en 4) Ondersteuning |
| 13:35 | **Sessie 5**: Verhale van Hoop & Groeteboodskappe |
| 14:05 | Verkiesing van Moderatuur: Voorsitter, ondervoorsitter, skriba en addisionele lid |
| 14:15 | Middaggebed |
| 14:30 | *Koffie en tee* |
| 15:00 | **Sessie 6**: Verslag van die Moderamen – Oop bespreking, beskrywingspunte en besluitneming |
| 17:15 | Ringswerkswinkel 1: Reflektering en reëlings |
| 18:00 | *Aandete* |
| 18:45 | **Sessie 7**: Verslag van die STK – Oop bespreking en besluitneming |
| 19:45 | Verkiesing van Moderamen: Voorsitter, ondervoorsitter, skriba en addisionele lid |
| 19:55 | Aandgodsdiens |
| 20:15 | Retreat en rus |

**DINSDAG 9 JUNIE 2026**

| | |
|---|---|
| 08:00 | Oggendwyding: Liturgiese Span |
| 08:35 | **Sessie 8**: **Oor wie ons is, Gemeentes/*Ekklesiologie*** – Ds J (Jaco) Strydom en tafelgesprek<br>Toeligting van Verslag van Bedieningsbegeleiding |
| 09:30 | Werkswinkels: 5) Kuratorium, 6) Barmhartigheid, 7) Getuienis en 8) Beter dorpe |
| 10:20 | **Sessie 9**: Administrasie, sake wat oorstaan, afhandeling van verkiesing, oorhandiging |
| 10:45 | *Laat-ontbyt* |
| 11:30 | **Sessie 10**: **Oor waar ons is/*Konteks*** – Inleiers dr J (Jack) Armour, dr M (Martie) Bloem en dr J (Jaco) Deacon en tafelgesprek |

|  |  |
|---|---|
|  | Toeligting van Verslae van Barmhartigheid en Getuienis |
| 12:45 | Werkswinkels herhaal: 5) Kuratorium, 6) Barmhartigheid, 7) Getuienis en 8) Beter dorpe |
| 13:30 | **Sessie 11**: Verhale van Hoop & Groeteboodskappe |
| 14:15 | Middaggebed |
| 14:30 | *Koffie en tee* |
| 15:00 | **Sessie 12**: Verslag van Bedieningsbegeleiding – Oop bespreking, beskrywingspunt, besluitneming |
| 16:15 | Ringswerkswinkel 2: Reflektering, ringskommissies en aanwysing van verteenwoordigers |
| 16:50 | **Sessie 13**: Verslag van die Kuratorium – Oop bespreking en besluitneming |
| 18:00 | *Aandete* |
| 18:45 | **Sessie 14**: Verslag van Ondersteuning – Oop bespreking, beskrywingspunte en besluitneming |
| 19:45 | Aandgodsdiens |
| 20:05 | Retreat en rus |
|  | Konstituering van die nuwe Moderamen |

**WOENSDAG, 10 JUNIE 2026**

|  |  |
|---|---|
| 08:00 | Oggendwyding: Liturgiese Span |
| 08:20 | **Sessie 15**: **Oor ons *Missionale Roeping*** – Dr M (Marinda) van Niekerk en tafelgesprek |
| 09:00 | **Sessie 16**: Verslag van Barmhartigheid – Oop bespreking en besluitneming |
| 09:45 | **Sessie 17**: Verslag van Vennote in Getuienis – Oop bespreking en besluitneming |
| 10:30 | *Laat-ontbyt* |
| 11:15 | **Sessie 18**: Afhandeling van laaste sake |
| 12:30 | Slotliturgie en Nagmaalsviering |

***(Onthou jou kospakkie!)***

## 11. LOGISTIEKE REËLINGS VIR SITTING

### 11.1 BEGROTING EN KOSTES

### 11.2 REISKOSTE

### 11.3 VERBLYF

### 11.4 DAGGELDE

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode bekragtig die begrotingsreëlings ten opsigte van reiskoste, verblyf- en daggelde soos getref deur die Uitvoerende Beampte: Ondersteuning, en die bydrae van R2 350 per afgevaardigde wat deur gemeentes betaalbaar is.**

## 12. ETES EN VERVERSINGS

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die reëlings met betrekking tot die etes goed.**

## 13. ORDEREËLINGS, BEHANDELING VAN VERSLAE, BESKRYWINGSPUNTE EN HANTERING VAN ANDER SAKE

### 13.1 ALGEMENE ORDEREËLINGS

**Besluit:** *Goedgekeur*

Die Sinode keur die algemene ordereëlings vir die hantering van die vergadering, en spreekbeurte goed.

**Besluit**: *Goedgekeur*

Die Voorsitter van die STK neem leiding om die wysigings aan die Reglement van Orde te hanteer:

Reglement van Orde punt1.1: *Goedgekeur*

1.1 Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, soos vooraf deur die betrokke skriba aangewys, gaan by rings- en sinodale vergaderings voor in Skriflesing, gebed en konstituering, en tree as waarnemende voorsitter op tot en met al die administratiewe sake afgehandel is. Die huidige voorsitter van die Moderamen neem dan oor om die agenda van die vergadering te begin, asook die verkiesing van die nuwe voorsitter te begelei. Die huidige voorsitter en die nuwe voorsitter kom onderling ooreen wanneer die nuwe voorsitter die vergadering verder sal lei.

4.6 Laat verslae van Bedieninge/Taakspanne wat ander sake as laat beskrywingspunte behandel, word na die Tydelike Taakspan Regte (TTR) verwys wat aanbevelings aan die Sinode maak oor die ontvanklikheid en hantering daarvan.

Die Sinode besluit dat die laat verslae wat ingekom het van Argief- en Inligtingsdiens asook die Kuratorium as ontvanklik beskou word.

### 13.2 ALGEMENE BEHANDELING VAN VERSLAE

### 13.3 VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

### 13.4 PUNTE WAT VERWYS WORD

### 13.5 BESKRYWINGSPUNTE

### 13.6 LAATSTUKKE

### 13.7 AANVULLENDE VERSLAE

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die ordereëlings soos deur die Ontwerpspan en Moderamen getref rakende die behandeling van alle verslae en beskrywingspunte wat voor die vergadering gebring word, goed.**

## 14. STEMPROSES IN DIE ALGEMEEN, EN VERKIESING VAN DIE MODERATUUR

### 14.1 VERKIESING VAN DIE MODERATUUR: VOORSITTER, ONDERVOORSITTER, SKRIBA EN ADDISIONELE LID

### 14.2 VERKIESING VAN DIE MODERAMEN

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode neem kennis van alle reëlings wat deur die Ontwerpspan en STK getref is om alle stemgeleenthede tydens die vergadering billik, deursigtig en effektief te laat verloop, en gaan onder leiding van die huidige voorsitter daartoe oor om op die tyd daarvoor toegewys, 'n nuwe Moderatuur te laat verkies.**

| |
|---|
| Die nominasievorms vir die Moderatuur moet voor Maandag 8 Junie om 09:45 ingedien wees. |

## 15. KOMMISSIES VAN DIE SINODE

### 15.1 ALGEMENE REËLINGS EN KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bekragtig die aanwysing van die volgende afgevaardigdes of lede, as lede van tydelike kommissies of spanne om die verloop van die vergadering te dien:

### 15.2 BEDIENINGSBEGELEIDING

Dr LM (Leon) Foot
Ds C (Christo) Nel
Ds J (Cobus) Hamman
Dr R (Roelf) Pienaar

### 15.3 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Ds R (René Wessels) (NG Gem Virginia)
Ds JL (Jors) Reynders (NG Gem Bloemheuwel)
Ds HHM (Mias) Nortier (NG Gem Jacobsdal)
Ds A (André) Botha (NG Gem Bethlehem-Oos)
Oudl AT (Andreas) Nieuwoudt (NG Gem Bloemfontein)
Ds HJ (Hendrik) Conradie (NG Gem Riebeeckstad)
Ds SW (Werner) Burger (NG Gem Zastron)

### 15.4 VENNOTE IN GETUIENIS

Dr NJ (Nico) Mostert
Ds JH (Rikus) Hattingh
Mnr WM (Willem) Ellis
Ds J (Joe) Müller

### 15.5 ONDERSTEUNING

Ds AP (Riaan) van Zyl
Ds JL (Jannie) Smith
Mnr AJ (Adriaan) de Ruiter
Mnr J (Johan) Coetzer

### 15.6 TYDELIKE TAAKSPAN KERKORDE

Ds C (Christo) Weideman (NG Gem Kroonheuwel-Noord)
Ds SW (Werner) Burger (NG Gem Zastron)

Dr L (Leon) Oosthuizen (NG Gem Langenhovenpark)
Ds DN (Domonic) Basson (NG Gem St Helena)

**15.7 VERKIESINGSKOMMISSIE EN STEMOPNEMERS**

Mnr AJ (Adriaan) de Ruiter
Mnr J (Johan) Coetzer
Teologie Studente
Verteenwoordiger van die STK

**15.8 NOTULEKOMMISSIE**

Ds JS (Hannes) du Plessis (NG Gem Fichardtkruin)
Ds JT (Johann) Kemp (NG Gem Cornelia)
Ds DE (Dougy) Bubb (NG Gem Bethlehem-Efrata))
Ds M (Marthiens) Heymans (NG Gem Bloemvallei)
Mev AE (Lisma) Liebenberg
Mev A (Anelia) van den Blink
Mev D (Danielle) van Heerden
Mev H (Helena) Smit

**15.9 AANKONDIGINGSKOMMISSIE**

Dr NJ (Nico) Mostert (NG Gem Hugenoot)
Ds W (Wouter) van Velden (NG Gem Bloemfontein-Wes)
Mej R (Ronzélle) van Vuuren

**15.10 KOMMISSIE VIR MEDIA EN KOMMUNIKASIE**

Nuwe Moderatuur
Ds JS (Hannes) du Plessis (NG Gem Fichardtkruin)
Ds DN (Domonic) Basson (NG Gem St Helena)
Me M (Mariette) Odendaal
Me C (Celicia) McLean
Mnr J (Juan) du Toit

**15.11 VERLOFKOMMISSIE**

Dr J (Johan) Nel
Oudl A (Andreas) Nieuwoudt (NG Gem Bloemfontein)
Mev N (Nicolene) Gouws

**15.12 LUISTERSPAN**

Ds C (Christo) Nel (NG Gem Wesselsbron)
Dr J (Johan) Nel
Ds S (Shaun) Darker (NG Gem Welkom-Suid)
Prof WJ (Kobus) Schoeman
Ds D (Deseré) Meyer (NG Gem Hoopstad)
Ds NG (Gerhard) Wessels (NG Gem Kroonstad-Suid)
Ds F (Fred) Wilson (NG Gem Bothaville-Noord)
Ds A (Antoinette) Wilson (NG Gem Bothaville-Noord)

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die onderskeie tydelike kommissie en taakspanne soos deur die Kommissie vir Kommissies voorgehou, vir die duur van die sitting goed.**

## 16. GROETEBOODSKAPPE

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die oordra van groeteboodskappe deur kerklike verteenwoordigers en ander wat na hierdie sitting genooi is, goed, soos aangedui in die Agenda.**

## 17. SITTINGSREG MET ADVISERENDE STEM

**Besluit:** *Goedgekeur*

1. **Die Sinode keur goed dat aan voorsitters en skribas van die bedieninge, predikante in sinodale diens en senior amptenare wat nie afgevaardigdes is nie, reg van sitting met adviserende stem verleen word wanneer die betrokke verslag en sake wat hulle werk raak, behandel word.**
2. **Die Sinode keur dit goed dat aan voorsitters en skribas van die bedieninge wat nie afgevaardigdes is nie, reiskoste betaal word teen die vasgestelde sinodetarief van R2.50 per km.**

## 18. VERLOF VIR AFWESIGHEID EN PERSONEELVERANDERINGS

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die volgende reëlings en riglyne ten opsigte van verlof goed:**

1. **'n Afgevaardigde se primêre doel is effektiewe deelname tydens die hele sinodesitting. Lede moet hulle reëlings betyds en sodanig tref dat, sover moontlik, persoonlike, gemeentelike en ander sake nie met sittingstye bots nie.**
2. **Geen lid mag die vergadering sonder die nodige toestemming verlaat nie.**
3. **Waar afwesigheid uit die vergadering vir 'n korter of langer tyd onvermydelik is, geld die volgende:**

**3.1 'n Aansoekvorm om verlof (wat deur die Sinode voorsien word), moet by die Verlofkommissie verkry en voltooi word;**

**3.2 Die Verlofkommissie oorweeg elke aansoek;**

**3.3 'n Afgevaardigde mag nie die vergadering verlaat voordat hy/sy weet of sy/haar aansoek goedgekeur is nie;**

**3.4 Alle goedgekeurde verlof word in die notule opgeneem;**

**3.5 Die Verlofkommissie oordeel self oor die meriete van elke aansoek om verlof;**

**3.6 Die Verlofkommissie kontroleer gereeld of daar 'n kworum in die sinode teenwoordig is; en**

**3.7 Die Verlofkommissie moet alle veranderings aan die personeel van die Sinode, aan die Notulekommissie deurgee vir plasing in die notule.**

## 19. AFGEVAARDIGDES WAT LATER TER VERGADERING VERSKYN

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode besluit dat afgevaardigdes, wat later ter vergadering verskyn, hulle by die Kommissie- vir Verlof en Aankondigings moet aanmeld. Die kommissie moet die name van sodanige persone in die notule laat opneem.**

## 20. BENOEMING VAN AFGEVAARDIGDES NA DIE ALGEMENE SINODE

Die Kerkorde van die Algemene Sinode (2019) Artikel 38 lui soos volg:

**Besluit**: *Staan oor tot STK-verslag*.

**36.1 SAMESTELLING EN FREKWENSIE VAN VERGADERINGS**

36.1.1 Die Algemene Sinode vergader elke vier jaar.

36.1.2 Besluite by Artikel 35 in die VS Kerkorde 2022 moes word hersien word aangesien die samestelling van die Algemene Sinode verander het na die besluit in 2017 geneem is. Die Vrystaat kan nou ’n groter afvaardiging saamstel. Volgens die formule wat gebruik word om die aantal afgevaardigdes per sinode saam te stel, kan die Vrystaat 37 persone afvaardig. Met Namibië wat nie meer deel van die AS uitmaak nie, moet die ASM nog die besluit neem of die getal afgevaardigdes net dienooreenkomstig verminder gaan word, word of pro rata tussen die oorblywende nege sinodes verdeel gaan word. Die STK in oorleg met die moderamen beveel aan die afvaardiging vir die 2027 Algemene Sinode soos volg saamgestel word:

1. Die vyf lede van die Dagbestuur van die Moderamen.
2. Twee lede uit elke ring. Elke ring vaardig vier lede af: twee primarii lede en twee sekundi wat bestaan uit twee leraars en twee kerkraadslede.
3. Indien daar nog persone afgevaardig kan word, wys die Moderamen die lede uit leraars en kerkraadslede aan.
4. Vir elke afgevaardigde moet ’n sekundus ook aangewys word.
5. Ringe sal vroeg in 2027 by wyse van ’n vooropgestelde vorm, hulle afgevaardigdes kan kies en aan die kantoor kan deurgee.

**Amendement**: *Goedgekeur*

**Die Sinode keur goed dat die notule na afhandeling van die Sinode in sy geheel ná die Moderamen verwys word vir goedkeuring.**

Voorsteller: Dr JS du Plessis
Sekondant: Ds JT Kemp

**Besluit:** *Nie goedgekeur nie*

Die Sinode keur goed:

1. dat die notule daagliks behandel word en na afhandeling van die Sinode in sy geheel na die Moderamen verwys word vir goedkeuring.

**Besluit**: *Goedgekeur*

2. **dat dit die verantwoordelikheid van die skriba van elke bediening is om enige foute in sy verslag in die Agenda onder die aandag van die Notulekommissie te bring.**

## 22. DIE BESLUITEREGISTER

**Besluit:** *Goedgekeur*

1. **Die Sinode besluit dat elke bediening van die Sinode self die besluite wat op sy terrein val, en onder die aandag van kerkrade gebring moet word, moet aanstip en dit aan die skriba van die Sinode moet besorg om dit aan die gemeentes deur te stuur.**
2. **Die Sinode besluit dat elke bediening die opdrag wat uit sy verslag voortvloei en deur die skriba van die Sinode uitgevoer moet word, na afloop van die Sinode aan die skriba moet besorg vir afhandeling.**

## 23. DIE HANDELINGE VAN DIE SINODE

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode besluit om na afloop van die Sinodesitting die notule en alle tersaaklike stukke in die Handelinge van die Sinode, op die webwerf beskikbaar te stel. Besluite van die sinode tree in werking wanneer die finale notule deur die Moderamen goedgekeur is en daarna op die Vrystaat Sinode se webwerf gepubliseer is.**

## 24. PERSONEEL VAN DIE ONTWERPSPAN

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode neem kennis van die samestelling van die Ontwerpspan, naamlik:**

**Interimkomitee: Ds Jan Lubbe, dr Dawie Botes, di Hannes du Plessis, Adrie Potgieter, Charles James, Christo Weideman.**
**Sinodale Bedieninge: Ds C (Christo) Nel en dr LM (Leon) Foot, di A (André) van Staden en DV (De la Harpe) le Roux, drr Juppi Steurer (later vervang met ds JH (Rikus) Hattingh, dr NJ (Nico) Mostert, en ds AP (Riaan) van Zyl.**
**Jongleraars: Dr S (Suzanne) van der Merwe en ds LH (Lé-Roy) Wentink.**
**Sinodale Kerkkantoor: Mnre AJ (Adriaan) de Ruiter en T (Tertius) Botha, mevv AE (Lisma) Liebenberg en C (Celicia) McClean.**

| |
|---|
| Die vergadering verdaag en vertrek na NG Gem Bothaville vir die erediens om 18:00. |

**VERLOF**

| Gemeente | Persoon | Vanaf Datum | Tot Datum | Vanaf (tyd) | Tot (tyd) |
|---|---|---|---|---|---|
| Heuwelsig | EF Engelbrecht | 07/06 | 08/06 | 14:00 | 10:00 |
| Heuwelsig | WJA Fourie | 07/06 | 08/06 | 14:00 | 10:00 |
| Heuwelsig | JP Matthews | 07/06 | 08/06 | 14:00 | 10:00 |
| Pellissier | CM James | 07/06 | | | |
| Riebeeckstad-Erfdeel | LH Wentink | 07/06 | | | |

## TWEEDE SITTINGSDAG – MAANDAG 8 JUNIE 2026

Die Liturgiese span gaan voor in die opening van die dag deur te lees uit Esegiël 47:3 -6 en verder Jesaja 55:1-3.

Daar het 266 afgevaardigdes aangemeld. Die kworum is dus 134 en ’n tweederde meerderheid is 177.

Dr CW (Coenie) Burger lei die vergadering in gesprek “Oor wie God is”. Die voordrag word as addendum aangeheg.

Dr N (Nioma) Venter en dr WJ (Kobus) Schoeman lei die vergadering in gesprek “Oor wie ons is, NG Kerk Vrystaat/Ekklesiologie”. Die voordrag word as addendum aangeheg.

Die vergadering verdaag vir die vier werkswinkels en keer terug vir middagwyding.

Die Liturgiese span gaan voor in die middagwyding deur te lees uit Psalm 42:2-3 en Esegiël 47:3-6.

* Dr D Ungerer van die Algemene Sinode dra die Groeteboodskap oor.
* Die vergadering kyk na die verhale van hoop wat deur die verskillende bedieninge verskaf is, naamlik:

- ‘n Video-getuienis van ds DE (Dougy) Bubb in verband met die fondse ontvang van Silostrat aan ‘n enkel moeder vir verblyf van haar dogter in ‘n koshuis.
- Daarna kyk die vergadering na ‘n video-getuienis van ds SW (Werner) Burger oor ‘n projek saam met landbou-organisasies om boere en plaaswerkers brandbestrydingsopleiding te gee.
- ‘n Groeteboodskap van die Nederduitsche Hervormde Kerk word deur dr J (Johan) Nel oorgedra.
- Ds LH (Lé-Roy) Wentink vertel van ‘n projek om hawelose mans van die straat af te kry deur verblyf en werk moontlik te maak.
- Daarna word ‘n video gekyk oor die #*Imagine*-kamp wat jaarliks aangebied word.

Ordevoorstel 1: *Nie goedgekeur nie*

Voorstelling van Kandidate

Die vergadering stem met ’n ordereëling dat die voorgestelde persone vir voorsitter van vergadering hulleself aan die vergadering voorstel in twee minute se tyd.

**Voorsteller:** Dr NS Dicks
**Sekondant:** Ds SF Coetzee

Die vergadering gaan oor tot stemming vir ‘n voorsitter. Ds C Weideman word verkies tot voorsitter van die 55ste Vrystaat Sinode. Hy spreek ‘n woord van dank vir die vertroue in hom gestel. Die vergadering sing Lied 268 as seënbede.

## A2 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

### SAKE VIR GOEDKEURING

**Besluit:** Die Sinode neem kennis van punt 1.

**1. INLEIDING**

**2. SAMESTELLING VAN DIE MODERAMEN 2022-2026**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode**

**2.1** **neem kennis van die samestelling van die Moderamen vir die termyn Maart 2022 tot Junie 2026, en van wysigings wat daarin voorgekom het;**

**2.2** **spreek sy dank uit teenoor alle lede wat in die afgelope termyn in die Moderamen gedien het, met waardering vir hul tyd en aandag aan hierdie opdrag gewy en vir die leiding wat daardeur aan die NG Kerk Vrystaat gegee is;**

**2.3** **verwys aanbevelings oor die samestelling van die Moderamen en die voorgestelde nuwe Reglement vir die Moderamen, vir hantering ná die Verslag oor Visionering; en**

**2.4** **hanteer die aanwysing van lede vir en konstituering van die Moderamen vir die termyn 2026-2030 tydens 'n sessie soos deur die Ontwerpspan bepaal.**

**Besluit:** Die Sinode neem kennis van punte 3 tot 5.4

**3. VERGADERINGS VAN DIE MODERAMEN EN INTERIMKOMITEE**

**4. OPDRAGTE VAN DIE VRYSTAATSE SINODE 2022 AAN DIE MODERAMEN**

**4.1** **Notule van die Sinode 2022**

**4.2** **Twee kerkregtelike kwessies voortspruitend uit die termyn 2017-2022**

**4.3** **NG Welsyn, ENGO en Barmhartigheid**

**4.4** **Skrifgesag**

**4.5** **Belydenisgrondslag**

**4.6** **Terugvoer uit die Tafelgesprek oor Selfdegeslagverbintenisse tydens die 2022-Sinode**

**4.7** **Kerkverband en Artikel 37 van die Kerkorde**

**4.8** **Weerhouding van bydraes vir gesamentlike werksaamhede deur gemeentes wat doleer**

**4.9** **Besluite oor Teologiese Opleiding**

**5. BESINNING OOR EN PROSESSE RAKENDE DIE VERBAND VAN DIE NG KERK VRYSTAAT**

**5.1** **Buitengewone Sinode 2023**

**5.2** **Buitengewone Sinode 2024**

**5.3** **Voortgaande gesprek met gemeentes en ringe, 2023-2026**

**5.4** **Teologies-kategoriale Ring (TKR)**

**5.5** **Gemeentes met kerkregtelike uitdagings**

**Besluit:** *Met leedwese kennis geneem*

Die Sinode

neem met opregte leedwese kennis van die besluite wat deur die kerkrade van die gemeentes Leeuwberg, Kestell, Sasolburg-Tuinedal en Sasolburg-Fakkel, Heilbron-Suid en Bethulie geneem is, om hulself onkerkordelik uit die verband van die NG Kerk Vrystaat los te maak;

*Die vergadering neem kennis van die inligting soos gegee deur die NG Gem Vanstadensrus oor die moeite wat die Kerkraad gedoen het om die saak te beredder.*

**5.6** **'n Hervertolking van die "algemeen sinodale verband" in die NG Kerk**

**Besluit:** *Kennis geneem*

Die Sinode neem kennis van terugvoer oor die Moderamen se hantering van 'n besluit oor die "hervertolking van ons kerkverband", asook van die feit dat daar by die Algemene Sinode Moderamen 'n soortgelyke proses onderweg is met die oog op die Algemene Sinode van 2027, en gee in die lig daarvan geleentheid vir 'n voorstel hieroor deur die IK en STK (Laatstuk ter Sinode).

Ds JAN (Jan) Venter van Clarens spreek 'n woord van dank uit teenoor al die betrokkenes wat deel gehad het in die opstel van bogenoemde verslag.

**5.7** **Beskrywingspunte oor Kerkverband ontvang**

Orde reëling:

Die waarnemende voorsitter besluit dat die vergadering stem oor of daar geleentheid vir bespreking toegelaat gaan word van die beskrywingspunt voordat die Ordemosie 2 aan die orde kom .

Die vergadering wys die orde reëling af, maar die waarnemende voorsitter versoek die sinode om welwillend op te tree om bespreking toe te laat.

Verkiesing van ondervoorsitter.

Eerste stemming: Daar word uitgestem tussen twee kandidate.

Tweede stemming: Geen kandidaat het 'n volstrekte meerderheid nie aangesien te min stemme wat uitgebring is.

Derde stemming: Ds AP (Riaan) van Zyl word verkies as ondervoorsitter. Hy spreek 'n woord van dank vir die vertroue in hom gestel. Die vergadering sing Lied 268 as seënbede.

Ordemosie 2: *Die voorsteller trek punte 1 en 2 terug*

Beskrywingspunte oor Kerkverband ontvang

1. Die Sinode besluit om per geslote brief te stem om al die beskrywingspunte in sake Art 37 nie ter tafel te neem nie en die saak as afgehandel te beskou.
2. Die Sinode het reeds oor hierdie saak gestem, geen nuwe besluite is deur enige sinode intussen geneem wat noodsaak dat daar weer oor hierdie saak gedebatteer en gestem moet word nie.

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die punt word verwys na 'n subkomitee bestaande uit die STK, Interimkomitee, dr NJ Mostert, ds CM James en die indieners van die Beskrywingspunt – Artikel 37, om die vergadering te dien oor 'n gesamentlike voorstel op die laaste dag.**

3. **Die Sinode dra dit aan die nuwe moderamen op om 'n beskrywingspunt aan die ALGEMENE SINODE voor te berei om die Kerkorde in so mate te verander dat dit moontlik sal wees vir n gemeente om uit die verband te tree.**

Voorsteller**:** Dr NJ Mostert
Sekondant**:** Ds CM James

Dr LM (Leon) Foot word verkies as skriba.

Die STK wys dr L (Leon) Oosthuizen aan as Aktuarius.

Ds CM (Charles) James word aangewys as addisionele lid.

V**oorstel:** *Goedgekeur*

**'n Weg tot uittrede vir 'n gemeente**

**Ná 'n proses van opregte luister na mekaar, en omdat die Sinode gekies het, nie vir gewetens-dwang, maar vir 'n welwillende weg vir alle lidmate, leraars en gemeentes, besluit die NG Kerk Vrystaat –**

1) **om, in die lig van die besluite deur die Sinode geneem oor haar eenheid, die soeke na versoening en vrede én oor die hervertolking van die "algemeen sinodale verband" in die NG Kerk (punte 5.5 en 5.6 in die Verslag van die Moderamen, pp 53-56),**
2) **die Sinodale Diens Regte (SDR) en die Moderamen te versoek om opnuut uitvoering te gee aan die besluit van die Buitengewone Sinode 2024 oor voorsiening vir 'n minderheidsgroep of -gemeente wat uit verband met die NG Kerk sou wou tree (5.2.4, pp 49 in die Verslag van die Moderamen) en soos ook uitgedruk in die Beskrywingspunt van die Teologies Kategoriale Ring (TKR, pp 348-349 in Agenda),**
3) **deur 'n kleiner tydelike taakspan aan te wys bestaande uit lede van die Dagbestuur van die Moderamen, die SDK en verteenwoordigers van die TKR, om 'n voorstel hieroor aan die Moderamen te ontwikkel, goed te keur en dit na die**

**Algemene Sinode se Taakspan Regte (ATR) en die Moderamen (Algemene Sinode Moderamen) deur te gee as 'n beskrywingspunt en voorstel tot insluiting in die Kerkorde van die NG Kerk aan die Algemene Sinode in 2027;**

4) **versoek so 'n taakspan en die Moderamen om oorweging te skenk aan voorbeelde van so 'n kerkordelike reëling wat daar in ander gereformeerde kerke mag bestaan; en**

5) **versoek daarom ook die Moderamen om met hernieude ywer voorstelle uit die NG Kerk Vrystaat na die ALGEMENE SINODE MODERAMEN te neem in die proses om die Kerkverbandverslag van 2019 oor hoe ons "kerkverband" verstaan en aan uitdrukking gee, te hervertolk.**

Voorsteller: Ds FUO Ohlhof
Sekondant: Dr NJ Mostert

**Besluit:** *Kennis geneem*

Die Sinode

1) neem kennis dat die Moderamen na die beste van sy vermoë, uitvoering gegee het aan die besluite en opdragte van die 2022-Sinode oor Artikel 37 en ons kerkverband, en aan die begeleiding van alle prosesse wat daaruit voortgevloei het, sowel as die besinning hieroor met alle lidmate en leraars, gemeentes en kerkrade wat die Moderamen hieroor genader het; en

2) ondersteun daarom die gebed van die Moderamen dat daar nou oor hierdie sake, onderlinge welwillendheid, vrede en 'n nuwe visie vir die NG Kerk in die Vrystaat op haar pad voor die aangesig van die Here, sal aanbreek.

Beskrywingspunt NG Gem Harrismith - Artikel 37

**Besluit**: *Nie goedgekeur nie*

1. Die sinode van die Vrystaat, bespreek weer die moontlikheid om deur middel van artikel 37 bande los te maak met die algemene sinode.
2. Die sinode van die Vrystaat stem weer om te besluit of bande met die algemene sinode losgemaak kan word.

**Besluit:** Beskrywingspunt TKR – Artikel 37 *Nie goedgekeur nie*

**Artikel 37**

Die Moderamen het weergegee dat Artikel 37 nie weer op die Sinode kan dien nie. Dit was met die stigting van die Kategoriale Ring een van die brandpunte wat ons graag op die Agenda wou hou van die Vrystaatse Sinode.

Daar is geen kerkregtelike rede hoekom die voorstel van Artikel 37 nie weer op die Sinode kan dien nie. Ons versoek dus dat hierdie Artikel weer moet dien. Ons rig 'n beskrywingspunt vanaf die Kategoriale Ring om weer te stem oor Artikel 37.

Ons is nie oortuig dat die 6 opsies wat gedien het op die Buitengewone Sinode in 2023, regtig oortuigende en praktiese uitvoering gebring het vir die besluit nie. Beswaarde gemeentes is steeds vasgevang. Daar staan in die Notule van die Buitengewone Sinode dat, indien die Algemene Sinode nie by haar mandaat hou nie, die Vrystaatse Sinode sal wegstap.

Die Vrystaatse Sinode het nie weggestap nie, maar eerder gekies om die Algemene Sinode op te roep om te herbesin oor haar mandaat en om self as Vrystaatse Sinode die verhouding met die Algemene Sinode te herdefinieer.

Dit was nie die gewenste uitkoms waarvoor die Vrystaat in haar Buitengewone Sitting in Oktober 2023 gevra het nie. Dus versoek ons dat die beskrywingspunt deurgestuur word na die Agenda van die Vrystaatse Sinode in Junie 2026 om ter tafel te lê dat daar weer oor Artikel 37 gestem moet word.

**Besluit**: *Beskrywingspunt 2 van TKR nie goedgekeur nie*

**BESKRYWINGSPUNT 2**

**VAN: DIE TEOLOGIES-KATEGORIALE RING VAN DIE VRYSTAAT**

Broeders en susters, hierdie beskrywingspunt moet tesame met, maar ook in oorleg met, die eerste beskrywingspunt, gelees word. Sou ons nie kon slaag met 'n Artikel 37 nie, versoek ons die Vrystaatse Sinode om te stem om 'n tweede onafhanklike Sinode, weg van amptelike strukture, te stig, waarby homogene gemeentes kan inskakel.

Hierdie beskrywingspunt moet op sy eie meriete hanteer word. Indien die Sinode nie Artikel 37 goedkeur nie, versoek die Kategoriale Ring in die Vrystaat om in 'n nuwe Sinode vryelik voort te gaan as onafhanklike Sinode.

Die Vrystaatse Sinode kan kies om die sogenaamde 'fundamenteles' los te maak van haar eie strukture. Ons sal dus nie meer 'vasgevang' voel nie. Dit is, na ons mening, 'n 'welwillende weg' waarvoor ons lankal vra.

Die nuwe Sinode sal los staan en vry funksioneer, los van strukture wat groepeer onder die Algemene Sinode.

**Besluit:** *Beskrywingspunt 3 verwys na subkomitee van TKR*

**BESKRYWINGSPUNT 3**

**VAN: DIE TEOLOGIES-KATEGORIALE RING VAN DIE VRYSTAAT**

Geagte broeders en susters. Groete van die Teologies-Kategoriese Ring. Ons stuur graag ‘n beskrywingspunt aan vir die Agenda van die Vrystaatse Sinode in Junie 2026.

**Proses van losmaking**

Broeders en susters, hierdie beskrywingspunt moet tesame met, maar ook in oorleg met, die eerste twee beskrywingspunte, gelees word. Sou ons nie kon slaag met ‘n Artikel 37 of ’n aparte sinode nie, versoek ons die sinode om ’n proses van losmaking goed te keur vir gemeentes wat nie hulle weg oopsien om langer deel van die verband te wees nie.

’n Moontlike proses, wat onder leiding van die STK in samewerking met die kategoriale ring uitgebrei en verfyn kan word kan moontlik soos volg lyk:

Onderskeidingsfase

1. ’n Gemeente erken op een of ander manier aan mekaar dat daar ongelukkigheid met die kerkverband is.
2. ’n Gemeente stuur ’n amptelike skrywe na ’n kerkraadsbesluit aan hulle ring en sinode om kennis te gee dat hulle ’n proses van losmaking wil begin, met redes oor hoekom hulle so stap oorweeg.

Gespreksfase

1. Die ring stuur verteenwoordigers om met die Kerkraad te vergader om hulle te probeer oorreed om te bly.
2. As die kerkraad onbeweeglik bly, word ’n eerste gemeente vergadering gehou om die gemeente in te lig van die proses en redes vir losmaking.
3. Ringsverteenwoordigers kry tydens die vergadering geleentheid om met die gemeente te praat.
4. Die gemeente stem oor losmaking. As die stemming slaag, word ’n tweede vergadering geskeduleer.
5. Die tweede vergadering vind plaas minstens een maand maar hoogstens een jaar ná die eerste. Dit sluit gewoonlik meer gedetailleerde inligting in oor eiendomsake, moontlike aansluiting by ’n ander denominasie, en wat gebeur met lidmaatskap vir dié wat in die NGK wil bly.
6. Die gemeente stem weer oor losmaking. Die meerderheid wat vereis word, word deur die kerkorde bepaal.

Vertrekfase

1. Indien die gemeente nie ’n 100% stem vir losmaking behaal nie, word ’n gesprek gereël met die gemeentelede wat deel van die NGK wil bly.
2. Daar word dan onderhandel vir moontlike opsies vir hierdie lidmate, indien daar bv. twee gemeentes op ’n dorp is kan lidmate na die gemeente oorgaan wat wel deel bly van die NGK.
3. Indien daar nie ’n ander NGK gemeente op die dorp of nabye gebied is nie, moet bates gelyk verdeel word op grond van die % stemme wat verkry is.
4. Indien daar ’n ooreenkoms is tussen die twee groepe in die gemeente gee die ring finale goedkeuring vir losmaking van die gemeente.

Die aandwyding vind plaas en die vergadering verdaag.

**VERLOF**

| Gemeente | Persoon | Vanaf Datum | Tot Datum | Vanaf (tyd) | Tot (tyd) |
|---|---|---|---|---|---|
| Bethlehem – Eureka | RCH Kemp | 08/06 | 10/06 | 14:30 | / |
| Bethlehem – Eureka | C Symington | 08/06 | | 17:15 | |

## DERDE SITTINGSDAG – DINSDAG 8 JUNIE 2026

Die Liturgiese span gaan voor in die opening van die dag deur te lees uit Esegiël 47:7-10.

Daar het 267 afgevaardigdes aangemeld. Die kworum is dus 134 en 'n tweederde meerderheid is 178.

Die Luisterspan gee terugvoer oor die vorige dag se verrigtinge.

Ds J (Jaco) Strydom lei die vergadering in gesprek "Oor wie ons is, Gemeentes / Ekklesiologie". Waarom sukkel ons? Die voordrag word as addendum aangeheg.

Die vergadering verdaag vir die vier werkswinkels, nl Kuratorium, Barmhartigheid, Getuienis en Beter Dorpe en keer terug vir Laatontbyt

Dr NJ Dicks bedank die vorige Interimkomitee vir die leiding van die vergadering tot op hede.

Die uittredende voorsitter oorhandig die stoel aan die nuutverkose voorsitter, ds Christo Weideman. Die nuwe Dagbestuur word op die verhoog verwelkom en die seënbede van die Here word hul toegesing.

Dr J (Jack) Armour, dr M (Martie) Bloem en dr J (Jaco) Deacon lei die gesprek "oor waar ons is/konteks".

Dr Jack Armour gesels oor Landbou in die Vrystaat 2026.

Dr M Bloem, 'n Arbeidsregkundige gesels oor regshulp vir mense wat nie regshulp kan bekostig nie.

Dr J Deacon, Uitvoerende Hoof van FEDSAS oor twee onderwysake.

Video word gewys oor: Die vul van slaggate in Senekal.

Dr NJ (Nico) Mostert stel die volgende persone bekend om groeteboodskappe namens kerke en organisasies oor te dra:

1. Namens die VGKSA Dr L (Langa) Fakase
2. Namens die NGKA Ds C (Clement) Modise
3. Namens die Bybelgenootskap Ds G (Gerhard) Pietersen, nuut aangestelde uitvoerendehoof van die Bybelgenootskap van SA.
4. Groeteboodskap van die Lesotho Evangelical Church in Southern Africa Rev T (Timothy) Makakane word voorgelees.

Video word gewys oor: Aanwending van Silostratfondse ten bate van kosvoorsiening aan bejaardes in Sonskyn Dienssentrum – Bethlehem en Skemervreugde – Paul Roux.

Video word gewys van ds M (Melissa) Jacobs – Wat beteken die aanwending van Silotrat fondse vir die bejaardes van Makakane.

Middagwyding - Esegiël 47: 7-10. Alles sal leef waar die stroom kom.

Gebed word gedoen vir een van die personeellede – Mev C (Celicia) Mclean.

# A2 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

## A2-1 VERSLAG VAN VISIONERING met bybehorende stukke (A2-2 tot A2-8).

### 1. VERSLAG VAN VISIONERING 2019

**Besluit**: *Kennis geneem*.

### 2. OPDRAG TOT VISIONERING AAN DIE 2022-2026 MODERAMEN

**Besluit**: *Kennis geneem*.

### 3. INSIGTE RAKENDE DIE KONTEKS VAN DIE VRYSTAAT, EN DIE NG KERK VRYSTAAT DAARBINNE

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die Sinode**

1. **neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor die konteks vir ons kerkwees in die Vrystaat uitgewys is;**
2. **neem kennis dat daar ook ander sake is waaroor die NG Kerk Vrystaat verder sal moet dink, rakende haar konteks, en verwys dit daarom na tafelgesprekke tydens hierdie sinodesitting en as 'n opdrag aan die Moderamen in die algemeen en sinodale bedieninge in besonder, vir die nuwe termyn, te wete –**
   - **die impak van klimaatsveranderinge in die Vrystaat op voedselproduksie, drinkwater vir mens en dier, en volhoubare lewenskwaliteit in hierdie streek;**
   - **die impak van gebrekkige tot geen dienslewering deur plaaslike- en provinsiale regering in die Vrystaat, en die verwoestende gevolge van endemiese korrupsie vir die lewens van gewone Vrystaters;**
   - **die ineenstorting van mediese sorg in die Vrystaat, veral in die publieke sektor, en hoe die gevolge daarvan uitkring en die welsyn van alle inwoners van die Vrystaat raak;**
   - **die nood van jongmense in die Vrystaat, in onderwys én opvoeding, én ten opsigte van 'n stygende jeugwerkloosheid onder alle bevolkingsgroepe in die provinsie, en die gevolglike migrasie van (geskoolde) jongmense uit die Vrystaat; en**
   - **die onbekende, onvoorsiene gevolge van kunsmatige intelligensie in onderwys en opleiding (ook in die teologie), die bediening van gemeentes en in ons kerkverband, én in die breër sosiale kohesie en welsyn van Vrystaatse gemeenskappe;**
3. **bevestig dat die Sinode self, 'n uitdrukking is van die verband tussen gemeentes, en dus ter wille van gemeentes en ter wille van gemeentes se getuienis in hul kontekste bestaan – en nie andersom – en daarom behoort gemeentelike bediening 'n prioriteit van die NG Kerk Vrystaat te wees en te bly.**

### 4. INSIGTE RAKENDE RINGE IN DIE NG KERK VRYSTAAT

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die Sinode**

1. **neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor Ringe in die NG Kerk Vrystaat gedeel is, en van voorstelle oor die toekomstige funksionering van Ringe;**
2. **bevestig die strategiese belang van Ringe en ringskommissies in leierskap en die versorging van kerklike bediening veral waar dit vir gemeentes 'n uitdaging geword het;**
3. **skep daarom ruimte tydens die sinodesitting, vir twee ringswerkswinkels en in die bespreking van die Verslag van Bedieningsbegeleiding om oor die rol, samestelling en funksionering van Ringe gesprek te voer en om strategiese besluite oor die weg vorentoe te kan neem.**

### 5. INSIGTE RAKENDE DIE MODERAMEN VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die Sinode**

1. **neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor die Moderamen, sy rol, samestelling en funksionering gedeel is, sowel as van die feit dat daar nie in die beskikbare tyd tot 'n finale konsensus oor alle aspekte hiervan bereik kon word nie;**

2. **aanvaar dat die beredenering oor die rol en samestelling van die Moderamen, as motivering dien vir voorstelle ter wysiging van die Reglement van die Moderamen, en óók die bedoeling, raamwerk en riglyne vir die funksionering van die Moderamen uitspel;**
3. **verwys voorstelle oor 'n nuwe Reglement vir die Moderamen en aanbevelings van die (huidige) STK daaroor, na die hantering van die STK se verslag oor reglemente, wat tydens die eerste sessie en later weer, deur die Sinode oorweeg sal word;**
4. **en voorsien die Sinode dat daar ná die goedkeuring van hierdie beginsels, 'n verdere proses van oorleg en praktiese implementering in die nuwe Moderamen sal plaasvind, waarin al die bedieninge en dienste van die Sinode, volledige inspraak sal hê ten einde die toekomstige fokus en funksionering van ons sinodale struktuur en die NG Kerk Vrystaat as verband en in geheel, deursigtig en effektief te kan bestuur.**

## 6. INSIGTE RAKENDE DIE SINODALE BEDIENINGE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

**Besluit**: Goedgekeur

**Die Sinode**

- **neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor die onderskeie sinodale bedieninge gedeel is; en**
- **gee goedkeuring daaraan dat aanbevelings rakende die sinodale bedieninge van die NG Kerk Vrystaat, vir implementering na die onderskeie bedieningsrade, die Sinodale Kerkkantoor en die nuwe Moderamen verwys word.**

## 7. VISUALISERING EN PROSES, 2026 EN VERDER

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die Sinode aanvaar hiermee die Verslag van die Visioneringspan, en dra dit aan die Moderamen 2026-2030 op om verder met die insigte en uitkomste van hierdie proses, te handel.**

| |
|---|
| **REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN** |
| **Amendement**: *Nie goedgekeur nie* |
| Skrap 3.3.1, 3.3.2, 3.3.3 en 3.3.4 |
| Voorsteller: Dr NJ Mostert |
| Sekondant: Ds TC du Toit |

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die Reglement vir die Moderamen is as geheel goedgekeur nadat wysigings aangebring is.**

**A2 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN (VERVOLG)**

**7. ALGEMENE OPDRAGTE EN WERKSAAMHEDE, EN NUWE SAKE**

**Besluit**: Die Sinode neem kennis van punte 7.1 tot 7.6

**7.1 Identiteit van die NG Kerk Vrystaat**

**7.2 Publieke Getuienis, ekumene en verteenwoordiging van die NG Kerk Vrystaat**

**7.3 Gemeentes, ringe, predikante en opleiding**

**7.4 Kommunikasie**

**7.5 Visionering en gesprekke oor fasiliteite en eiendomme van die NG Kerk Vrystaat**

**7.6 Verslae van Sinodale Bedieninge, en ondersteuning aan hul werksaamhede**

**8. BESKRYWINGSPUNT: NG KERK BERG-EN-DAL**

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Die Sinode ontvang die beskrywingspunt van die NG Gem Berg-en-Dal, gee geleentheid aan die afgevaardigdes van Berg-en-Dal-gemeente om hul versoek te motiveer, gee geleentheid vir bespreking indien nodig, en verwys die beskrywingspunt dan na die Sinodale Diens vir Navorsing.**

**9. SLOT**

**Besluit**: *Kennis geneem*

Die uittredende voorsitter van die sinode, ds JJ Lubbe lewer ’n kort afskeidsboodskap. Die huidige voorsitter doen ’n gebed waarin hy ds Lubbe opdra aan die genade van die Here en die sinode sing vir hom Lied 268.

## B1 INLEIDENDE VERSLAG VAN BEDIENINGSBEGELEIDING

**1. INLEIDING: DIE NG KERK VRYSTAAT – ANDERS**

**Besluit 1**: *Kennis geneem*

**1.1 ANDERS – HIER VANWAAR DIE WATER MOET STROOM**

**1.1.1 Lidmaatgetalle**

**1.1.2 Ouderdom van lidmate**

**1.1.3 Groottes van gemeentes**

**1.1.4 Predikante**

**1.2 ANDERS – DAAR WAARHEEN DIE WATER VLOEI**

**1.2.1 'n Sekulêre wêreld?**

**1.2.2 Kerk of Koninkryk?**

**1.2.3 Ter wille van sy nie-lede**

Die besprekingsvrae. (Staan oor tot by Aanbeveling 6)

**2. PERSONEEL**

**3. BESTUUR**

**4. BEGROTING**

**5. NETWERKE**

**5.1 KLEIN GEMEENTES**

**Besluite 2-5**: Goedgekeur

2. **Die sinode moedig leraars en gemeentes aan om in te skakel by *In Pas* se oefengemeenskappe.**
3. **Die sinode moedig gemeentes en ringe aan om die dokumente *Handevat-gemeentes* te gebruik vir beplanning oor moontlike samewerking tussen gemeentes.**
4. **Die sinode moedig klein gemeentes om deeglik kennis te neem van die dokument *Wanneer klein gemeentes diep spore trap.***

**Besluit 6**: *Kennis geneem*

6. Die sinode gaan oor tot bespreking van die vrae hieronder.

**5.2 PREDIKANTE**

**5.2.1 Sentrum vir Predikantebegeleiding**

**Besluite 7**: *Goedgekeur*

7. **Die Sinode besluit dat gemeentes dit vir hulle leraar(s) moontlik moet maak, en hulle aan te moedig, om ’n *Sentrum vir Predikantebegeleiding* by te woon.**

**5.2.2 Tekort aan predikante**

**Besluit 8**: *Goedgekeur*

8. **Die Sinode versoek alle gemeentes om lidmate met die nodige gawes te werf vir die verskillende bane van opleiding (leraars, diensleraars en bedienaars). Gemeentes word ook gevra om, saam met die ring, ’n finansiële bydrae te maak tot hierdie opleiding.**

**Voorstel**: *Verwys na Bediening vir Opleiding*

**Voorstel aan die Vrystaat Sinode: Werwing van Teologiese Studente**

**Die Vrystaat Sinode gee aan die Seminarium opdrag om 'n gestruktureerde werwingsprojek te loods met die doel om Gereformeerde hoërskool-leerders binne die Vrystaat, Noord-Kaap en omliggende gebiede te identifiseer, te besoek en in te lig oor moontlike roepingsgeleenthede binne die kerkverband.**

**Tydens hierdie besoeke moet inligting verskaf word oor:**

1. **Teologiese studierigtings en opleidings-moontlikhede.**
2. **Beskikbare befondsing, beurse en opleidings-moontlikhede**
3. **Beroeps- en bedieningsmoontlikhede binne die Gereformeerde Kerke.**

**Die projek moet daarop gemik wees om:**

- **Ten minste vyf potensiële aansoekers per skool te bereik en te begelei.**
- **Jaarliks tussen 20 en 30 aansoeke vir teologiese studie te stimuleer.**

**Die Seminarium rapporteer jaarliks aan die Sinode oor:**

- **Die skole wat besoek is.**
- **Die aantal leerders wat bereik is.**
- **Die aantal aansoeke wat uit die projek voortgespruit het.**
- **Die algemene sukses en uitdagings van die projek.**

**Taakspan**

**Die werwingsprojek word deur 'n taakspan bestuur wat bestaan uit:**

- **Een verteenwoordiger van die Seminarium.**
- **Een verteenwoordiger van die Universiteit van die Vrystaat.**
- **Een huidige teologiese student.**
- **'n Kontakonderwyser by elke deelnemende skool om besoeke en ontmoetings te fasiliteer.**

**Skole**

**Voorbeelde van skole wat by die projek ingesluit kan word, sluit onder andere in:**

- **Bloemfontein en omgewing**
- **Hoërskool Fichardtpark**
- **Eunice High School**
- **Hoërskool Jim Fouché**
- **Hoërskool Sentraal**
- **Ander toepaslike skole in Bloemfontein en omliggende dorpe**

**Kimberley en omgewing**

- **Hoërskool Diamantveld**
- **Hoërskool Adamantia**

**Ander toepaslike skole in die Vrystaat en omliggende dorpe**

**Die taakspan kry die opdrag om verdere skole in omliggende dorpe te identifiseer waar Gereformeerde leerders moontlik bereik kan word.**

**Motivering**

**Die Gereformeerde Kerke het 'n voortdurende behoefte aan goed opgeleide predikante en kerkwerkers. Baie jongmense is nie bewus van die beskikbare studierigtings, finansiële ondersteuning of beroepsgeleenthede binne die kerkverband nie. Deur doelgerigte werwing en blootstelling op hoërskoolvlak kan potensiële studente aangemoedig word om hul roeping te ondersoek en te oorweeg om teologiese opleiding te volg.**

**Hierdie projek sal die sigbaarheid van die Seminarium verhoog, potensiële studente ondersteun en bydra tot die volhoubare ontwikkeling van die bediening in die Gereformeerde Kerke.**

Voorsteller: Oudl JD van Niekerk
Sekondant: Ds CJ vd L Fourie

**5.2.3 Brugleraars**

**Besluit:** *Kennis geneem*

**5.2.4 Welweseprogram vir leraars**

**Voorstel**: *Goedgekeur*

Die Sinode gee opdrag aan die predikante-netwerk om die welwese program te implementeer en predikante se welwese 'n prioriteit te maak. Ondersoek die moontlikheid om dit 'n volwaardige netwerk in eie reg te maak. [As VBO punte daaraan gekoppel kan word, sal dit wonderlik wees.]

Voorsteller: Dr C Nel
Sekondant: Dr LM Foot

**5.2.5 Dissipelskap**

**Besluit 9**: *Goedgekeur*

9. **Die sinode neem kennis van *<u>Dissipels maak dissipels</u>* en moedig predikante aan om die opleiding by te woon en te gebruik in hul bediening**

**5.3 SPIRITUALITEITSNETWERK**

**5.3.1 Retraites en ander**

**Besluite 10 en 11**: *Goedgekeur*

10. **Die sinode moedig leraars aan om van die dienste van die Spiritualiteitsnetwerk gebruik te maak.**
11. **Die sinode nooi leraars om hulleself aan te meld vir opleiding as spirituele begeleiers.**

**5.3.2 Ontmoeting met Heiliges**

**Besluit 9**: *Kennis geneem*

**5.4 VBO**

**5.4.1 Voortgaande ontwikkeling van VBO**

**Voorstel**: *Goedgekeur*

Bybelonderrig in skole

Die Sinode doen 'n beroep aan leraars en kerkraadslede om die plaaslike skoolhoof te gaan sien vir 'n Bybelonderrig periode.

Voorsteller: Oudl JF Taylor
Sekondant: Ds DE Bubb

**5.4.2 Didasko**

**Besluite 12-14**: *Goedgekeur*

**12a. Die Sinode spreek sy diepe kommer uit oor die min leraars wat oor die afgelope drie jaar voldoende VBO punte verwerf het soos deur die Kerkorde bepaal.**

**12b. Die Sinode besluit dat – omdat ons lief is vir die Here en vir die Kerk en graag die heel beste toegeruste leraars in gemeentes wil sien werk – leraars jaarliks teenoor hulle ring verantwoording moet doen oor hulle VBO punte.**

**12c. Die Sinode herinner kerkrade daaraan dat hulle moet toesien dat leraars in hulle diens, jaarliks voldoende VBO-geleenthede bywoon en doen 'n beroep op gemeentes om te begroot vir hulle leraar(s) vir VBO geleenthede.**

**13. Die Sinode herinner ringe daaraan dat hulle moet toesien dat gemeentes hulle verantwoordelikheid nakom ten opsite van hulle leraar(s) se VBO-geleenthede.**

**14. Die Sinode wens ds C (Cobus) Hamman geluk met sy aanwysing as ondervoorsitter van die Algemene Sinodale Taakspan vir VBO.**

**5.5 GERONTOLOGIE**

**5.6 EREDIENS**

**5.7 JONK VRYSTAAT**

**5.7.1 Kategese**

**Besluit:** Kennis geneem van punte 5.5 - 5.7.1

**5.7.2 #Imagine**

**Voorstel**: *Goedgekeur*

**Die Sinode gee opdrag aan die JONK Netwerk om gemeentes te ondersteun in hul kinderbediening en jong volwasse bediening. Dankie vir wat reeds vir tieners gedoen word, maar vra dat die totale jeugbediening onder oë sal kom en die Vrystaatse gemeentes daarin sal toerus, begelei en ondersteun.**

Voorsteller: Dr C Nel
Sekondant: Dr LM Foot

**5.8 LEIERSKAP**

**5.8.1 VLOEI – Vrystaatse Leiers: Opleiding En Integrasie**

**Besluit 15**: *Goedgekeur*

**15. Die Sinode spreek sy hartlike steun uit vir die VLOEI-projek wat die leierskap van jong leraars ontwikkel.**

**5.9 DIGITALE BEDIENING**

**5.10 NAVORSING**

**5.11 GDN**

**5.12 MEDIATEEK**

**Besluit:** Kennis geneem van punte 5.9-5.12

**6. GOUF**

**Besluit: 16**: *Goedgekeur*

**16. Die Sinode versoek Bedieningsbegeleiding om saam met die GOUF-komitee die wyse van befondsing van gemeentes te herondersoek in die lig van veranderende omstandighede.**

**7. KURATORIUM**

**Besluit 17**: *Staan oor*

17. Die sinode besluit dat Opleiding as ʼn aparte Bediening van die NG Kerk Vrystaat moet funksioneer sonder ekstra finansiële implikasies. Die sinode dra dit aan Bedieningsbegeleiding op om saam met die Seminarium-bestuurder en die Kuratorium die huidige begroting te verdeel, die praktyk van opleiding uit te klaar, en om ʼn toepaslike Reglement te skryf.

**8. RINGE**

**8.1 Navorsing**

**8.2 Fondse vir Ringsprojekte**

**Besluit 18**: *Staan oor*

18. Die sinode bring hierdie projek (Fondse vir Ringsprojekte) weer onder die aandag van die afgevaardigdes en nooi hulle om hiervan gebruik te maak.

**8.3 Indeling**

**Besluit 19**: *Goedgekeur*

**19. Die sinode versoek ringskommissies om in gesprek te tree met aangrensende ringe om weer te kyk na die indeling van die gemeentes.**

**Die sinode dra dit aan die Moderamen op om hierdie versoeke vir herindeling te hanteer en af te handel voor die einde van 2027.**

**8.4 Opleiding van Ringskommissies**

**Besluit 20**: *Staan oor*

20. Die sinode versoek Bedieningsbegeleiding om via die Moderamen die terugvoer van die tafelgesprek oor ringe te verwerk in 'n opdrag aan die nuwe Ringskommissies.

**Besluit 21-24**: *Goedgekeur na wysiging*

**21. Die sinode versoek ringe om jaarliks die PSD's te nooi om die afgevaardigdes te kom inlig oor die werk wat gedoen word, om saam te besin oor die uitdagings, en om genoeg tyd hiervoor vir hulle toe te staan.**

**22. Die sinode versoek ringe om moeite doen om geleenthede te reël om onderlinge verhoudings tussen leraars te bevorder.**

**23. Die sinode versoek ringe om daadwerklik te besin oor die toekoms van die bediening in die ringsresort.**

**24. Die sinode versoek dat alle ringsittings so ver moontlik voor die einde van die tweede kwartaal gehou moet word. (Wysiging van Artikel 29).**

**Besluit 25:** *Staan oor*

25. Die sinode besluit dat Ringskommissies vir 'n tydperk van vier jaar aangewys word. (Wysiging van Artikel 31.10)

**Besluit 26:** *Goedgekeur*

**26. Die sinode wys ringe daarop dat hulle jaarliks moet toesien dat die ringsleraars hulle vereiste VBO punte moet kry. (Artikel 31)**

**Besluit 27**: *Goedgekeur*

**27. Die sinode besluit dat 'n beskrywingspunt vir die Algemene Sinode voorberei moet word wat vra dat die pligte van die predikant uitgebrei word om aan te dui dat die predikant ook verantwoordelikheid moet neem vir die mentorskap aan diensleraars en bedienaars in die gemeente en in die ring. (Artikel 9.5)**

**Besluit 28:** *Goedgekeur*

**28. Die sinode besluit dat die NG Kerk Vrystaat voortaan die term "hulpleraar" sal gebruik, eerder as "diensleraar". (Artikel 4.1.1)**

**Besluit 29:** *Goedgekeur*

**29. Die sinode keur die samestelling van die Raad vir Bedieningsbegeleiding goed.**

**Ds C (Christo) Nel (Fasilitering) (Voorsitter)**
**Ds A (André Barlow) (Predikante)**
**Dr L (Louwrens) Scheepers (Spiritualiteit)**
**Ds C (Cobus) Hamman (VBO)**
**Dr SC (Suzanne) van der Merwe (Erediens)**
**Ds CM (Charles) James (VLOEI)**
**Dr RJ (Roelf) Pienaar (Klein Gemeentes)**
**Ds WH (Rikus) van Zyl (Klein Gemeentes)**
**Ds J (Jors) Reynders (Gerontologie)**
**Ds J (John) Matthews (JONK)**
**Prof WJ (Kobus) Schoeman (Navorsing)**
**Mev E-A (Ellen-Anne) Swart (Gemeentes)**
**Ds GM (Lunette) Basson (Ekologie)**

**Die PSD: Bedieningsbegeleiding en die Administratiewe beampte, asook die PSD's vir Ondersteuning, Diens van Barmhartigheid, en Vennote in Getuienis is ex officio deel van die Raad. Die Raad het die reg om verdere lede te koöpteer.**

Die sinode verdaag vir aandete nadat ds JH (Rikus) Hattingh 'n tafelgebed gedoen het.

Video word gewys: Die roepingsverhaal van die student Polo Masilo.

Ds CM James doen 'n gebed vir ds F (Fritz Kotzè) wie se dogter in die hospitaal opgeneem is.

Ds W van Velden van Bloemfontein-Wes gemeente doen 'n skouspel vir die sinode.

## B BEGELEIDINGSBEDIENING

## B2 LAATVERSLAG OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

**Besluit**: Die Sinode neem kennis van punte 1-7.3

*"Moet jou nie ontstel,...*
*moenie afgunstig wees...*
*Vertrou op die Here*
*en doen die goeie,*
*bewoon die land,*
*en waak oor betroubaarheid.*
*Vind jou vreugde in die Here."*
(Psalm 37)

Teologiese Opleiding vir die NG Kerk Vrystaat, deur die NG Kerk Vrystaat, is vanjaar – 2026 – vyf-en-veertig jaar oud. Op 4 Februarie 1981 het die Fakulteit Teologie amptelik aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein geopen. Toe die Vrystaatse Sinode drie jaar tevore, in Oktober 1978, tot die besluit gekom het om hier in vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat 'n eie teologiese fakulteit op te rig, het die Sinode Psalm 37 gelees – die "vertrou" en "doen" en "bewoon" en "waak oor betroubaarheid" – en die bekende Psalm 146 gesing, 'n loflied. Dit was tyd om te begin: *"Vertrou jou lewenspad aan die Here toe..."* (Psalm 37:5).

In der waarheid, egter, was dit reeds in 1884 dat die Kerkraad van die gemeente Harrismith die vraag aan die Vrystaatse Sinode gestel het: "Is de tijd nie reeds gekomen om plannen te beramen tot het oprichting van een Seminarie of Kweekschool in den Oranje-Vrijstaat tot opleiding der aanstaande Evangeliedienaars?" In daardie jaar was daar 13 studente uit die Vrystaat wat aan die Seminarium in Stellenbosch besig was met hul teologiese opleiding, en van die 27 Vrystaatse gemeentes, was 6 sonder 'n eie leraar. Sestig jaar later, toe daar 'n volwaardige BA Admissiegraad aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (UKOVS) aangebied is, met Hebreeus en Grieks, was hier 37 studente wat hul voorberei het om daarná, na Stellenbosch of Pretoria vir hul "Kweekskooljare" te vertrek. En in 1981, open die Fakulteit Teologie aan die UOVS met 6 dosente en 30 studente – almal van die NG Kerk – vir die graad *Baccalaureus Theologica* (BTh). Almal mans, almal blank. In die volgende vyf-en-veertig jaar, sou 510 studente hier hul volle ses jaar teologiese opleiding voltooi, en as proponente vir die NG Kerk gelegitimeer word; dit was ongeveer 11 per jaar.

Binne 'n paar jaar het die eerste veranderinge in hierdie projek van die NG Kerk Vrystaat begin kom, die eerste vroue studente. 'n Dekade later, die eerste swart studente, uit die NG Kerk in Afrika, toe die opleiding wat óók deur die Vrystaatse Kerk by Witsieshoek begin is, na Bloemfontein verskuif het. Die eerste teologie dosent van die NG Kerk in Afrika aan die Fakulteit, dr Dawid Keta. Saam met die veranderinge in die landskap van Hoër Onderwys het 'n bewussyn gegroei oor "ons Fakulteit": Van 'n tyd toe "die Kerk" tot 'n groot mate beheer oor die Fakulteit gehad het (alle dosente, alle studente, die volle kurrikulum, eindeksamens én legitimasie) – ongeveer 1981 tot 1999; deur 'n tyd toe, terwyl die konteks in die land, stad en aan die UOVS al meer verander het, dekane en dosente van die Fakulteit 'n groot invloed in die NG Kerk gehad het en daarmee die versekering gegee het "ons opleiding" staan sterk (± 1999-2013); na 'n tyd waarin "die Kerk" meer en meer moes innoveer om haar eie posisie te vind, as selfstandige rolspeler in teologiese opleiding by 'n ekumeniese fakulteit aan 'n publieke universiteit, wat in sentraal Suid-Afrika relevansie en uitnemendheid in onderrig en navorsing wil nastreef.

By hierdie oorgange, twee keer, het die ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat (NGK VS) en die Universiteit van die Vrystaat (UV) verander. Waarskynlik die mees betekenisvolle van hierdie veranderinge, was die totstandkoming van die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat in 2016, tien jaar gelede – 'n jong, maar trotse instelling van ons kerkverband.




Wie hierdie eb en vloed van vyf-en-veertig jaar se teologiese opleiding vir die NG Kerk Vrystaat onthou, onthou ook die gesigte en name van kollegas en klasmaats. Vanjaar – in 2026 – dra ons daarom hierdie Verslag van die Kuratorium aan die Sinode, aan vier voorgangers en 'n studentevriend op; vier dosente wat sedert die vorige sinodesitting afgetree het, in dankbare herinnering aan hulle en hul nalatenskap; en een jong dominee, wie se heengaan ons diep bedroef laat:

Ruan Janse van Rensburg (1995-2026)
Gelegitimeer: November 2019





Proff. Rian Venter (2022), Jan-Albert van den Berg (2025), Kobus Schoeman (2025) en Francois Tolmie (2024)

Wanneer teologiese opleiding geweeg word – soos wat die verantwoordelikheid van ’n Sinode en Kuratorium ís – is dit voor die handliggend om na die uitkomste van daardie opleiding te kyk, wat in hierdie geval, mense is; geroepenes, geskool in die teologie en gevorm deur kerklike begeleiding, en uiteindelik gelegitimeer vir ’n bediening in die NG Kerkfamilie.

Wie is hulle?

## 1. GEROEP, GEVORM, GESTUUR – 2019 TOT 2025

Die volgende kandidate is in 2019 en die afgelope sewe jaar, vir ’n bediening met volle bevoegdheid in die NG Kerk opgelei, òf soos anders aangedui:

**2019**:

| | | |
|---|---|---|
| Bornman, Hané | Proponent; in pastorale diens & praktyk | |
| Engelbrecht, Stefan | Proponent | |
| Janse van Rensburg, Ruan | NG Gem Sonstraal, uit bediening [Oorlede: 18/5/2026] | |
| Jonker, Francois | NG Gem Bospoort, Heidelberg | (Hoëveld) |
| Mahabeer, Zilke | NG Gem Universitas, Krantzkloof | (KZN) |
| Schoeman, Stefan | NG Gem Prieska, Theunissen | |
| Swanepoel, Danell | NG Gem Jacobsdal | |
| Venter, Henco | Professionele rugbyspeler (Sharks) | |
| Wheeler, Chris | NG Gem De la Bat, Bellville-Vallei | (W-Kaap) |

**2020**:

| | | |
|---|---|---|
| Els/Potgieter, Adrie | NG Gem  Senekal-Noord | |
| Els, JC | NG Gem Bergville, De Mist (Uitenhage) | (O-Kaap) |
| Viljoen/Mathewson, Charné | NG Gem Pellissier, Grootbrak | (W-Kaap) |

**2021**:

| | | |
|---|---|---|
| Allen, Dylan | NG Gem Bothaville | |
| Basson, Domonic | NG Gem St Helena (Welkom) | |
| Beets, Willie | NG Gem Odendaalsrus / Allanridge | |
| De Jongh, Danie | NG Gem De Duin (PE), Secunda-Oos | (Hoëveld) |
| Du Toit, Frans | NG Gem Hoopstad | |
| Gottschalk, Ernst | NG Gem Hluhluwe, uit bediening | |
| Sanders, Anika | Proponent (Lutherse Kerk) | |
| Visser/Basson, Lunette | NG Gem Theunissen-Wes | |

Ná Colloquium Doctum –

| | |
|---|---|
| Kruger, Eddie | NG Gem Amsterdam, Merrivale (Pietermaritzburg) |
| Wessels, Wessel | Proponent |

Diensleraars –

| | |
|---|---|
| Du Preez, Dirk | NG Gem Deneysville |
| Else, Jacques | NG Gem Estoire |

| | | |
|---|---|---|
| Matthews, John | NG Gem Vier Ankers (Sasolburg), Heuwelsig (Bloemfontein) | |
| Meyer, Juanita | Fakulteit Teologie & Religie, NG Gem Waterbron (2026) | |

<u>Bedienaars: Erediensbevoegdheid</u>

| | | |
|---|---|---|
| Delport, Piet | NG Gem Bedelia (Virginia) | |
| Nel, Hannetjie | NG Gem Riebeeckstad, Wesselsbron | |
| Van der Walt, Henk | NG Gem Harmonie (Virginia) | |
| Wentink, Le-Roy | NG Gem Riebeeckstad-Erfdeel | |

**2022**:

| | | |
|---|---|---|
| De Jongh, Trunette | NG Gem De Mist (Uitenhage), Secunda-Oos | (Hoëveld) |
| Foulds/Els, Monozel | NG Gem Bergville, De Mist (Uitenhage) | (O-Kaap) |
| Hurter, Janke | NG Gem Berg-en-Dal (Bloemfontein) | |
| Muller, Niel | NG Gem Aliwal-Noord | (O-Kaap) |
| Wessels, René | NG Gem Virginia | |

<u>Ná Colloquium Doctum</u>

| | | |
|---|---|---|
| Bezuidehout, Johan | NG Gem Wakkerstroom, Springs-Noord | (Oostelike) |

<u>Diensleraars</u>

| | | |
|---|---|---|
| Botha, Riëtte | NG Gem Universitas-Wes, Elliot | (O-Kaap) |
| Maritz, Marelize | Proponent | |
| Senekal-Van der Berg, Elrika | SA Bybelgenootskap, NG Gem Hospitaalpark (Bloemfontein) | |

**2023**:

| | | |
|---|---|---|
| Jacobs, Anton | NG Gem Lindley & Arlington | |
| Opperman/Jacobs, Melissa | NG Gem Lindley & Arlington | |
| Swart, Stephan | NG Gem Betlehem-Efrata, Calvinia | (W-Kaap) |

<u>Diensleraars</u>

| | | |
|---|---|---|
| Fourie, Hester | Proponent | |
| Maartens, Adriaan | Proponent | (Oostelike) |
| Smith, Jackie | Proponent | |

<u>Bedienaars: Erediensbevoegdheid</u>

| | | |
|---|---|---|
| Du Preez, Annelize | NG Gem Jacobsdal | |
| Erasmus, Kleintjie | NG Gem Theunissen | |
| Grobbelaar, Christine | NG Gem Tromspurg & Jacobsdal | |
| Schroeder, Leon | NG Gem Thaba Nchu & Tweespruit | |

**2024:**

<u>Ná Colloquium Doctum</u>

| | | |
|---|---|---|
| Ellis, Izanne | NG Gem Vaalwater | (Noordelike) |
| Scholtz, Zak | NG Gem Woodlands (Bloemfontein) | |

<u>Diensleraars</u> –

| | | |
|---|---|---|
| Bekker, Izak | Proponent | (Goudland) |
| O'Connor, John | NG Gem Ladybrand | |

<u>Bedienaars: Erediensbevoegdheid</u>

| | | |
|---|---|---|
| Mclaren, Heidi | NG Gem Bedelia (Virginia) | |
| Nieuwoudt, Andreas | NG Gem Pellissier, Ooshoek, Tweetoringkerk (Bloemfontein) | |
| Van den Berg, Lulu | NG Gem Dealesville | |

**2025**:

| | | |
|---|---|---|
| Smith, Jackie | Proponent | |

<u>Ná Colloquium Doctum</u>

| | | |
|---|---|---|
| Coetzee, Stefan | Proponent | |
| Kotze, Flippie | NG Gem Ohrigstad | (Oostelike) |

<u>Diensleraar</u> –

Wentink, Le-Roy NG Gem Riebeeckstad-Erfdeel

Uit hierdie 59 kandidate wat deur die Seminarium van die NGK VS vir die bediening opgelei is, was daar dus ...

35 met volle bevoegdheid

13 met beperkte bevoegdheid (diensleraars, toegespitste bediening, adres gemeente of ring)

11 met erediensbevoegdheid (bedienaars, ouderlinge)

Dit beteken 'n gemiddeld van ± 8 kandidate vir gemeentelike bediening per jaar.

Dit is ook belangrik om op te merk dat van die 35 kandidate met volle bevoegdheid, daar 15 in gemeentes in die NG Kerk Vrystaat beroep en bevestig is, en tans (steeds) dien; van die ander 20 is drie met verdere studie besig, en 17 (48%) in gemeentes in ander sinodes in die land bevestig.

Om hierdie terugvoer oor die uitkomste van die teologiese opleiding van die NG Kerk Vrystaat nóg beter te verstaan, is dit nodig om oor die werklikheid van teologiese opleiding vandag in hierdie sentrale deel van die land, die volgende te weet...

## 2. TIEN DINGE OM TE WEET OOR DIE NG KERK VRYSTAAT SE TEOLOGIESE OPLEIDING

*A. Teologiese opleiding is vir die NG Kerk Vrystaat 'n <u>kerklike saak</u>.*

Vir 'n kerkverband wat gemeentelike bediening en 'n omvattende getuienisroeping in haar konteks vooropstel, is die akademiese opleiding en kerklike vorming van haar bedienaars van die Woord, 'n absolute prioriteit. Teologiese opleiding lê in die hart van 'n missionale kerk. Vandaar dié hegte band tussen kerk en opleiding, tussen identiteit en inhoud, lering en die leef met mekaar en tussen ander: Haar belydenis, karakter en bediening gee vorm aan haar opleiding; en haar opleiding verdiep en vernuwe altyd weer die uitdrukking van haar belydenis, karakter en bediening in elke nuwe generasie en tydvak. Deur die meer as 142 jaar sedert die eerste sinodegesprek hieroor, was die NGK VS oortuig dat (haar) teologiese opleiding in 'n gereformeerd-evangeliese gees aangebied moet word; dit is, vanuit die Skrif geïnspireer, gevorm en gerig deur haar belydenisgrondslag, met 'n sterk gemeentelike fokus, en eietyds, akademies verantwoord.

*B. Teologiese opleiding is vir die NG Kerk Vrystaat 'n <u>lewenslange vorming van geroepenes</u>, wat in hul jeugjare òf later kon begin, wat deur verskillende fases in bediening ontplooi en wat slegs deur Hom wat roep, tot voltooiing gebring kan word.*

Dit is daarom nodig dat die NGK VS aan haarself as 'n leergemeenskap begin dink – "it takes a whole village to raise a theologian", by wyse van spreke. Dit is uit hierdie 149 gemeentes dat die Here deur sy Gees steeds gelowiges roep tot die bediening van sy Woord, sakramente, gebed en pastorale sorg vir die toekoms van die NGK VS én hulle rondom ons kerkverband, in hierdie sentrale landstreek. Dit is daarom nodig dat gemeentes en leraars hulself sal afvra wat in hul prediking en kategese gebeur, en of dié roepstem van God daarin gehoor sou kón word; dat daar in die gemeentelike bediening 'n bewusmaking van en aanmoediging tot teologiese opleiding sal geskied. Dit is verder nodig dat daar 'n verband gesien sal word tussen die aanmelding van 'n student vanuit so sturende gemeente, by die Kuratorium vir opleiding, en sy of haar legitimasie na 2 of 4 of 6 jaar (afhangende van die betrokke bevoegdheid) deur daardie Kuratorium. Dit is nodig dat gelegitimeerdes sal insien dat die kerklike- en akademiese opleiding wat hul vóór legitimasie ontvang het, ná legitimasie en in hul eerste bedieningsjare verder deur kerklike induksie- en jongleraarsprogramme gekontekstualiseer en geslyp word. Dit is nodig dat daar sinodaal groter klem gelê sal word op die voortgaande ontwikkeling van leraars deur VBO-programme wat al ses klassieke teologiese dissiplines verdiep en verfris, asook aktuele temas in die kerklike bediening en -omgewing toelig. Die NGK VS lei te lank al in hierdie opsig aan bloedarmoede.

*C. Teologiese opleiding deur die NG Kerk Vrystaat is 'n "<u>tweespoorplaaspaadjie</u>", soos oral deur die Vrystaat bekend.*

Hoewel dit vroeër anders verstaan was met die verwagting dat 'n akademiese instelling – soos 'n fakulteit of kollege – die volle opleiding aan teologie studente sal verskaf, hoogstens met inspraak of ondersteuning van tyd tot tyd deur 'n kerklike vennoot, het daar in 2013 met die nuwe ooreenkoms tussen die NGK VS en die UV 'n duidelike onderskeid gekom tussen teologies-akademiese opleiding enersyds en kerklik-konfessionele vorming van studente andersyds. Dit beteken nié dat akademiese studies nie ook geestelik vormend is nie, net soos wat dit nie beteken dat kerklike vorming nie diepgaande akademiese studie veronderstel nie. Hier is wel 'n onderskeid, maar ook 'n onlosmaaklike samehang én integrasie nodig én moontlik tussen kerk en akademie. In praktyk beteken dit dat studente in Bloemfontein by twee leergemeenskappe inskryf: Die Seminarium van die NGK VS (sedert 2016), wat kerklik en konfessioneel verankerd is en bestuur word, én by die Fakulteit Teologie en Religie (FTR) aan die UV as primêre akademiese diensverskaffer, òf, sedert die laaste paar jaar ook by Hugenote Kollege in Wellington en selfs ander akademiese instellings.

*D. Teologiese opleiding in die NG Kerk Vrystaat is daarom 'n reis waartydens studente eerstens <u>geestelik en kerklik gevorm</u> word – die één spoor van die "plaaspaadjie".*

Hierdie vorming deur die Seminarium behels vier aspekte van 'n student se ontwikkeling en voorbereiding vir die bediening:

- Kerklike- en konfessionele identiteit (credo) – Belydenisskrifte, kerkgeskiedenis en kerkreg in/van die NGK
- Gereformeerde spiritualiteit – Skrif, gebed, geestelike dissiplines, retreats
- Persoonlikheidsprofiel en professionele vaardighede – Evaluering, groei & begeleiding deur ' mentor
- Gemeentelike- en gemeenskapspraxis – Blootstelling en diens in 2-3 verskillende opleidingsgemeentes & in breër verband (sinodale werk, uitreike)

Meer besonderhede word hieroor in die Verslag van die Seminarium verskaf. Wie in 2026 die omvang en intensiteit van hierdie vormingsprogramme in oënskou neem kan nie anders as om raak te sien dat die NGK VS se betrokkenheid by die opleiding van haar studente in Bloemfontein, geweldig uitgebrei het in vergelyking met die eerste twee dekades ná die opening van die Fakulteit.

E. *Op hierdie reis met haar teologiese opleiding as onvervreembare roeping, nooi die NG Kerk Vrystaat <u>akademiese vennote of diensverskaffers</u> saam – as tweede spoor van die "plaaspaadjie".*

Waar dit vir drie dekades in die Vrystaat 'n gesamentlike projek tussen die NGK VS en die UOVS was, is daar sedert 2013 op 'n nuwe manier hande gevat: Vir die NGK VS om haar studente in die universitas van wetenskappe te laat skool (en dus professioneel te kwalifiseer); vir die UV Fakulteit Teologie en Religie (FTR) om hul studente in/aan die praktyk van gemeentelike bediening bloot te stel (en dus indiensneembaar toe te rus). Die bestaande ooreenkoms (2022) berus op 'n gedeelde verlede; erken die selfstandigheid van beide instellings (kerk en universiteit) om hul onderskeie funksies ten opsigte van opleiding te vervul; wou in 'n gees van wedersydse respek en vertroue werk om mekaar in die vervulling van elk se roeping ondersteun; en het daarom deurlopende kommunikasie én moontlikhede vir die NGK VS om ook ander akademiese vennote te kan erken, veronderstel. Hier moet bygevoeg word, dat net soos wat die Seminarium en NGK VS dus studente van ander akademiese diensverskaffers kan ontvang, begelei en vorm, nét so is die FTR wat in die 1970's vanuit die hegte vennootskap tussen die NGK VS en die UOVS gebore is, nie meer afhanklik van die aantal studente uit NG-geledere òf die finansiële bydrae deur hierdie kerkverband nie.

F. *Die reis van teologiese opleiding in die NG Kerk Vrystaat – die "tweespoorplaaspaadjie" – lei langs <u>drie verskillende opleidingsroetes</u> na <u>drie verskillende bevoegdhede</u> vir kerklike bediening.*

In 2019 het die Algemene Sinode 'n beleidsdokument goedgekeur oor diverse bevoegdhede vir bediening in 'n missionale kerk, en wat steeds aandag geniet in 'n voortgaande gesprek oor die ampte in die NG Kerk. Die volgende bevoegdhede en opleidingsroetes word tans onderskei:

- Vir kandidate met die oog op **volle predikantsbevoegdheid**:
  BDiv-graad (4 jaar) & M-graad (2 jaar) = 6 jaar
- Vir kandidate met die oog op **hulpleraarsbevoegdheid:**
  B-graad/BTh & NagrDipl/BTh Honneurs = 4 jaar
- Vir kandidate met die oog op 'n **ouderling-met-erediensbevoegdheid**:
  Kerklik Geakkrediteerde Sert. = 1 jaar

**BYLAAG 1** by hierdie verslag – 'n Konsepwerksdokument van die Algemene Kuratorium en Algemene Taakspan Predikantsake – bied 'n skematiese voorstelling van hierdie onderskeie roetes en bevoegdhede. As die vaste vertrekpunt vir gesprekke oor hierdie bevoegdhede, geld die **Kerkorde van die NG Kerk** (2023), en spesifiek Artikels 9-14 en Reglemente 10 en 11. Dit is belangrik om op te merk dat sowel die bestemming (bevoegdheid) as die opleidingsroete grootliks bepaal word deur wie die betrokke student spesifiek is en sy of haar roeping en omstandighede (erkenning van voorafleer), en daarom word dit ook só saam met die student ontwikkel dat hy/sy van een bevoegdheid na 'n volgende sal kan artikuleer (opbou).

G. *Die omgewing waardeur studente op reis gaan met teologie, en hul bestemming in die bediening, het <u>méér kompleks</u> geword as in 1981, en vereis daarom ook véél meer van die opleiding.*

Dit is nie net waar vir die NG Kerk of in die Vrystaat nie, maar ook in die groter Suider-Afrikaanse landskap (én globaal): Die vrae van ons tyd, en dit waarmee lidmate daagliks gekonfonteer word, verg dieper akademies-teologiese opleiding (eerder as ligter/minder/makliker), meer intense kerklike vorming (eerder as korter roetes) en duideliker geestelike begeleiding en inoefening van vaardighede (eerder as bloot afstands- of aanlynkursusse). Die NGK VS moet hierdie uitdaging voluit aanvaar, indien sy ingestel is op beter bediening, en nie net op instandhouding; op 'n roeping vir die nageslag en nie net nostalgie oor die verlede; op groei en nie net oorlewing in Afrika. Die diversifisering van opleiding (die missionale dokument van 2019) kan onbedoeld tot 'n vervlakking in ons bediening lei, en daarop moet die NGK VS – as sinode, in ringe én kerkrade – bedag wees! Terselfdertyd is dit opmerklik dat daar 'n dors is na geloofsvorming en teologiese kennis onder lidmate; daar is 'n groei in navrae wat by die Kuratorium en Seminarium ontvang word oor die moontlikhede van teologiese opleiding.

H. *Teologiese opleiding vir die NG Kerk Vrystaat, veronderstel 'n reis waarop studente van die NG Kerk, <u>mét ander medereisigers</u> gaan.*

Studente en sturende gemeentes; medestudente en mentors, dosente en begeleierdominees, hoogleraars en lidmate, klasmaats en kerkrade. Terwyl hulle in die Seminarium in 'n kleiner groep van NG-medegelowiges tuiskom – soos in 'n geloofsfamilie – reflekteer die studenteprofiel aan die UV die volle Suid-Afrikaanse demografie, en bied dit uitdagings aan studente uit die geledere van 'n tipiese NG-gemeente, maar wat in die meeste gevalle tot merkbare groei in karakter en sosio-kulturele vaardighede vir ons studente lei en hul toerus vir 'n missionale bediening in die stad én platteland waar ons land ánders geword het as in 1981 òf 2013. Die dosenteprofiel aan die UV is óók anders as in die era van 1981 tot voor Covid, en ook dít bring studente in 'n ander konteks van leer, onderrig en navorsing tereg (soos die studente van alle ander kerke). 'n Ekumeniese fakulteit soos hier aan die UV, stel studente verder bloot aan die teologiese oortuigings, tradisie en geskiedenis, en bedieninge van al die hoofstroomkerke in Suid-Afrika. Daarom is die groter kerklike leeromgewing terselfdertyd so belangrik: 'n Verskeidenheid van NG-opleidingsgemeentes in Bloemfontein en elders in die Vrystaat (selfs die land), waar studente Sondae en op 'n weeklikse basis, van hul eerste tot hul laaste studiejaar blootstelling aan die kerklike praktyk kry, deur mentors begelei word en hul bedieningsvaardighede kan inoefen. Teologiese opleiding is lankal nie meer (net) 'n klaskamer- en studeerkameroefening met bietjie praktiese werk aan die einde nie.

I. *Teologiese opleiding vir die NG Kerk Vrystaat in <u>Bloemfontein</u>, is 'n bereikbare, bekostigbare en besonder kontekstuele opsie vir studente uit hierdie sentrale landstreek; óók vir studente uit ons familiekerke!*

- Geografies én in atmosfeer, is teologiese opleiding aan die UV (en in die Seminarium) **toeganklik** en bereikbaar vanoor die hele Vrystaat, en vanaf Noord-Kaap en Noordwes tot Natal, Oos-Kaap tot Hoëveld; dit is 'n relatief bekende omgewing vir studente met 'n oorwegend plattelandse herkoms…
- Vir lidmate van die NG Kerk wat na kwaliteit hoër onderwys verlang, is hierdie opleiding 'n **bekostigbare** moontlikheid, sowel institusioneel as in terme van verblyf en lewenskostes, en met goeie beurse van die NGK VS vir alle studente (in teologie én ander) beskikbaar…
- In 'n nasionale- sowel as plaaslike sin, bied die UV steeds besonder **kontekstuele** opleiding waarin studente die groter prentjie van lewe en bediening in die Suid-Afrikaanse binneland leer ken, die universitas van wetenskappe en kritiese denke ontdek, kulturele- en kommunikasievaardighede ontwikkel, van 'n wyer roeping bewusraak en in 'n aantal gesonde opleidingsgemeentes met ervare mentors beskikbaar, op hul bediening voorberei kan word.
- Dit is opmerklik dat sedert die vorige Sinode van die NGK VS (2022), daar 'n groeiende groep studente is wat juis om hierdie drie redes vir opleiding in Bloemfontein aanmeld, met 'n groeiende verskeidenheid in persoonlikhede en akademiese- en leiersvaardighede onder hulle; vir ons in die Kuratorium 'n positiewe ontwikkeling.

J. *Uiteindelik is dit duidelik dat teologiese opleiding 'n <u>hegte verhouding en dinamiese interaksie</u> tussen kerk en opleiding vra.*

Daar is baie om op dankbaar terug te kyk in die verhaal van teologiese opleiding vir en deur die NGK VS; 'n verhaal van lig en skaduwee, veel vrug wat opgelewer is in die bediening van oudstudente in die Vrystaat en wyer in ons land, 'n groot voetspoor in die familie van NG Kerke in Suider-Afrika. Dit ís daarom 'n kosbare kleinnood vir die NGK VS om – as een van die kleiner sinodes in die land – hier plaaslik toegang tot teologiese kundigheid te mag hê, en oor bedieningsvaardighede en institusionele ervaring wat in ons eie kerklike sisteem ontwikkel is, te beskik; dink byvoorbeeld aan die Seminarium. Die belangstelling vanuit die Noordkaap en Oos-Kaap in ons teologiese opleiding, bevestig dit. In die stroomversnellings wat daar egter die afgelope dekade en post-Covid in kerk en teologie en Hoër Onderwys gekom het – én in die tyd van kunsmatige intelligensie waarvan die implikasies vir opleiding en bediening nog nie naastenby duidelik is nie (!) – is dit nodig dat hierdie 55ste Sinode van die NGK VS realisties en eerlik na die kerklike bedeling, tydsgewrig en omstandighede waarin sy haar bevind, sal kyk. Opleiding kan moeilik gebeur, indien dit nie duidelik is waarna die kerkfamilie soek nie; helderheid oor haar ampsbeskouing (Artikel 9 van die Kerkorde). Opleiding kan ook nie gebeur, indien daar nie binne die kerkfamilie openhartige kommunikasie daaroor en hartlike eienaarskap daarvan, leef nie.

Met dít in gedagte, deel die Kuratorium daarom die volgende besonderhede oor die stand van ons teologiese opleiding vir die NG Kerk Vrystaat in 2026.

## 3. AKADEMIESE OPLEIDING VIR DIVERSE BANE IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE, UNIVERSITEIT VRYSTAAT

Kragtens die bestaande ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat (NGK VS) en die Fakulteit Teologie en Religie (FTR) aan die UV, wat veral op die akkreditasie van bepaalde kwalifikasies deur die NG Kerk neerkom, kan studente met die oog op volle leraarsbevoegdheid én diensleraars hulle vir akademiese opleiding hier inskryf.



Die dosentekorps, onder leiding van die Dekaan, prof John Klaassen (Anglikaanse Kerk; intrede Maart 2024), bestaan in 2026 uit 15 voltydse dosente, waarvan die volgende as gelegitimeerdes kerklik aan die NG Kerk verbonde is:

**Dept. Ou- en Nuwe Testamentiese Studies:**
Prof. Lodewyk Sutton – Departementshoof en Ou Testament
Dr. Nina Müller van Velden – Nuwe Testament
Ds. Marleen Oosthuizen – Bybelse Spiritualiteit

**Dept. Historiese en Konstruktiewe Teologie:**
Prof. Henco van der Westhuizen – Dogmatiek

**Dept. Praktiese Teologie en Missiologie:**
Prof. Juanita Meyer – Departementshoof en Pastoraat
Dr. Martin Laubscher – Homiletiek en Liturgiek
Dr. Lyzette Hoffman – Geloofsvorming (Kategese)

**Dept. Godsdiens en Religiekunde:**
Geen

Dit is van die NG Kerk, vier voltydse dosente minder as in 2022: Proff. Francois Tolmie (NT), Rian Venter (ST), Jan-Albert van den Berg (PT) en Kobus Schoeman (PT) het sedert die vorige Sinode afgetree en deur die Kuratorium demissie ontvang. Benewens die genoemde dosente hierbo, is daar steeds 'n aantal predikante van die NG Kerk-familie wat as tydelik-deeltydse dosente behulpsaam is met die aanbieding van 'n module of meer in die onderskeie vakgebiede – onder hierdie groep tel drr. Deon Serfontein en ds. De la Harpe le Roux (Ou- en Nuwe Testament); di. Jan Lubbe en Cobus Hamman (Historiese- en Konstruktiewe Teologie); en drr. Johan Nel en Nico Mostert (Praktiese Teologie en Missiologie).

Die studenteprofiel van die FTR het toenemend verander, soos wat die volgende tabel aantoon – let op die grootskaalse groei in 2018, meegebring deur die instelling van die NSFAS-beursmodel:

| | **2018** | **2019** | **2020** | **2021** | **2022** | **2023** | **2024** | **2025** | **2026** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Higher Certf** | 92 | 102 | 163 | 170 | 170 | 205 | 174 | 63 | 6 |
| **BDiv (1 st)** | 36 | 46 | 59 | 45 | 170 | 53 | 67 | 79 | 108 |
| **BDiv (2nd Qualification)** | 14 | 16 | 45 | 73 | 70 | 267 | 310 | 344 | 313 |
| **PGDip** | 9 | 11 | 4 | 7 | 12 | 13 | 22 | 28 | 46 |
| **MTh** | 12 | 6 | 8 | 5 | 5 | 30 | 47 | 46 | 60 |
| **PhD** | | | | 40 | | | 49 | 50 | |

Die grootste hoeveelheid van hierdie studente kom uit hoofstroomkerke in Suid-Afrika, soos die Rooms-Katolieke-, Anglikaanse-, Presbiteriaanse- en Metodiste Kerke, die AGS en verskillende Baptiste Kerke, maar ook uit die geledere van die Christian Revival Church en 'n verskeidenheid Afrika-onafhanklike, Pentekostalistiese Kerke (waarvan die ZCC die grootste). Studente uit die NG Kerk, die VGKSA, NGKA, RCA en enkeles ook uit die Lutherse Kerk, vorm minder as 10% van die huidige voorgraadse studente in die FTR. Die meerderheid studente is uit bruin- en swart gemeenskappe uit alle provinsies van die land, is Engelssprekend, afhanklik van NSFAS-beurse en in die 2026-voorgraadse groep is 57% vroulik. Baie van hierdie studente is eerste generasie-studente (dit wil sê die eerste persoon uit hul familie wat ná skools studeeer), en beskik nie noodwendig oor 'n behoorlike ondersteuningsisteem van behuising, lewensmiddele, vervoer, akademiese vaardighede en selfs 'n sturende geloofsgemeenskap nie. Wat hierby opgemerk moet word, is dat 'n groot aantal van hierdie studente in die eerste twee jaar van opleiding, nie noodwendig teologie as eerste keuse studierigting het nie.

Die studentetal vir opleiding tot 'n bediening in die NG Kerk, sien as volg daar uit:

| | 2018 | 2022 | 2026 |
|---|---|---|---|
| BDiv I | 7 | 4 | 5 |
| BDiv II | 5 | 1 | 4 |
| BDiv III | 7 | 4 | 3 |
| BDiv IV | 7 | 1 | - |
| Gemeenskapsjaar | - | - | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| MDiv / MTh I | 9 | 3 | 4 (MTh I) |
| NagrDipl / MTh II | 8 | 4 | 2 (MTh II) |
| NagrDipl | | | 5 (Diensleraars) |
| TOTAAL | 43 | 17 | 26 |

Hierdie studente is tans vir drie kwalifikasies van die FTR ingeskryf, en wat geakkrediteer is met die oog op opleiding en bevoegdheid in die NG Kerk, te wete die BDiv-graad, MTh en die Nagraadse Diploma (PGDip). Die gewig wat aan die onderskeie dissiplines toegeken word, is redelik eweredig verdeel. Uit vakinhoude en voorgeskrewe literatuur word dit duidelik dat 'n omvattende oorsig oor teologie as wetenskap gedek word. Aandag word pertinent gegee aan aktuele temas en huidige tendense in die kerklike omgewing en samelewing, en kontekstualisering in Afrika en dekolonialisasie is prioriteit. Die ekumeniese aard van die studentekorps word deeglik in ag geneem in die inkleding van elke dissipline. Oor die algemeen is die vakinhoud en wyse van aanbieding van so aard dat dit doelbewus selfstandige kritiese denke stimuleer. Studente wat erns maak met hulle studies kan die Teologiese Fakulteit met meer as net 'n paar kwalifikasies verlaat. Benewens 'n grondige kennis en insig in teologie as wetenskap, sal hulle ook voldoende toegerus wees om hulle plek in die kerklike lewe in te neem en daarin te groei.

Ons bied in **BYLAAG 2** 'n volledige oorsig van die kurrikula vir die BDiv, Nagraadse Diploma (PGDip) en MTh's ter wille van volledigheid oor die amptelike opleidingsbaan vir studente van die NG Kerk, uit die **Reëlboek van die Fakulteit Teologie en Religie 2026**. Dit is in Engels, omdat dit die primêre taal van onderrig in die fakulteit is. Studente wat Afrikaanssprekend is, word geakkommodeer in die skryf van werkstukke en navorsingskripsies sowel as die doen van praktiese werk soos in prediking in hul moeder- en voorgenome bedieningstaal. Studente wat vir legitimasie in die NG Kerk wil aansoek doen, moet oor twee akademiese kwalifikasies beskik: 'n BDiv (vier jaar) en 'n MTh (een jaar voltyds of twee jaar deeltyds). Die NG Kerk Kuratorium vereis (ingevolge die Kerkordelike-bepalings) van ons studente om die twee jaar MTh wat uit 'n gedoseerde komponent en 'n mini-skripsie bestaan, te neem. Studente neem 'n hoofvak uit een van die vier departemente (vakgebiede), met dan twee byvakke, waarvan een (van die drie) in die Bybelwetenskappe moet wees. Hierdie opsie – 'n gestruktureerde MTh – word tans weer in heroorweging geneem; daar bestaan steeds die behoefte aan 'n professionele meestersgraad in teologie wat spesifiek op die breë gemeentelike bediening fokus ("Christian ministry") en in al die teologiese dissiplines tot op hoogste akademiese vlak aandag gee.

Hier kan vermeld word dat studente van die NGK VS akademies uitnemend presteer, en was Herlize Nel (MTh I), Ethan Kleynhans (BDiv III) en Mia de Jager (BDiv II) in die onlangse jare aangewys as Dux-studente van die FTR.

Die Steunspan Akademiese- en Kerklike Evaluering van die Kuratorium onder leiding van dr. Deon Serfontein (NG Kerk Vaalpark Sasolburg) en wat saamgestel is uit leraars van die NG Kerk wat in hul spesialisvelde van die teologie gedoktoreer het, het elke jaar gesprekke met dosente in die onderskeie vakgebiede waartydens 'n oorsig van die kurrikulum bespreek word, asook voorgeskrewe werke, navorsingsfoci en die algemene vordering van studente van die NG Kerk. 'n Oorsigtelike verslag hiervan word aan die Kuratorium voorgelê, en dit is uit hierdie verslae dat die Kuratorium gaandeweg en in openhartige gesprekke met dosente verbonde aan die NG Kerk tot die gevolgtrekking gekom het dat daar kerkeie aanvulling vir die akademiese kurrikulum nodig is – die geboortegrond van die Seminarium van die NGK VS waaroor hieronder verder verslag gedoen word

Die kostes vir 'n student (registrasie- en klasgelde) vir die voorgraadse BDiv-kursus aan die UV, het in 2026 in totaal (Jare 1 tot 4) R 208 630 beloop, en vir die MTh (Jare 1 en 2) R67 280.

Daar bestaan 'n **Kerklike Adviesraad** by die FTR, wat saamgestel word uit verteenwoordigers van die breër kerklike gemeenskap in Bloemfontein en die Vrystaat, wat twee keer per jaar vergader en waarin ons as NG Kerk 'n groot rol speel. Hier kom sake van gemeenskaplike belang vir die kerke en hul opleiding ter sprake, en lewer die dekaan verslag oor werksaamhede, strategiese ontwikkelinge en personeelaangeleenthede in die fakulteit. Hier kon ons as Kuratorium in die afgelope jaar onder andere die kritiese vrae rondom die "Ancestors Conference" wat in Mei 2025 deur die Dept. Religiekunde aangebied is, stel en is daar opnuut besin oor die ontmoeting en interaksie tussen akademiese navorsing aan 'n publieke universiteit enersyds, en die onderskeie kerke met hul konfessionele oortuigings wat studente vir opleiding hierheen stuur andersyds. Oor hierdie spesifieke kwessie, het die Moderamen onder andere bevestig dat die NGK VS en die Kuratorium nie betrokke was by of dit eens is met sieninge in die FTR oor "voorvaderverering" nie, en die implikasies hiervan in 'n heroorweging van die ooreenkoms met die fakulteit in ag sal neem.

Daar was in die afgelope aantal jare vrae in die NGK VS oor of die FTR aan die UV hier, noodwendig die eerste of vanselfsprekende keuse as akademiese vennoot is/behoort te wees? Alreeds in die 2022 was daar 'n voorstel dat ander instellings (as net die drie fakulteite – Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein – en die Hugenote Kollege in Wellington) ook vir teologiese opleiding vir die NGK VS oorweeg sal word, en is dit aan 'n kleiner werksgroep uit die Sinode opgedra vir verdere ondersoek; van hulle het daar nie terugvoer gekom. Uit die Moderamen is daar in 2025 'n taakspan aangewys, onder leiding van dr Dawie Botes, wat onder andere na die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) van die GKSA gekyk het, en is die volgende aanbevelings van hulle na die Kuratorium deurgegee, vir verdere hantering:

1. Die diensverskaffers van akademiese opleiding moet uitgebrei word bo en behalwe die huidige vier instansies.
2. Alle akademiese diensverskaffers moet gelys en elkeen se spesifieke graad-aanbod moet geïdentifiseer word om te bepaal wat toepaslik is vir die Kuratorium se behoeftes. Akademiese inhoud van die graad-aanbod moet voldoen aan die vereistes van die Algemene Kuratorium.
3. Alle diensverskaffers moet deurlopend ge-evalueer word om belyn te bly met die Belydenis en Hermeneutiek van die NG Kerk.
4. Gereformeerde kerklike opleiding moet van dag een af ’n vereiste wees.
5. Die akademiese opleiding hoef nie net beperk te word tot voltydse residensiële studies nie, maar kan ook aanlyn opleiding opsies insluit.
6. Voornemende teologiese studente, moet by hulle plaaslike gemeente/dominee sowel as die Kuratorium van dag een af aanmeld.
7. Om voorsiening te maak vir ’n verskeidenheid van akademiese diensverskaffers sal die omvang van Seminariumopleiding uitgebrei moet word. Dit bring mee dat die befondsing van die Kuratorium dienooreenkomtig aangepas sal moet word.

Vir terugvoer hieroor, sien verder die verslag van die Kuratorium oor die nuwe **Konsepooreenkoms** tussen die NGK VS en die Universiteit van die Vrystaat – **BYLAAG 3**.


Ons aandag verskuif nou na die werk wat in die Seminarium gedoen word.

## 4. KERKLIKE OPLEIDING DEUR DIE SEMINARIUM VIR DIE NG KERK VRYSTAAT

Die Seminarium van die NGK VS bestaan vanjaar tien jaar; ’n dekade van leer en werk, werk en leer sedert 2016. By die vorige twee sinodes (2017 en 2022) is daar kennisgeneem van die bestaan, funksionering en programme van die Seminarium, en het dit sedertdien net verbreed en verdiep. Hier klop die hart van ons teologiese opleiding en hier is die ruimte geskep waarbinne studente van die NG Kerk mekaar ontmoet, saam groei, in hul kennis van die Bybel en teologie en die kerk verdiep en aan die praktyk van bediening in en deur die NG Kerk blootgestel word.

Die Seminarium beskik oor twee voltydse personeellede, te wete dr Johan Nel (Seminariumbestuurder) en ’n administratiewe beampte vir opleiding en ontwikkeling, me Anelia van den Blink. Hulle word onder andere bygestaan deur die Afdeling Kommunikasie in die Sinodale Kerkkantoor, en dan ’n verskeidenheid van mentors, aanbieders van programme vir studente, dosente van die NG Kerk, en die ruimtes wat deur opleidingsgemeentes vir hierdie studente geskep word. Die Seminarium werk ook ten nouste met die Beurskomitee saam, ten einde te verseker dat alle studente van die NGK versorgd is; evaluering van kandidate en aanbevelings word gereeld oorweeg met die oog op toekennings vir ’n nuwe studiejaar.

Breedweg, sou die programme van die Seminarium as volg voorgestel kon word:




Daar is reeds hierbo verwys na die vier aspekte van kerklike vorming; die een spoor in die “veldpaadjie” vir teologiese opleiding (sien hierbo in die program), naamlik kerklike- en konfessionele identiteit (credo; pers), spiritualiteit (leitourgia; groen), persoonlikheidsgroei en -vaardighede (koinonia; geel), en die blootstelling aan die kerklike lewe en praktyk (diakonia; blou).

Hierdie vier aspekte kry in al die bane van opleiding – op pad na volle bevoegdheid, diensleraars en bedienaars en selfs met die oog op jongleraars/VBO ná legitimasie aandag, en kan dit daarom as volg uiteengesit word:

### 4.1 SEMINARIUMPROGRAMME: KANDIDATE VIR VOLLE LERAARSBEVOEGDHEID

Studente wat vir teologiese opleiding aanmeld met die oog op volle leraarsbevoegdheid in die NG Kerk, kom meestal uit twee oorde (behalwe beide, toenemend meer uit "sturende gemeentes" wat met hierdie studente en hul roepingsontwikkeling meeleef): Jongmense wat direk of kort ná matriek vir teologiese studie aanmeld, en op die volle sesjaar-roete vertrek, en ouer lidmate wat eers 'n ander studierigting voltooi het of tipies "tweedeloopbaan"-kandidate (professionele mense wat reeds in 'n ander samelewingsektor gewerk het).

Vir beide hierdie groepe word uitgebreide kerklike vormingsprogramme deur die Seminarium aangebied, gelyklopend met hul akademiese opleiding. Hierdie programme gee gestalte aan die profiel van 'n afgestudeerde student soos deur die Algemene Kuratorium ontwikkel met die oog op bediening in die NG Kerk

'n Oorsig en volledige besonderhede verskyn in die **Handleiding van die Seminarium (2026),** wat as **BYLAAG 4** by hierdie verslag ingesluit word.

#### 4.1.1 Die sesjaar-roete: BDiv I-IV en MTh I & II

Hierdie studente wat met die oog op volle leraarsbevoegdheid by die Kuratorium aanmeld, skryf hul ook by die FTR aan die UV vir hul akademiese grade in, en is in Bloemfontein gebaseer (daar mag wel enkele uitsonderings op die reël wees). Hulle woon elke Woensdagoggend, van hul eerste studiejaar af en in beide semesters, twee Seminariumperiodes by (vir 'n verskeidenheid van programme 11:10-12:00 en die Emmaus-Bybelleesprogram 12:10-13:00). Al die programme van die Seminarium is gesinkroniseer met 'n student se akademiese vordering, veral ten opsigte van hul praktykblootstelling. Die programme van die Seminarium bou van jaar tot jaar op mekaar en verdiep 'n student se kennis, spiritualiteit en vaardighede stapsgewys. 'n Hoogtepunt gedurende die jaar is die twee of drie "Aktuele Kerkgesprekke" wat ingeruim word en waartydens studente blootgestel word en kan deelneem aan debatte wat op daardie spesifieke stadium van belang is in die NG Kerk-familie. Temas in die afgelope tyd wat byvoorbeeld aan die orde gekom het, is "Die vrou in Teologiese opleiding en gemeentebediening", Die belydenis van Nicea (2025 as historiese jaar vir dié Belydenis), en 'n geleentheid ter voorbereiding van die vorige buitengewone Sinode. Die tema vir die gesprek op 20 Mei 2026, was gefokus op die Sinodesitting van 2026 – en waar al ons studente in opleiding, ter wille van blootstelling deel vorm van vanjaar se personeelspan!

Programme Voorgraads (Dissipelskapsjare – sien Handleiding, p 17)

<u>**BDiv I**</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Credo | Gemeenteverhaal (Roepingsgemeente) | Ds JJ Lubbe |
| | Heidelbergse Kategismus | Ds J Venter |
| | Filosofiese Oriëntasie | Dr J Meyer |
| Spiritualiteit | Persoonlike spiritualiteit | Ds J Hamman |
| | Emmaus Bybelleesprogram | Ds Wouter van Velden |
| | Ontmoetingsretreat | Dr J Nel & ds JJ Lubbe |
| | Retreat vir alle jaargroepe | Steunspan Begeleiding |
| Persoonsvaardighede | Persoonlikheidstoetse en -profiel | Dr J Nel |
| | Gedragsvorming | Ds G Meyer |
| | Emosionele intelligensie | Dr J Nel |
| | Skryfvaardighede | Ds Janke Hurter |
| Bedieningspraktyk | Himnologie (Kerkmusiek) | Dr J Nel |
| | Gemeentepraktyk | Mnr T Botha |
| | Gemeentebediening (Waarneming) | Mentors & gemeentes |
| | Uitreik: Torings & Botshabelo | Ds Wouter van Velden |
| Voorgeskrewe Boek: | "Padmaker" | C Barkhuizen-Le Roux |

<u>BDiv II</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Credo | Gemeenteverhaal (Huidige gemeente) | Ds JJ Lubbe |
| | Nederlandse Geloofsbelydenis | Ds G Lamprecht |
| | Filosofiese Mensbeeld | Dr J Meyer |
| Spiritualiteit | Persoonlike spiritualiteit | Ds J Hamman |
| | Emmaus Bybelleesprogram | Ds Wouter van Velden |
| | RETREAT VIR ALLE JAARGROEPE | Steunspan Begeleiding |
| Persoonsvaardighede | Emosionele intelligensie | Dr J Nel |
| | Gedragsvaardighede | Dr J Nel en G Meyer |
| | Verhoudingsvaardighede | Dr J Nel |
| | Kollegaskap | Ds C de Vries |

| | | |
|---|---|---|
| | Skryfvaardighede | Ds J Hurter |
| Bedieningspraktyk | Himnologie (Kerkmusiek) | Dr J Nel |
| | Gemeentepraktyk | Mnr T Botha |
| | Gemeentebediening (Jeug & kategese) | Mentors & gemeentes |
| | Uitreik: Lesotho | Ds Wouter van Velden |
| Voorgeskrewe Boek: | "Missionaris" | Elsa Joubert |

**BDiv III**:

| | | |
|---|---|---|
| Credo | NGK-familieverhaal (1665-1902) | Ds JJ Lubbe |
| | Dordtse Leerreëls & Kerkorde | Dr L Oosthuizen |
| Spiritualiteit | Persoonlike spiritualiteit | Ds J Hamman |
| | Emmaus Bybelleesprogram | Ds Wouter van Velden |
| | STILRETREAT | Ds JJ Lubbe |
| | RETREAT VIR ALLE JAARGROEPE | Steunspan Begeleiding |
| Persoonsvaardighede | Emosionele intelligensie | Dr J Nel |
| | Trauma & ontlonting | Dr J Nel |
| | Spraak & Voordrag | Terapeut |
| | Skryfvaardighede | Dr Francois Smith |
| Bedieningspraktyk | Himnologie (Kerkmusiek) | Dr J Nel |
| | Kerk en Media | Mnr G Coetzee |
| | Gemeentebediening (Erediens) | Mentors & gemeentes |
| | Uitreik: Natal | Ds Wouter van Velden |
| Voorgeskrewe Boek: | "Bidsprinkaan" | André P Brink |

**BDiv IV**:

| | | |
|---|---|---|
| Credo | NGK-familieverhaal (1902-2002) | Ds JJ Lubbe |
| | Belydenis van Belhar | Dr G van der Watt |
| Spiritualiteit | Persoonlike spiritualiteit | Ds J Hamman |
| | Emmaus Bybelleesprogram | Ds Wouter van Velden |
| | STILRETREAT | Ds JJ Lubbe |
| | RETREAT VIR ALLE JAARGROEPE | Steunspan Begeleiding |
| Persoonsvaardighede | Emosionele intelligensie | Dr J Nel |
| | Gedragsvaardighede | Ds Gerhard Meyer |
| | Spraak & Voordrag | Terapeut |
| | Skryfvaardighede | Dr Francois Smith |
| Bedieningspraktyk | Himnologie (Kerkmusiek) | Dr J Nel |
| | Kerk en Media | Mnr G Coetzee |
| | Gemeentebediening (Kerkraad) | Mentors & gemeentes |
| | Uitreik: Botswana | Ds Wouter van Velden |
| Voorgeskrewe Boek: | "Die Getuienis" | Francois Smith |

Assessering van al hierdie Seminariumprogramme geskied deurlopend en formatief, dit wil sê deur die bywoning daarvan, skriftelike werksopdragte wat deur aanbieders gegee en geliasseer word, en die opbou van 'n persoonlike portfolio deur elke student. Naby aan die einde van die BDiv IV-jaar (die laaste dissipelskapsjaar), verskyn elke student ook voor 'n paneel van aanbieders vir 'n persoonlike eksaminering- en evalueringsgesprek. Die vordering van studente word in ag geneem by die toekenning en uitbetaling van hul studiebeurse en moet 'n student aan alle vereistes in die Seminarium voldoen het om uiteindelik vir legitimasie te kan aanmeld.

Ná afloop van die suksesvolle voltooing van hierdie evaluering, ontvang elke student 'n kerklike sertifikaat van die Seminarium, waarop alle programme voltooid, vermeld word.

**Programme Nagraads (Apostolaatsjare – sien Handleiding, pp 50-75)**

Studente wat die sesjaar-roete volg, skryf ná hul BDiv-graad by die FTR (UV) in vir 'n tweejarige MTh (alternatiewelik 'n MDiv-graad; gesprekke hieroor nog in ontwikkeling). Dit beteken dat daar dus ook twee afrondingsjare ("apostolaat" = gestuurdes) volg, vir die voltooing van hul kerklike vorming en begeleiding. Die kern van hierdie twee jaar, is 'n Gemeentejaar wat studente in 'n gesonde opleidingsgemeente by 'n gesonde mentor/begeleierpredikant voltooi, en wat van September (5$^{e}$ jaar) tot Augustus (6$^{e}$ jaar) strek. Studente kies in oorleg met die Seminarium en Steunspan Begeleiding 'n opleidingsgemeente in Bloemfontein, elders in die Vrystaat of selfs in 'n ander Sinode, en doen in daardie gemeente ook hul tradisionele proeferediens.

Hierdie kandidate se kerklike vormingsprogramme word deur die Seminarium in ses blokke aangebied, versprei oor die twee jaar:

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Blok 1</u>:** | Simboliek & gereformeerde belydenis in eietyd | Ds J Venter |
| **(Credo)** | Apologetiek: Hoofstrominge in kerklike wêreld | Dr G v/d Watt |
| | Intergodsdienstige gesprek | Dr G v/d Watt |
| | Film: "Of Gods and Men" | Ds JJ Lubbe |
| | Kerklike identiteit: Die NG Kerk in wording & werking | Ds JJ Lubbe |
| | Aktuele aksente in eietydse kerkgeskiedenis (20ste eeu) | Ds JJ Lubbe |
| | Konfessie, Skrif en Hermeneutiek | Dr D Serfontein |
| | Toepassing: Ou Testamentiese teks (eksegese) | Dr D Serfontein |
| | Spiritualiteit: Tipes | Ds J Hamman |
| **<u>Blok 2</u>:** | Gereformeerde Erediens in historiese ontwikkeling | Ds JJ Lubbe |
| **(Erediens)** | Erediens in die verskeidenheid van die NGK-familie | Dr N Mostert |
| | Erediens in gemeenskapsbediening | Ds DlH le Roux |
| | Liturgiese grondlyne vir 'n gereformeerde erediens | Dr S v/d Merwe |
| | Kerkjaar as ruimte vir Woordbediening | Dr S v/d Merwe |
| | Liturgiese ontwerp en Himnologie | Dr J Nel |
| | Ou Testament: Eksegese, hermeneutiek, prediking | Dr D Serfontein<br>Ds J Hamman |
| | Preekstyle, manuskrip en voordrag | Dr J Hamman & kundiges |
| **<u>Blok 3</u>:** | Gereformeerde Kerkbegrip en gemeentebeskouing | Ds J Venter |
| **(Praktyk)** | Kerkreg: Grondslae en Kerkorde as ruimte vir kerkwees | Ds C Weideman |
| | Kerkreg: Ampte en vergaderinge in gemeentebediening | Ds C Weideman |
| | Roepingsverklarings van die NG Kerk | Sinodaal |
| | Persoonlikheid en Pastoraat in bediening (Myers Briggs) | Dr J Nel |
| | Pastorale Grondlyne vir praktyk | Dr J Nel |
| | Suid-Afrikaanse konteks vir bediening | Dr J Steurer |
| | Evangelisasie en nuwe geloofsgemeenskappe | Dr J Steurer |
| | Diakonaat in die NG Kerk: Algemeen & missionêr | Ds DlH le Roux |
| **<u>Blok 4</u>:** | Gereformeerde Belydenis in bediening: Eie identiteit | Ds J Venter |
| **(Credo)** | Konfessie, Skrif en Hermeneutiek | Ds J Venter |
| | Toepassing: Nuwe Testament (eksegese) | Dr R Stander |
| | Liturgiese ontwerkp en Himnologie | Dr J Nel |
| | Nuwe Testament: Hermeneutiek, spiritualiteit, prediking | Dr R Stander |
| | Sakramentsbediening: Doop | Ds J Venter &<br>Dr M Laubscher |
| **<u>Blok 5</u>:** | Nuwe Testament: Hermeneutiek en eksegese in konteks | Dr N M v Velden<br>Dr S v/d Merwe |
| **(Erediens)** | | |
| | Spiritualiteit en prediking (eie preekstyl) | Ds J Hamman |
| | Inoefening, aanbieding en voordrag | Paneel kundiges |
| | Handleiding v/d Erediens: Grondlyne, formuliere, gebed | Ds J Venter |
| | Sakramentsbediening: Nagmaal | Dr M Laubscher |
| | Geloofsvorming, kategese, roetemerkers | Dr L Hoffman |
| | Pastorale Grondlyne en eie profiel | Dr J Nel |
| | Verhoudingsdinamiek, seksualiteit en etiek | Dr J Nel |
| | Huwelikspastoraat | Dr J Nel |
| | Sieke- & hospitaalpastoraat, trauma, sterwensbegeleiding | Me H Lubbe |
| | Begrafnis- en gedenkdienste | Dr J Nel |
| **<u>Blok 6</u>:** | Gereformeerde belydenis in konteks: Lewensbeskouing | Prof L Lategan |
| (**Praktyk**) | Persoonlike etiek en etiese kwessies (aktueel) | Prof L Lategan |
| | Etiek, Skrif en Prediking | Prof L Lategan |
| | Kerkreg: Geestelike dissipline, opsig en pastorale sorg | Ds C Weideman |
| | Persoonlikheidsontwikkeling en profiel | Dr J Nel |
| | Trauma: Eiening, verwerking en vaardighede | Dr J Nel |
| | Publieke en professionele profiel | Me H Lubbe |
| | CV: Ontwikkeling, aansoeke en onderhoude | Dr M Fourie |
| | Kollegaskap in gemeentelike- en breër verband | Dr J Nel |
| | Konflikhantering | Mnr W Ellis |
| | Administrasie en finansies | Mnr T Botha |

'n Sewende blok oor algemene lewens-, hand- en hulpvaardighede is tans in ontwikkeling, en sal vanaf 2027 aangebied word (onder andere basiese noodhulp, tuinwerk, motorwerktuigkunde, persoonlike finansies, etiket en gesondheid).

Al hierdie programme in die Apostolaatsjare van studente (die finale twee jaar) word deur die aanbieders geëvalueer, dien studente werkstukke in en volg daar aan die einde van die tweede jaar, 'n groot paneeleksamen waarby verteenwoordigers van die Kuratorium ook is. Studente dien ook 'n portfolio van hul Gemeentejaar en alle aktiwiteite daar in, en ontvang die Kuratorium ook 'n finale aanbevelingsverslag van die begeleierpredikant.

Aan die einde van hul finale studiejaar woon hierdie studente 'n Roepingsretreat by, waar hul eie roepingsverhaal herbesoek word, en in die lig van hul studies en Gemeentejaar afgerond word, hul nogeens in hul eie spiritualiteit verdiep en dan vir legitimasie en beroeping voorberei word.

### 4.1.2 Die "tweedeloopbaan" / vierjaar-roete: 'n NagrDip in Teologie en MTh I & II (gebou op toepaslike B-graad)

Hierdie studente wat met die oog op volle leraarsbevoegdheid by die Kuratorium aanmeld, het meestal 'n professionele B-graad in verwante studierigtings gedoen en moontlik selfs 'n aantal jare in 'n ander loopbaan gedien (of werk steeds in daardie hoedanigheid), maar getuig van 'n sterk roeping tot die bediening en is gewoonlik aktief in hul gemeentes betrokke. Wat duidelik word, is dat hulle meestal ouer is (in hul dertigs/veertigs), reeds 'n besondere volwassenheid en hoë vlakke van persoonsvaardighede in ander beroepe bereik het, en ook reeds 'n goeie blootstelling aan en kennis van die gemeentelike bedieningspraktyk het (as kerkraadslede, jeug- of maatskaplike werkers). Hul aanmelding is dikwels ook eers vir "n kerklike opleiding met die oog op diensleraarsbevoegdheid, waarvoor hul vir 'n Nagraadse Diploma by die FTR aan die UV inskryf (sien hieronder).

Omdat hierdie studente meestal nie in Bloemfontein woon en dus nie residensieel kan studeer nie, word hul kerklike opleidingsprogramme deur die Seminarium aanlyn aangebied, en met medewerking van die Algemene Kuratorium se Kerkeie-platform deur Hugenote Kollege. Dit behels 'n aanlyn-ontmoeting elke Dinsdagaand, en waarin deur verskeie aanbieders landwyd, temas in die logos-, etos- en patos-temas. Hierdie programme loop oor 'n jaartydperk.

Hierdie studente word ook geassesseer deur die doen van werkstukke en die inskakeling by mentorsprogramme.

Hierdie groep studente woon ook die retreats van die Diverse Bane by (sien hieronder).

Wanneer hierdie studentegroep hul Nagraadse Diploma (alternatiewelik 'n BTh Honneursjaar) voltooi het, gaan hul oor na die gewone MTh-programme en die Apostolaatsjare in hul kerklike vorming, en skakel hul by die Seminariumprogramme daarvoor, hierbo uiteengesit, in.

## 4.2 SEMINARIUMPROGRAMME: KANDIDATE VIR DIENSLERAARSBEVOEGDHEID

Daar is reeds hierbo in paragraaf 2 verwys na die 2019-dokument van die Algemene Sinode oor "Missionale Bedieningsontwikkeling in die NG Kerk" en die gevolglike verbreding van ampsbediening in die NG Kerke. Dié ontwikkeling het uiteraard implikasies ingehou vir teologiese opleiding, waaronder die toeganklikheid daarvan, 'n uitbreiding van opleidingsmoontlikhede en die ontwikkeling van 'n verskeidenheid van unieke bane waarin die voorafleer en vaardighede van elke kandidaat asook die spesifieke veld van spesialiteit of kategorie van bediening in gemeentes in ag geneem moes word. Onderskeid is gemaak tussen leraars met volle bevoegdheid (sien hierbo by 4.1), Diensleraars (spesialisvelde soos jeugbediening, maatskaplike sorg of gemeenskapsontwikkeling) en Bedienaars met Erediensbevoegdheid (ouderlinge, gestuur deur gemeentes).

Vir elkeen van hierdie bevoegdhede moes daar 'n unieke en gepaste opleidingsroete uitgewerk word. Nou, na sewe jaar, het die sisteem bepaalde verdere behoeftes uitgewys asook leemtes wat nie voorsien is nie – en is die gesprek oor ampte opnuut aktueel en oop in die NG Kerk. Sien hieroor BYLAAG 1, wat reeds onder punt 2.F hierbo hanteer is.

Vir Diensleraars maak die Kuratorium en Seminarium tans as volg voorsiening:

- 'n Student beskik oor 'n toepaslike teologiese- of ander kwalifikasie, wat ná evaluering deur die Steunspan Akademie van die Kuratorium moontlik aangevul moet word ten einde te voldoen aan die vereistes soos in die Kerkorde en spesifieke bedieningsveld gestel;
- 'n Akademiese aanvulling kan ook geskied deur die Nagraadse Diploma aan die FTR (UV);
- 'n Student skryf by die Seminarium in vir 'n proses van kerklike vorming en -begeleiding deur onder andere –
  a) in 'n mentorsverhouding met 'n leraar geplaas te word en aan 'n opleidings-gemeente verbind te word;
  b) die Dinsdagaande-aanlyn programme (logos, etos, patos) te volg en te voltooi;
  c) twee retreats tydens die jaar van opleiding/afronding by te woon met die oog op vier uitkomste (credo, spiritualiteits- en roepingsontwikkeling, persoonlikheids-groei en -vaardighede, en blootstelling aan die kerklike bedieningspraktyk);

d) een of twee erediens werkswinkels by te woon, waarin hermeneutiek en eksegese voorop staan, en wat uitloop op die lewering en evaluering van ‘n bevredigende erediensliturgie en preekmanuskrip); en

- ‘n Student word deurlopend, maar ook finaal in ‘n gesprek deur die Seminarium en Kuratorium geëvalueer, waarna ‘n aanbeveling tot legitimasie gemaak kan word.

Tans is daar die volgende studente vir bevoegdheid as Diensleraar by die Seminarium ingeskryf:

| | |
|---|---|
| • Akademies @ Hugenote Kollege (BTh) | 5 |
| • Akademies @ UV (Nagraadse Diploma) | 3 |
| • Akademies reeds genoegsaam gekwalifiseer | 4 |
| TOTAAL: | 12 |

Hierdie studente word begelei deur die Steunspan Diverse Opleiding van die Kuratorium.

**4.3 SEMINARIUMPROGRAMME: KANDIDATE VIR BEDIENAARS (EREDIENSBEVOEGDHEID)**

’n Derde Bedieningsbevoegdheid wat deur die NG Kerk goedgekeur is en waarvoor die Kuratorium en Seminarium in ons opleidingsprogramme voorsiening moes maak, is Bedienaars, dit is meestal kerkraadslede wat deur ’n gemeente gestuur word vir opleiding om erediensbevoegdheid te ontvang.

Hierdie studente skryf tans by die Hugenote Kollege in vir hul akademiese vorming deur ’n Kerklik Geakkrediteerde Sertifikaat in Teologie (KAST) wat oor 12 tot 18 maande strek. Dit word aanlyn aangebied, en fokus veral op die konfessionele identiteit (credo) van studente, hermeneutiek, eksegese en ekklesiologie, en dan basiese kennis en vaardighede om ’n erediens te kan lei (onder toesig van ’n kerkraad, en bystand deur ’n mentor).

In die Seminarium volg hierdie studente ook die retreatprogram en eredienswerkswinkels wat vir Diensleraars aangebied word (sien punt 4.2 hierbo).

Daar is tans 3 studente by die Seminarium ingeskryf om as Bedienaars met Erediens-bevoegdheid opgelei te word. Hierdie studente word ook begelei deur die Steunspan Diverse Opleiding van die Kuratorium.

**4.4 JONGLERAARS, VBO-PROGRAMME EN MENTORSOPLEIDING**

Die Seminarium het in die verlede gereelde retreats vir jongleraars in bediening (Jare 1 tot 5) aangebied, sowel as vir mentors en was ook behulpsaam met VBO-programme. Die afgelope twee jaar egter, het daar enersyds weens ‘n afname in belangstelling onder Jongleraars sowel as ‘n herstrukturering in Bedieningsbegeleiding hierin veranderinge gekom en sal dit in die nuwe termyn heroorweeg word. In die lig van veranderinge in die landskap van akademiese- en kerklike opleiding vir die bediening, sowel as die diverse bane en die groot noodsaaklikheid van kontinuïteit, is dit aan te beveel dat die Seminarium ten minste weer die programme vir Jongleraars en Mentors hervitaliseer.

**4.5 BEGELEIDING VAN STUDENTE**


Meer as vantevore, het die Kuratorium deur die Seminarium, die Seminariumbestuurder, twee steunspanne wat spesifiek by die begeleiding van studente betrokke is en ‘n netwerk van mentors deurlopende kontak met elke student van die NG Kerk. Die kleiner groep studente bied die geleentheid om persoonlike verhoudings met elke afsonderlike student te hê. Aan elke jaargroep is ‘n predikant as voog toegewys, benewens die predikante wat in opleidingsgemeentes as mentors betrokke is by elke jaar se studentegroep. Hierdie mentors word deur die studente in oorleg met die Steunspanne Begeleiding en Gemeentejaar gekies, en as vereistes geld “’n gesonde leraar in ‘n gesonde gemeente” waar ‘n student blootstelling aan die breë gemeentelike bediening sou kon kry en dit verkieslik (weens praktiese redes van vervoer en tydsbestuur) in of rondom Bloemfontein. Gemeentejaarstudente kies wel ook gemeentes wat in ander sinodale streke lê. Die Seminarium en genoemde steunspanne keur mentors en voorsien jaarliks gestruktureerde opleidingsprogramme vir mentors, wie se hulp in die vorming en begeleiding van ons studente opreg waardeer word.

Die emosionele welsyn van ons studente is vir die Kuratorium en Seminarium belangrik. Gereelde kommunikasie speel hierin ‘n sleutelrol en neem studente ook vrymoedigheid om by hul mentors of die personeel van die Seminarium vir hulp aan te klop. Die Universiteit bied steeds gratis sielkundige dienste aan alle studente, maar dit bied ook nie altyd die deurlopende persoonlike begeleiding wat nodig is nie. ‘n Student kan uit eie oorweging en op eie koste ‘n sielkundige in privaatpraktyk besoek; die Kuratorium verwys ook van tyd tot tyd studente vir spesialis pastorale terapie na die bestuurder van die Seminarium, Dr. Johan Nel (wat ‘n geregistreerde Sielkundige Berader en Pastorale Terapeut is). Studente beleef dikwels intense persoonlike en emosionele uitdagings, en word deeglik begelei hierin. Finansiële druk speel ‘n groot rol in studente se welsyn, en die Kuratorium help van tyd tot tyd individuele studente benewens die gewone beurse waarvoor aansoek gedoen kan word.

## 5. FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID VAN TEOLOGIESE OPLEIDING VIR DIE NG KERK VRYSTAAT

Die veranderde bedeling vir teologiese opleiding van die NG Kerk Vrystaat is reeds aan die 2017- en 2022 Vrystaatse Sinodes uiteengesit. Waar in die eerste drie dekades van teologiese opleiding hier in Bloemfontein sedert 1981, twee derdes van die begroting van die NGK VS hiervoor, aan die UV vir die Fakulteit Teologie oorbetaal is (dit was terselfdertyd slegs 30% van die Fakulteit se bedryfsbegroting), het die nuwe ooreenkoms in 2013 en spesifiek die opening van die Seminarium in 2017 ingrypende veranderinge gebring.

Die onderstaande grafiek en tabel toon dit duidelik:




| | 2010 | 2016 | 2017 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Totaal** | 1 314 700 | 1 589 900 | 1 932 355 | 1 985 970 | 1 916 290 | 2 064 080 | 1 901 040 | 1 830 820 | 2 063 890 | 2 165 260 |
| **UV** | 836 000 | 1 144 800 | 530 000 | 601 000 | 631 100 | 631 100 | 450 000 | 300 000 | 300 000 | 300 000 |
| **Kuratorium** | 478 700 | 445 100 | 1 402 355 | 1 384 970 | 1 285 190 | 1 432 980 | 1 451 040 | 1 530 820 | 1 763 890 | 1 865 260 |

Teologiese opleiding is in alle opsigte – akademies én kerklik – duur. Wanneer ’n student aan ’n publieke universiteit soos die UV inskryf, is die werklikheid dat die grootste gedeelte van sy of haar reële opleidingskostes, deur die staat gefinansier word, benewens die student se eie rekening en beurse wat byvoorbeeld deur die NGK VS voorsien word. Daarby kom dan die kostes vir kerklike vorming en begeleiding, in hierdie geval deur die Seminarium van die NGK VS voorsien en deur die Sinode bekostig. Die uitgebreide programme wat tans deur die Seminarium aangebied word (4 x Dissipelskapsjare, 2 x Apostolaatsjare, Diverse Bane vir tweedeloopbaan-, Diensleraars- en Bedienaarsopleiding) soos in punt 4 hierbo uiteengesit, vra ’n al groter aandeel uit die Sinodale begroting; in 2025 moes daar alreeds vir ’n addisionele R 300 000 voorsiening gemaak word.

Hierdie situasie is nie uniek aan Bloemfontein nie, en het die Algemene Kuratorium reeds in 2024 op voorstel van ons Kuratorium, begin met ’n ondersoek na die volhoubaarheid van teologiese opleiding vir die NG Kerk in geheel. Uit daardie verslag (wat in 2027 ook voor die Algemene Sinode sal dien), word die volgende vraagstelling en strategiese opmerkings aangehaal:

*“Wat is die NG Kerk se strategie i.v.m. die fondse wat vir Teologiese Opleiding beskikbaar is? Is dit byvoorbeeld billik dat die Sinode van die Vrystaat alleen vir die opleiding van teologiese studente in Bloemfontein betaal, terwyl kandidate regdeur die kerkverband, ook buite die Vrystaat, gebruik word? En behoort die Wes-Kaap, wat die somtotaal van die “ou geld” wat tot ongeveer 1935 deur die NG Kerke uit al vier, vyf provinsies (Sinodes!) destyds vir teologiese opleiding bygedra is, in hul fondse ontvang het, nie ex gratia ’n pro rata-deel hiervan tot beskikking van die ander drie opleidingsentra in die land te stel nie?*

*Die volhoubaarheid van teologiese opleiding in die NG Kerk staan voor beduidende uitdagings, maar daar is ook betekenisvolle geleenthede. Die kerk beskik oor aansienlike bates en kundigheid wat benut kan word om teologiese opleiding nie net te handhaaf nie, maar ook uit te brei en aan te pas vir die hedendaagse konteks. Die keuse tussen 'n "rekenmeestersbril" en 'n "missionale rentmeestersbril" is nie noodwendig 'n óf-óf keuse nie, maar eerder 'n balans wat gehandhaaf kan word. Die kerk moet streef na finansiële volhoubaarheid van teologiese opleiding, maar sonder om die missionale roeping van die kerk te kompromitteer.*

*Hierdie ondersoek is momenteel in die kerk se pad vorentoe met volhoubare teologiese opleiding. Ons moet nou voortgaan om samewerking tussen sinodes te bevorder (deursigtigheid); bereid om tradisionele modelle vir volhoubaarheid aan te pas (vernuwend); fokus op die missionale roeping van die kerk (teologies gefundeerd).*

Wat die NGK VS se **begroting** vir 2026 betref, word dit hierby aangeheg as **BYLAAG 5**, ter insae vir die Sinode.

Dit is nodig dat die Sinode realisties – maar uit 'n diepe oortuiging dat teologiese opleiding van die beste akademiese- en kerklike gehalte vir haar bedienaars van die Woord, ononderhandelbaar is – haar sal verbind aan 'n volhoubare toekoms vir teologiese opleiding in die Vrystaat. Dit gaan uiteindelik ook hierin nie net om die NG Kerk op eie houtjie en in eie kring nie; ons het 'n roeping. Dit is daarom ook nodig dat die Sinode haarself sal afvra watter fondse daar wél vir teologiese opleiding in die totale begroting en beleggingsrekening van die NGK VS beskikbaar is.

Vervolgens, oor die strukturering van teologiese opleiding en die voorstel dat dit as 'n eie bediening geposioneer word.

## 6. HERSTRUKTURERING VIR DIE BESTE VOORSIENING EN FASILITERING VAN TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Kuratorium wat die opdrag van die Sinode ontvang het om teologiese opleiding vir die NG Kerk te voorsien en te fasiliteer, is tans as volg gestruktureer:




In gesprekke van die Visioneringspan en by Bedieningsbegeleiding, die sinodale bediening waaronder opleiding resorteer en die Kuratorium tuisgekom het, het 'n oortuiging gegroei dat teologiese opleiding en die werk daaraan verbonde, ook in die Seminarium, van so 'n omvang geword het dat dit 'n eie sinodale bediening (en struktuur) verg. Dit hang daarmee saam dat die Kuratorium en Seminarium wel oor die dienste van 'n voltydse predikant as Seminariumbestuurder – dr Johan Nel – en 'n administratiewe beampte vir opleiding en ontwikkeling – me Anelia van den Blink – beskik. Hoewel die Kuratorium nie as sodanig oor hierdie voorstelle kon besin en dit goedkeur nie, is die implikasies daarvan vir die onmiddelike- en korter afsienbare toekoms nie so ingrypend, en sal dit veral beteken dat die Kuratorium as nuwe "Raad vir Opleiding" sal hergroepeer en funksioneer, met die Seminariumbestuurder as "Predikant in Sinodale Diens" en as sodanig ook lid van die Moderamen. Die voorsitter van hierdie Bediening vir Opleiding sal eweneens lid van die Moderamen wees.

Hierdie verwikkelinge beteken ook dat daar 'n Reglement vir die bediening geskryf sal moet word, 'n opdrag aan die Kuratorium, STK en Moderamen vir die nuwe termyn. Aanbevelings oor die samestelling van die Kuratorium ("Raad vir Opleiding") word hieronder gedoen.

## 7. AANBEVELINGS VIR OORWEGING EN GOEDKEURING DEUR DIE SINODE

**Besluit**: *Kennis word geneem van punte 7.1 tot 7.3*

In die lig van die verslag wat die Kuratorium hiermee voorgelê het, word die volgende strategiese aanbevelings aan die Sinode van die NG Kerk Vrystaat gedoen:

7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die Verslag oor Teologiese Opleiding soos deur die Kuratorium aan die vergadering voorgelê.

7.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Kuratorium, personeel van die Seminarium en sinodale kerkkantoor – in besonder dr Johan Nel en me Anelia van den Blink – en aan alle aanbieders en mentors in opleidingsgemeentes, sowel as die Dekaan en personeel van die Fakulteit Teologie vir die werk wat in die afgelope termyn rakende teologiese opleiding in Bloemfontein gedoen is.

7.3 Die Sinode gee geleentheid vir 'n toeligting en bespreking oor die Verslag oor Teologiese Opleiding, en neem spesifiek kennis van die tien uitgangspunte oor teologiese opleiding in die NG Kerk Vrystaat, soos uiteengesit:

a) Dat teologiese opleiding vir die NG Kerk Vrystaat 'n kerklike saak is, en sy haarself uitdruklik aan 'n Christelik-gereformeerde benadering daartoe verbind;

b) dat teologiese opleiding vir die NG Kerk Vrystaat 'n lewenslange vorming van geroepenes is, en in gemeentes gegrond is en tot ontplooiing kom;

c) dat teologiese opleiding holisties en geïntegreerd geskied, met 'n onderskeid én onlosmaaklike verband tussen akademiese- en kerklike vorming;

d) dat die NG Kerk Vrystaat die geestelike- en kerklike vorming van haar kandidate vir gemeentelike bediening aan haar Seminarium opdra, met die klem op hul kerklike- en konfessionele identiteit (credo), gereformeerde spiritualiteit, die ontwikkeling van elk se persoonlikheidsprofiel en -vaardighede, en 'n gemeentelike- en gemeenskapspraxis;

e) dat die NG Kerk Vrystaat 'n verskeidenheid akademiese vennote en diensverskaffers innooi om hande te vat in die opleiding van haar studente binne die universitas van wetenskappe en in kontekste wat die werklikheid van bediening in Suider-Afrika weerspieël;

f) dat die NG Kerk Vrystaat haar opleiding tans toespits op drie verskillende opleidingsroetes na drie verskillende bevoegdhede (volle leraarsbevoegdheid, hulpleraars en ouderlinge met erediensbevoegdheid);

g) dat die NG Kerk Vrystaat die kompleksiteite van teologiese opleiding vandag erken, en daarom 'n dieper akademies-teologiese benadering prioritiseer (eerder as ligter/makliker), meer intenste kerklike vorming (eerder as korter) en 'n duideliker geestelike begeleiding van studente in persoon (eerder as slegs afstands- of aanlyn);

h) dat die NG Kerk Vrystaat opleiding verkies waardeur haar studente met sturende gemeentes, medestudente en mentors, dosente en begeleiers op reis gaan, as deel van 'n geloofsgemeenskap wat al meer sal spreek van haar missionale identiteit, etos en roeping;

i) dat die NG Kerk Vrystaat haar opleiding in Bloemfontein setel, as 'n toeganklike en bekostigbare opsie vir studente uit hierdie sentrale landstreek; en

j) dat die NG Kerk Vrystaat 'n hegte verhouding en dinamiese interaksie tussen kerk en opleiding op prys stel, en daarom haar opleidingstrukture, die Seminarium, personeel en studente wil koester en die beste voorsiening wil maak vir die volhoubaarheid van haar opleiding.

**7.4 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode gee aan die Kuratorium 'n mandaat om in die komende termyn, benewens die deurlopende besinning oor, beplanning vir en bestuur van gereformeerde teologiese opleiding vir die NG Kerk, spesifieke aandag aan die volgende prioriteite te gee:**

a) **Die ontwikkeling en verdieping van die kerklike vorming en -begeleiding van studente vir bediening in die NG Kerk-familie, en spesifiek programme wat eie is aan die belydenisgrondslag, geskiedenis, spiritualiteit en roeping van die NG Kerk en alles wat in die kerklike praktyk nodig mag wees om hierdie erfenis verantwoord en met integriteit in 'n samelewing in nood te kan bedien;**

b) **die verdere ontwikkeling van alle vennootskappe wat reeds gevestig is vir die teologiese opleiding van die NG Kerk, maar spesifiek dié met omliggende streeksinodes (Noord- en Ooskaap, Hoëveld, Goudland en Natal), met die VGKSA en NGKA, met ander kleinere kerke van reformatoriese oortuiging, met NetAct en met gemeenskapsorganisasies wat by fasette van die opleiding baat mag vind;**

c) **deelname aan en verantwoording van 'n eie oortuiging rakende teologiese opleiding binne die Algemene Kuratorium van die NG Kerk en die ontwikkeling van 'n toekomsscenario daarvoor, en spesifiek wat die ampte in die NG Kerk aanbetref; en**

d) **voortgaande besinning oor die akademiese komponent van teologiese opleiding vir die NG Kerk, en spesifiek die BDiv & Nagraadse Diploma & MTh/MDiv-roete, sowel as akademiese programme wat moontlik ook by ander instellings aangebied word en vir die NG Kerk Vrystaat van nut mag wees.**

**7.5 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die voorgestelde Konsepooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat en die Universiteit van die Vrystaat goed, vir finale onderhandelinge met die Fakulteit Teologie en Religie oor die kerklike akkreditasie en benutting van die BDiv, Nagraadse Diploma in Teologie en MTh-programme vir die opleiding van predikante van die NG Kerk.**

**7.6 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode versoek die Kuratorium om voort te gaan met besinning oor die akkreditasie van die Seminarium, as instelling vir beroepsonderrig in die hoër onderwyslandskap van Suid-Afrika.**

**7.7 Besluit:** *Kennis geneem*

Die Sinode neem kennis van die noodsaaklikheid van genoegsame fondse vir die werksaamhede van die Seminarium om aan sy opdrag te kan voldoen, sowel as die noodsaak van geskikte fasiliteite en spesifiek met die oog op retreats en werkswinkels vir studente en leraars, en dra dit aan die Kuratorium op om hieroor in oorleg met die Raad vir Ondersteuning te beplan.

**7.8 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur dit goed dat Teologiese Opleiding voortaan as 'n selfstandige sinodale bediening van die NG Kerk Vrystaat sal funksioneer, en dra dit aan die Kuratorium op om in oorleg met die Sinodale Diens Regte en die Moderamen die nodige reëlings en reglemente hiervoor te ontwikkel en goed te keur.**

**7.9 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode neem kennis en bekragtig die verlenging van dr Johan Nel se aanstelling (nou) as "Predikant in Sinodale Diens: Opleiding" tot in 2028, en dra dit aan die Kuratorium op om in oorleg met hom, 'n oorgang vir die jaar daarná en 'n nuwe bedeling te beplan.**

**7.10 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode dra dit aan die Kuratorium op om in oorleg met die sinodale kerkkantoor, die posomskrywing van die beampte vir opleiding en ontwikkeling, me Anelia van den Blink, aan te pas by die nuwe realiteite en eise vir teologiese opleiding van die NG Kerk Vrystaat.**

**7.11 Besluit:** *Kennis geneem*

Die Sinode doen 'n beroep op leraars, gemeentes en ringe,om deur hul bediening van die Woord, sakramente en gemeenskap van geloof, spesifiek ook in kategese, 'n grondslag te lê waarop doop- en belydende lidmate die roepstem van God sal kan hoor, spesifiek ook vir opleiding in gereformeerde teologie en alreeds ingelei te word in die taal van daardie teologie;

a) om doop- en belydende lidmate by te staan en te begelei in die ontdekking van hul gawes en besluitneming oor watter roete vir teologiese opleiding in hul spesifieke omstandighede gevolg kan word, en hul so spoedig moontlik in verbintenis met die Kuratorium en die prosesse rakende keuring, aansoeke en beurse te stel;

b) om hulself te verbind tot die ondersteuning van gereformeerde teologiese opleiding deur die mentorskap van studente en óók om finansieël tot hierdie prioriteit van die NG Kerk Vrystaat by te dra; en

c) om vir die teologiese opleiding van die NG Kerk Vrystaat te bid, en vir elkeen daarby betrokke as aanbieders, mentors en dosente, sowel as vir elkeen van ons studente in opleiding.

**7.12 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode wys die volgende persone as lede van die Kuratorium vir die volgende termyn aan:**

**<u>Dagbestuur</u>**

| | |
|---|---|
| **Ds JJ (Jan) Lubbe** | **Voorsitter** |
| **Ds G (Gideon) Lamprecht** | **Skriba** |
| **Dr GJ (Deon) Serfontein** | **Voors. Steunspan Akademiese- & Kerklike Evaluering** |
| **Ds PJ (Johan) David** | **Voorsitter: Steunspan Studentebegeleiding** |
| **Ds NJ (Johan) Labuschagne** | **O/voors. Steunspan Studentebegeleiding** |
| **Ds D (Deseré) Meyer** | **Voorsitter: Steunspan Diverse Bane** |
| **Dr J (Johan) Nel** | **Predikant in Sinodale Diens (Seminariumbestuurder)** |
| **Dr N (Nina) Müller Van Velden** | **Verteenwoordiger: Dosente verbonde aan die NG Kerk** |
| **Me A (Anelia) van den Blink** | **Administratiewe Beampte: Opleiding & Ontwikkeling** |

**Steunspan Akademiese- en Kerklike Evaluering**

| | |
|---|---|
| **Voorsitter** | **Dr GJ (Deon) Serfontein** |
| **Ondervoorsitter** | **Dr S (Suzanne) van der Merwe** |
| **Seminariumbestuurder** | **Dr J (Johan) Nel** |
| **Ou Testament** | **Dr GJ (Deon) Serfontein** |
| **Nuwe Testament** | **Ds DV (De la Harpe) le Roux** |
| **Sistematiese Teologie** | **Prof LOK (Laetus) Lategan** |
| **Ekklesiologie** | **Dr L (Leon) Oosthuizen** |
| **Praktiese Teologie** | **Drr DJB (Danie) Kleynhans en SC (Suzanne) v/d Merwe** |
| **Sendingwetenskap** | **Dr J (Juppi) Steurer** |

**Steunspan Studentebegeleiding**

| | |
|---|---|
| **Voorsitter** | **Ds PJ (Johan) David** |
| **Jaargroep 1** | **Di W (Wouter) van Velden & RC (Rikus) Botha** |
| **Jaargroep 2** | **Di A (Anton) & M (Melissa) Jacobs** |
| **Jaargroep 3** | **Ds NJ (Johan) Labuschagne** |
| **Jaargroep 4** | **Ds M (Matteus) Vorster** |
| **Jaargroep 5 (MTH 1)** | **Dr E Cassalegio** |
| **Jaargroep 6 (MTH 2)** | **Ds A (Anton) Jacobs** |
| **Addisionele lid/lede** | **Di T (Thania) Botha, R (Rikus) Botha, M (Matteus) Vorster** |
| **Studenteverteenwoordigers** | **E (Ethan) Kleynhans & M (Mia) de Jager** |
| **Seminariumbestuurder (ex officio)** | **Dr J (Johan) Nel** |
| **Administratiewe Beampte (ex officio)** | **Me A (Anelia) van den Blink Alle begeleierpredikante/mentors op 'n ad hoc-basis** |

**Steunspan Diverse Opleiding (Bedienaars en Hulpleraars)**

| | |
|---|---|
| **Voorsitter** | **Ds D (Deseré) Meyer** |
| **Ondervoorsitter** | **Ds LJ (Louwrens) Scheepers** |
| **Lid** | **Ds RCH (Richie) Kemp** |

**Alle begeleierpredikante van kandidate uit opleidingsgemeentes, op ad hoc-basis**

| | |
|---|---|
| **Uit elke Ring in die NG Kerk Vrystaat:** | **Een verteenwoordiger deur die Ring aangewys** |
| **Uit elke ander Sinode van die NG Kerk:** | **Een verteenwoordiger** |
| **Verteenwoordiger VGKSA** | |
| **Verteenwoordiger NGKA** | |
| **Verteenwoordiger RCA** | |
| **Verteenwoordiger NetAct** | |

**Verteenwoordigers van die Kuratorium/NG Kerk Vrystaat elders:**

| | |
|---|---|
| **By Adviesraad vir die Fakulteit Teologie** | **Ds JJ Lubbe (prim), dr J Nel (sek)** |
| **By die Willem Richards Beursfonds vir Geref. Teologie** | **Ds JJ Lubbe** |
| **By die Algemene Kuratorium van die NG Kerk** | **Di JJ Lubbe en G Lamprecht**<br>**Dr J Nel en N Müller van Velden** |
| **By die Kuratorium Stellenbosch** | **Ds G Lamprecht** |
| **By die Kuratorium Pretoria** | **Dr J Nel** |

**8. TEN SLOTTE**

Voorstel: Vergoeding van studente

**Besluit**: *Goedgekeur*

**Ons vra die vergadering om te oorweeg om die Teologiese studente (ons toekomstige kollegas) te beloon/ vergoed vir dienste gelewer tydens die Sinode.**

Voorsteller: Ds MC Barnard

Sekondant: Dr E Senekal van der Berg

Aandwyding: Esegiël 47:7-10

| Gemeente | Persoon | Vanaf Datum | Vanaf (tyd) | Tot (tyd) |
|---|---|---|---|---|
| Clocolan | J Venter | 09/06 | 12:30 | 13:15 |
| Bloemvallei | H van der Walt | 09/06 | 14:22 | |
| Bothaville–Noord | JA Mey | 09/06 | 08:00 | 20:15 |
| Bethlehem–Eureka | DE Dubb | 09/06 | 08:00 | 20:15 |
| Theunissen | S Pienaar | 09/06 | 08:00 | 20:00 |
| Hertzogville | J Boorman | 09/06 | 08:00 | 20:15 |
| Riebeeckstad–Erfdeel | SW van Niekerk | 09/06 | 08:00 | 20:15 |
| Bedelia | P Delport | 09/06 | 08:00 | 20:15 |

## VIERDE SITTINGSDAG – WOENSDAG 10 JUNIE 2026

Ds Joe Müller word geluk gewens met die herdenking van sy geboortedag. Hy doen voorbidding vir twee afgevaardigdes, ds Gerhard Wessels en oudl Neville de Bruyn, wat kanker onder lede het.

Die Liturgiese span gaan voor in die opening van die dag deur te lees uit Esegiël 47:11-12.

Daar het 260 afgevaardigdes aangemeld. Die kworum is dus 131 en ’n tweederde meerderheid is 174.

Die Luisterspan gee terugvoer oor die vorige dag se sitting.

Dr M (Marinda) van Niekerk van PEN lei die vergadering in gesprek “Missionale roeping”.

## DIENS VAN BARMHARTIGHEID

### C1 INLEIDENDE VERSLAG VAN DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

**SAKE VIR KENNISNAME**

**1. DIE ONTSTAAN VAN DIE RAAD**
**2. SAMESTELLING VAN DIE RAAD**
**3. UITVOERENDE AMPTENAAR**
**4. DIE UITKLAAR VAN DIE NUWE VERHOUDING MET ENGO EN NG WELSYN**

**5. DIE BENADERING VAN DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
**6. DIE WERKSAAMHEDE VAN DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

**6.2 STRUKTUUR EN UITGANGSPUNTE**

**6.3 SKAKELING MET RINGE EN GEMEENTES**

**6.3.1 Besoeke aan ringe, gemeentes en leiers**

**6.3.2 Ringsfondse projek**

**6.3.3 Projek Medewerkers**

**6.3.4 Silostratfondse**

**6.3.5 Opleiding van tuisversorgers**

**6.3.6 NGK Bloemfontein-Wes se bediening van die jeug van Ons Kinderhuis**

**6.3.7 Ring van Bethlehem se behoefte aan groter kapasiteit in maatskaplike dienste**

**6.4 SKAKELING MET VENNOTE EN DIENSVERSKAFFERS**

**6.4.1 ENGO**

**6.4.1.1 Ondersteuning van Ringe en Gemeentes in verhouding met ENGO**
**6.4.1.2 Ondersteuning van Bloemfontein Ringe en die jaarlikse ENGO finansiële aanslag**
**6.4.1.3 Samewerking met ENGO Jeugsorg**

**6.4.2 Childline Free State**

**6.4.2.1 Maatskaplike krisisse Noodlyn**

**6.4.2.2 Verdere ondersteuning van die werk van Childline Free State**

**6.4.3 Torings van Hoop Trust**

**6.4.4 Rehabilitasiesentrums**

**6.4.5 Verblyf vir Familie van Hospitaal Pasiënte**

**6.4.6 Smart Start se VKO program (Vroeë kindontwikkeling)**

**6.4.7 TOIBA (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)**

**6.4.8 Vennootskap KMDR en die Algemene Sinodale kantoor**

**6.4.9 Skakeling met verskeie ander vennote**

**6.5 PUBLIEKE GETUIENIS**

**6.5.1 Rampondersteuning**

**6.5.1.1 Rampondersteuningsnetwerk in die Vrystaat**

**6.5.1.2 Algemene Sinodale Rampondersteuningsnetwerk**

**6.5.2 Die Hoopfonds**

**6.5.2.1 Jagersfontein slikdam-ramp**

**6.5.2.2 Watertenks, Theunissen en Brandfort**

**6.5.3 Bek-en-klouseer ramp in die Vrystaat**

**6.5.4 Beter Dorpe inisiatief**

**6.5.5 Verkiesingswaarnemers**

**6.6 DIE PAD VORENTOE, 2026 EN VERDER**

**6.6.1 Sinodale Strategiese beplanning -18 Julie 2024**

**6.6.2 Sinodale Strategiese beplanning – 12 & 13 Januarie 2025**

**6.6.3 Diens van Barmhartigheid Raadsvergadering – 22 Mei 2025**

**6.6.3.1 Hoedanig het die huidige sinodale bediening vir Diens van Barmhartigheid beantwoord aan die behoeftes onder die gemeentes en ringe van die NG Kerk Vrystaat?**

**6.6.3.2 Watter uitdagings was en is daar om aan die behoeftes van gemeentes en ringe te aandag te gee?**

**6.6.3.3 Waarop moet die sinodale bediening vir Diens van Barmhartigheid in hiérdié tyd spesifiek nou op fokus?**

**6.6.4 Take vir Bedieninge na die Sinodale Visioeneringsgesprekke – 22 & 23 September 2025**

**6.6.5 Eerste stappe aan ‘n strategiese plan vir Diens van Barmhartigheid, 2026 en verder**

**6.6.6 Besluite van die Raad van Diensbarmhartigheid aan die Moderamen – 24 & 25 Maart 2026**

**SAKE VIR GOEDKEURING**

1. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat deur die Diens van Barmhartigheid gedoen word en versoek dat hierdie werksaamhede op dieselfde wyse voortgesit word.**

2. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Diens van Barmhartigheid versoek die Sinode om die aangepaste reglement van Diens van Barmhartigheid goed te keur.**

**REGLEMENT VAN DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

In die reglement: Behou die bewoording *Raad van Ondersteuning* in die plek van die voorgestelde *Raad van Rentmeersterskap*.

| Twee kort video’s van Engo word vertoon. |
|---|

3. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode spreek sy dank uit teenoor almal betrokke om die Samewerkingsooreenkoms tussen ENGO en NG Welsyn en die NG Kerk Vrystaat ’n realiteit te maak en spreek haar begeerte uit dat hierdie drie instansies aan die hand van die ooreenkoms in ’n wedersydse opbouende verhouding sal vorentoe beweeg.**

**C1-2 Ooreenkoms tussen ENGO en NG Welsyn Vrystaat en NG Kerk Vrystaat word dus ook hiermee goedgekeur**

4. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode spreek groot waardering uit vir die werk wat Childline Free State doen en steun Diens van Barmhartigheid in die voortsetting van die ooreenkoms wat betref die gebruik van die 24-uur Noodlyn.**

5. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode besluit dat die volgende vier jaar bekend staan as 'n Seisoen van Handevat en dra dit aan al die bedieninge, die Moderamen, ringe en gemeentes op om met praktiese inisiatiewe vorendag te kom om die onderlinge verhoudinge in die sinodale gebied te versterk.**

**6. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode versoek Diens van Barmhartigheid om ondersoek te doen om Vroeë kinderontwikkeling (VKO) een van die fokuspunte van haar werk in Vrystaatse gemeenskappe te maak.**

**7. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode versoek Diens van Barmhartigheid om saam met ander rolspelers en vennote 'n omvattende ondersoek te doen na die stand van armoede onder gemeenskappe in die Vrystaat.**

**8. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode wys die volgende persone aan as lede van die Raad vir Diens van Barmhartigheid:**

**<u>Kundiges</u>**

**Oudl JH Britz**
**Ds A Botha**
**Oudl WJ Lombaard**
**Ds M Nortier**
**Ds JL Reynders**
**Ds JL Smith**
**Mnr PJ van der Merwe**
**Ds R Wessels**

**<u>Verteenwoordigers</u>**

**Oudl AT Nieuwoudt (Torings van Hoop)**
**Me EJ Conradie (Reformed Initiative for Community Development – RICD)**
**PSD: Vennote in Getuienis**
**PSD: Ondersteuning**
**PSD: Teologiese Opleiding**
**PSD: Bedieningsbegeleiding**

## D VENNOTE IN GETUIENIS

### D1 DIE MISSIONALITEIT VAN DIE KERK

'n Video oor die rol van Publieke Getuienis - Willem Ellis

Video's word vertoon wat handel oor die ondersteuning by Justo Mwale Universiteit in Lusaka, sowel as die werk wat in Japan gedoen word.

**DIE WERKSAAMHEDE AS UITVOERING VAN DIE SINODE-OPDRAG**

**BINNELANDS**

**1. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Vrystaat Sinode neem kennis van die geïdentifiseerde onderwerpe en erken die noodsaak dat verdere gesprekke tussen die onderskeie kerke gevoer moet word.**

**2. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode dra dit op aan die nuwe moderatuur om hierdie gesprekke te hervat en as prioriteit op hulle agenda te plaas.**

**3. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode hervestig hulle verbintenis tot eenheid en voortgaande gesprekke tussen die NG Kerk, NGKA, VGKSA en die RCA.**

**4. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode versoek Vennote in Getuienis se Taakspan vir Publieke Getuienis om, in oorleg met die moderamen, in die volgende 4 jaar 'n Vrystaat-dialoog binne gemeenskappe te inisieer met die doel om sosiale kohesie te bevorder om sodoende 'n beter, groeiende, florerende en veiliger Vrystaat daar te stel waar die genesende water van die evangelie hoop sal bring in plaas van die ellende en agteruitgang wat tans ervaar word.**

**GETUIENISAKSIES**

**1. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode neem kennis van die werksaamhede wat onder die naam Waypoint (die gekose naam vir die bediening aan studente) plaasvind en moedig gemeentes aan *om* hulle naskoolse jongmense wat in Bloemfontein kom studeer te verwys na die bedieningspunte van Waypoint by die gemeentes van NG Gem Pellissier, NG Gem Langenhovenpark, Universitas Geloofsentrum en Kopanong (by NG Gem Bloemfontein-Wes).**

**2. Besluit:** *Goedgekeur*

**Versoek leraars in die sinode om hulle beskikbaar te stel om as leiers van die uitreike op te tree.**

## D1-1 VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE NG KERK IN SUID-AFRIKA (VRYSTAAT) TYDENS DIE NG SINODE VAN DIE VRYSTAAT IN JUNIE 2026

### SAKE VIR KENNISNAME

**Besluit:** *Kennis word geneem van punte 1 tot 10*

**1. MISSIONALE VENNOOT**

**2. DIE BYBEL IN AFRIKAANS**

**3. VERTALING VAN DIE BYBEL**

**4. BYBELVERSPREIDING – GEDRUKTE BYBELS**

**5. BYBELVERSPREIDING – DIGITALE BYBELS**

**6. BYBELVERSPREIDING – OUDIOBYBELS**

**7. BYBELGEBASEERDE GELETTERDHEIDSPROGRAM**

**8. DIE NG KERK SE UNIEKE ROL**

**9. PREDIKANTE IN DIENS VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

**10. DANKWOORD**

### SAKE VIR GOEDKEURING

**11.1 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en kerkrade van die NG Kerk in SA (Vrystaat) vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling en in die verspreiding van die Bybel.**

**11.2 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode van die Vrystaat versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebed en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te wees. Die sinode moedig gemeentes aan om tydens Pinkster, op Bybelsondag asook tydens Hervormingsmaand spesiale kollektes vir Bybelverspreiding op te neem.**

**11.3 Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode van die Vrystaat versoek gemeentes om op 23 Augustus 2026 ’n spesiale dankdiens te hou, om die Here te eer vir die Bybel in Afrikaans (asook ander tale).**

# D VENNOTE IN GETUIENIS

## D1 DIE MISSIONALITEIT VAN DIE KERK (vervolg)

**<u>Wêreld-Christendom</u>**

**1. Besluit:** *Kennis geneem*

Die sinode bespreek die temas om die tafels met die tema: Kerk in die samelewing.

**2. Besluit:** *Goedgekeur*

**Gee opdrag aan die moderatuur om die temas meer breedvoerig en deurlopend as besprekingspunte met leiding aan gemeentes te hanteer.**

**Werkgroep vir Teologiese besinning**

**1. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode versoek gemeentes om hulle te vergewis van die studiestuk "'n Plek vir elke gesprek" wat later uitgedeel sal word wat riglyne bied aan gemeentes se ekumeniese sowel as inter-geloofsverhoudings, gesprekke en samewerking.**

**2. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode moedig gemeentes aan om betrokke te raak by plaaslike ekumeniese aksies of leiding te neem in die daarstelling van plaaslike ekumeniese aksies om so die eenheid van die Liggaam van Christus op plaaslike vlak te vergestalt.**

**3. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode herinner gemeentes daaraan dat die kerk ook 'n taak het om deel te neem aan inter-geloofsgesprekke, maar dat hierdie gesprekke, ver houdinge en samewerking nie gesamentlike aanbidding kan insluit nie.**

**4. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode distansieer homself van intergodsdienstige byeenkomste wat die indruk skep dat die Christelike geloof en Islam 'n gemeenskaplike geloofsgrondslag deel; dat die "godheid" soos uitgedruk word in ander geloofsopvattings nie 'n gelykstelling aan die Drie-enige God kan wees nie en dat die enigste weg na God deur die kruisdood van sy Seun, Jesus Christus, is. (Johannes 14:6)**

**<u>Getuienisvennote</u>**

**1. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Vennote in Getuienis maan gemeentes om nie na willekeur elektroniese boodskappe via sosiale mediaplatforms aan te stuur oor die vervolging van Christene alvorens daar nie seker gemaak is oor die feitelikheid van die materiaal nie.**

**2. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die raad is bekommerd dat daar oproepe tot voorbidding gedoen word vir gebeure wat nie geverifieer kan word nie, wat vals is in inhoud of wat deur KI gefabriseer is.**

**3. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Geopende Deure bly 'n vertroude vennoot en daarom moedig ons gemeentes om met hulle te skakel om goeie geverifieerde inligting te bekom wat in gemeentes versprei kan word.**

**4. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Ons moedig gemeentes aan om gereeld voorbidding te doen vir die vervolgde kerk in Afrika, die Midde-Ooste en elders in die wêreld.**

**5. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die sinode spreek sy diepe bekommernis en ontsteltenis uit oor die groeiende gewelddadige vervolging van Christen-gemeenskappe dwarsoor die wêreld.**

**6. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Ons moedig gemeentes aan om aan die een miljoen handtekeninge-inisiatief deel te neem om die saak van vervolging van Christen-gemeenskappe in Afrika op die agenda van die AU te plaas vir dringende aandag en optrede.**

**SAKE VIR GOEDKEURING**

**1. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die sinode spreek sy dank uit aan die taakspanne wat die afgelope vier jaar getrou hulle gawes gedeel het om die getuienistaak saam met ons ekumeniese vennote op te geneem en uitgevoer het.**

**2. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die sinode keur die werksaamhede, soos uiteengesit in die verslag, goed as gesamentlike werksaamhede van die Sinode Vrystaat en versoek dat daar dienooreenkomstig voor begroot sal word.**

**3. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die sinode bly steeds verbind aan 'n missionale teologie met die fokus op die Missio Dei en herinner gemeentes aan hulle gestuurdheid na die hele wêreld.**

**4. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die sinode herinner gemeentes aan hulle getuienistaak in die wêreld en maan teen 'n na-binnegekeerde bedieningsfokus wat nie op die Missio Dei ag slaan nie en ook nie gehoorsaam is aan Matteus 28:19 en Handelinge 1:8 se opdragte om dissipels te maak en die goeie nuus van Jesus se verlossing aan alle mense tot aan die eindes van die wêreld te bring nie.**

**5. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die sinode keur die volgende taakspanne en naamlys goed wat as die Raad van Vennote in Getuienis konstitueer:**

**<u>Ekumeniese Vennootskappe</u>**

**<u>Buitelands:</u>**

**Zambië - Ds W (Wouter) van Velden**
**Lesotho - Ds FP (Frans) du Toit**
**Namibië - Ds C (Craig) Salzmann en ds IH (Zack) Scholtz (Degnos)**
**- Ds D (Dyllen) Allen (Caprivi)**
**Reformed Family Forum - Dr NJ (Nico) Mostert**
**Botswana - Dr L (Leon) Oosthuizen**
**Asië - Ds RH (Rikus) Hattingh**
**NetACT - Dr NJ (Nico) Mostert**

**<u>Binnelands</u>:**

**NGK, RCA, NGKA, VGKSA - Ds S (Shawn) Darker**
**SA Raad van Kerke Vrystaat - Ds DV (De la Harpe) le Roux/Dr NN (Nico) Mostert**

**Getuienisaksies**

**Studentebediening - Ds W (Wouter) van Velden (Bedieningsbestuurder)**
**Middestad & Arbeidsbediening (IMSA) - Mnr AJ (Andreas) Nieuwoudt (Bedieningskoördineerder)**
**Bybelgenootskap - Dr RJ (Roelf) Pienaar - Sek ds J (Joe) Müller**
**Publieke Getuienis - Mnr W (Willem) Ellis**
**Islam in Afrika/Suid-Afrika/platteland - Dr E (Enrico) Casaleggio**
**Korttermynuitreike & Sendingbewusmaking - Ds W (Wouter) van Velden**
**Evangelisasie - Ds J (Joe) Müller**

**VENNOTE IN GETUIENIS**

**<u>Missionale Diakonaat</u>**

**Reformed Initiative for Community Development - Mev Elbie Conradie (Ontwikkelingsbeampte RICD)**

**6. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode versoek ringe om die volgende persone te nomineer, of om ander aan te beveel indien daar nie 'n voorstel is nie, as hulle verteenwoordigers om te dien op die Raad van Vennote in Getuienis:**

**Bethlehem – Ds SH (Stephan) Swart**
**Bloemfontein-Noord – Mnr W (Willem) Ellis**
**Bloemheuwel – Ds CA (Craig) Salzmann**
**Bultfontein – Ds FP (Frans) du Toit**
**Fauresmith – Me A (Annalie) du Preez**
**Goudveld – Ds HJ (Hendrik) Conradie**
**Harrismith – Ds HH (Henry) Williams**
**Heilbron – Ring beveel aan**
**Sentraal – Ring beveel aan**
**Smithfield – Ds N (Nadine) van Rooyen**
**Suidoos-Bloemfontein – Dr E (Enrico) Casaleggio**
**Vaalrivier – Ds F (Francois) van Tonder**
**Valsrivier – Ds D (Dylan) Allen**
**Waterbron – Ds J (Johan) David**
**Welkom – Ds S (Shaun) Darker**

**Kategoriaal – Ds J (Joe) Müller**

**7. Besluit: :** *Goedgekeur*

**Die sinode keur die voorgestelde wysigings, soos deur die STK aanbeveel, aan die reglement goed.**

## 9. REGLEMENT VAN VENNOTE IN GETUIENIS

**Voorstel**: *Goedgekeur*

Lid van Moderamen: Sinodale Diens Navorsing (SDN)

1. Die Sinode wys prof Laetus Lategan (leraar NG Gemeente Bloemheuwel) aan as lid van die Moderamen met opdrag navorsing, en sameroeper van die Sinodale Diens Navorsing.

2. Dra dit aan die Moderamen op om hom te ondersteun in die vestiging van 'n effektiewe en volhoubare netwerk om navorsing wat die bediening en getuienis van ons kerkverband en gemeentes kan versterk.

Voorsteller: Ds JJ Lubbe
Sekondant: Oudl EA Swart

**Voorstel**: *Goedgekeur*

Kantoorpersoneel

Ons wil graag die personeel bedank vir hulle harde werk. Daarom die voorstel dat die personeel 3 dae ekstra by hulle verlof kry as 'n dankie van ons kant af.

Voorsteller: Ds R Wessels
Sekondant: Ds D Basson

# E EENHEID VIR ONDERSTEUNING

## E2 VERSLAG VAN DIE ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS

*"Die verlede is 'n ander land: Waar is die pad wat daarheen voer? ...*
*Die verlede is 'n ander land, onbereikbaar in sy verte, en wat daaruit herwin kan word,*
*wat daaruit behou kan word, dra jy met jou saam."*
(Karel Schoeman, "Uur van die Engel.")[1]

Die Argief van die NG Kerk Vrystaat het bykans ses dekades gelede onder leiding van ds. HCJ Flemming tot stand gekom, toe gemeentes in hierdie kerkverband hul kosbare stukke argivalia gebring het om bewaar te word as "getuienis van die groot dade van God" (Psalm 78) in hierdie landstreek sedert die vroeë 1840's. Sedertdien het dié getuienisse oor ons verlede en die bediening van ons kerk, uit gemeentes na die Kerkargief bly vloei, en ons geheue en die verstaan van onsself bly verdiep. Dit is 'n verhaal wat vra om aan ons tydgenote en die nageslag oorvertel te word.



Die NG Kerk Vrystaat het sedert die Buitengewone Sinode van 2014, konsekwent gekies om hierdie argiefversameling aan haar toevertrou, plaaslik en met die beste moontlike sorg te bewaar en te ontsluit. Die verkoop van die ou Sinodale Sentrum in St Andrewstraat het beteken dat die hele argiefversameling opgepak moes word, vir twee jaar gestoor gestaan het, en in 2016 is die nuwe Kerkargief by die Sinodale Kerkkantoor in Van Heerdenweg ingerig. Met hierdie verhuising, het ook die aftrede van me Christa Botes saamgeval, wat jare lank die Argivaris vir die NG Kerk Vrystaat was. Daarmee het 'n nuwe era aangebreek en het die Argiefkomitee in 2022 daaroor aan die Sinode verslag gedoen.

Kort ná daardie Sinode, het die Kerkargief op 12 September 2022 'n eerste inisiatief vir die nuwe termyn aangebied: 'n Daglange werkswinkel oor die wese van 'n Kerkargief soos hierdie, sy waarde en die moontlikhede in die Vrystaat – prof Dolf Britz was die inleier op hierdie tema; sien verder die artikel wat in VRYPOS verskyn het:

https://www.ngkerkvrystaat.co.za/blog/afr/n-kerkargief-soos-di-sal-ons-van-vals-getuienis-en-eiewaan-bewaar.php

Dit is ons voorreg om die verhaal verder te vertel ...

---

1 *Uur van die Engel* (1995), in *Stemme 3*, 2017:346-347.

## 1. PERSONEEL EN BESTUUR

Dit is alreeds ses jaar dat me Helena Smit die funksie van 'n argiefbeampte met uitgebreide verantwoordelikhede oorgeneem en alle werksaamhede in die kantoor en Kerkargief met die hulp van enkele vrywilligers (o.a. mnr Hannes Saaiman en me Vonite Janse van Vuuren), hanteer. Die Kerkargief resorteer onder die afdeling Administrasie by die Sinodale Kerkkantoor, onder leiding van mnr Tertius Botha. Hierdie enkele personeellede, word bygestaan deur die Argiefkomitee, wat ongelukkig in die afgelope paar jaar gekrimp het tot net die volgende lede:

Ds. Jan Lubbe (voorsitter)
Dr. Gideon van der Watt
Ds. Werner Burger
Me Helena Smit
Mnr Adriaan de Ruiter
Mnr Tertius Botha (skriba)

Mnr Botha is in 2025 aangewys as voorsitter van die Algemene Sinode se Taakspan Argief (ATA); dit het weer bygedra tot 'n versterking van ons verhoudinge met die Kerkargief in Stellenbosch, die Noordelike Argiefnetwerk (die Argiewe van die Oostelike Sinode, van KwaZulu-Natal, die NHK by die Voortrekkermonument in Pretoria, en die GKSA in Potchefstroom). Daar is steeds skakeling met die ander argiewe in Bloemfontein (die Oorlogsmuseum, NALN en die UV). Daar is steeds ook bande met kundige individue soos proff. Lindi Koorts en Dolf Britz, drr. Jurie van Wyk, Gerdrie van der Merwe en Ruhan Fourie van die Beyers Naudé-Sentrum in Stellenbosch.

## 2. PROFIEL VAN DIE KERKARGIEF

Gedurende die Covid-pandemie is daar in opdrag van die Raad vir Ondersteuning 'n ondersoek gedoen na die funksionering en volhoubaarheid van 'n Argief vir die NG Kerk Vrystaat, en is 'n verskeidenheid van kundiges daarby betrek. Die teologiese gronde waarom 'n kerkverband haar verlede behoort te bewaar, te onthou en te laat spreek, is beredeneer. Die Christelik-intellektuele tradisie waarvan ons deel is, is in wese histories van aard en daarsonder word ons verarm en uitgelewer aan "elke wind van lering" wat mag kom en gaan. 'n Tweede oorweging is die histories-kontekstuele waarde van hierdie argiefversameling in die Vrystaat, waar die geskiedenis van al die gemeentes en in baie gevalle ook dorpe bewaar word; die geskiedenis van grondbesit in die provinsie, die lotgevalle van sendingstasies in grensoorloë, die trauma van die verwoestende oorlog van 1899-1902, die opbou daarná deur 'n Afrikaanse taalbeweging en die eerste Bybel in Afrikaans, die opkoms van Afrikaner-nasionalisme, ons sendinggeskiedenis tot in die noorde van Zambië én die teologie van apartheid; uiteindelik ook die oorgang na 'n nuwe land en hoe dít in gemeentes beleef is – dit alles is te lese in die argivalia wat in hierdie Kerkargief bewaar word.

In breë trekke beslaan die Kerkargief die volgende in omvang:

| | |
|---|---|
| Gemeentelike Argivalia (lidmaat-, huweliks- doopregisters ingesluit) | 295 meter * |
| Ringsargivalia | 62 meter |
| Sendingversameling | 55 meter |
| Historiese Boekery | 42 meter |
| Persoonlike versamelings (leraars, sendelinge, dosente) | 40 meter * |
| Kerklike tydskrifte | 34 meter |
| Teologiese opleiding en Beursfondse | 30 meter |
| Argief van die Sinodale Kerkkantoor | 29 meter |
| Sinodale Kommissies & Moderamen | 25 meter |
| Handelinge van Sinodes | 14 meter |
| Diens van Barmhartigheid | 11 meter |
| Vrouediens | 11 meter |

- Let op: Gemeentelike Argivalia het die afgelope vier jaar met 6 meter gegroei; persoonlike versamelings met 2 meter!

Die Kerkargief beskik ook oor 'n unieke en kosbare versameling historiese kaarte en afdrukke.

Dit is dus duidelik dat hierdie Kerkargief 'n groot bydrae kan lewer tot die akademies-wetenskaplike ontwikkeling van ons gemeenskappe deur in 'n netwerk van argiefbewaarplekke in die stad, maar ook die breër streek – na die Noord-Kaap en Lesotho – bronne te bied aan studente in kerk- en algemene geskiedenis, teologie, argitektuur en geografie sowel plaaslik as internasionaal... as hul maar net van ons versameling kon weet! Intussen huisves ons Kerkargief in lokale rondom, ook nog 'n groeiende boekeversameling wat indien behoorlik bekendgestel, 'n waardevolle oord vir teologiese studie in die sentrale dele van die land kan word. Dit is in die afgelope vier jaar deur dr Pieter van Jaarsveld georden en in 'n netjiese katalogus opgeneem. Die boekery van prof Rian Venter wat ná sy aftrede ontvang is, was waardevol. Verskillende aspekte van hierdie boekery verg egter verdere aandag –

- Vind van 'n verantwoordelike personeellid/vrywilliger

- Begroting vir hierdie komponent van die Kerkargief se werk
- Opstel van ‘n beleid rakende versameling en bestuur
- Opgradering van die boekelys, en invul van bibliografiese besonderhede
- Ontsluiting in ‘n standaard katalogus
- Vind van ‘n geskikte uitstalruimte
- Bekendstelling aan die (kerk)publiek, predikante en studente

‘n Vierde oorweging wat in die afgelope termyn steeds ‘n rol gespeel het, en vorentoe sal bly – in die profiel van hierdie Kerkargief – is die kwessie van befondsing. In 2015/16, ná besluite van die Vrystaatse Sinode, is ‘n kapitale belegging van nagenoeg R 2,8 miljoen gemaak in die oprigting van die huidige fasiliteite. Die bedryfsbegroting vir die Kerkargief beloop tans R 291 000 per jaar (die salaris van die Argiefbeampte is nie hierby ingesluit nie); wat minder is as wat ‘n skuif na bv. Stellenbosch in 2022 sou kos (R 377 00 per jaar rakgeld), maar wat realisties gesproke ook weer te min is om hier in Bloemfontein die nodige werksaamhede vol te hou en veral met kreatiwiteit uit te bou. Daarsónder bly ons Kerkargief grootliks ‘n bergplek vir argivalia, wat slegs in ‘n beperkte mate vir die (kerk)publiek en navorsers aantreklik en toeganklik sou bly. In dié opsig is al bereken dat sou die kluis en stoorruimte in geheel aan ‘n buitestaander(s)/kliënte verhuur kon word (sê nou maar as die versameling gedeeltelik na Stellenbosch verskuif), dit ten beste ‘n bedrag van R 300 000 per jaar vir die NG Kerk Vrystaat sou oplewer...

By al vier hierdie genoemde oorwegings – die teologiese gronde om ons verlede te onthou, die histories-kontekstuele waarde van ons argiefversameling, die akademies-wetenskaplike bydrae wat hierdie materiaal kan lewer, en die finansiële volhoubaarheid van hierdie bediening van die NG Kerk Vrystaat – kom die impak en moontlikhede van die nuwe inligtingsera waarin ons ons bevind, ter sprake. Dit is die roete waarop ons genoodsaak móes gaan: die digitering van argiefmateriaal.[2] Algaande het die argiefpersoneel hieroor kennis en ervaring versamel, waaroor hieronder iets meer vertel word. Dit is egter die terrein van spesialiste, en daarom soveel te meer die pleidooi van die Argiefkomitee dat die Sinode realisties oor die ontsluiting van die argief sal nadink. In hierdie verband moet vermeld word dat die jaarvergadering van die ATA in 2025 hier in Bloemfontein plaasgevind het, onder leiding van mnr Tertius Botha, en presies hierdie uitdaging vir argiewe in die digitale 21ste eeu aangespreek het.

Intussen gaan ons Kerkargief voort om argivalia te ontvang, inligting te bewaar en te ontsluit as ‘n bevestiging van ons teologiese-, historiese- en missionale identiteit in die Vrystaat en dit wat ons as kerkverband hierdeur tot die lewe in ons gemeenskappe kan bydra.

Vervolgens, daaroor meer ...

## 3. OORSIG VAN WERKSAAMHEDE 2022-2026

Die volgende werksaamhede en dienste is sedert die vorige Sinode in ons kerkverband verrig:

### 3.1 ONTVANGS VAN DOKUMENTASIE EN ARGIVALIA, EN ONTSLUITING:

Registerafskrifte van gemeentes is ontvang en opgevolg vir korreksies; alle telefoniese- en e-posnavrae van gemeentes in hierdie verband is hanteer. Alle getikte doopregisters en uit alle dorpe in die Vrystaat (1933-1984) is in die proses om omgeskakel te word na DB Text (nagenoeg 80% van registers) – doop- en huweliksregisters, sowel as die BI-30 dokumente, beloop tans alreeds meer as 478 768 aantekeninge in die digitale register van die Kerkargief; dit is 68 488 meer invoere sedert die vorige sinodesitting (dit is ± 1 425 inskrywings per maand!). Navrae van lidmate oor huweliksregisters (BI-30 vorms) neem toe, vir boedel- en emigrasie-doeleindes na mate dienste by Binnelandse Sake nie na wense verloop.

Verder is lidmaatskapbewyse deurlopend aan die NG Kerk Bloemfontein (Tweetoring) gestuur, aangesien hul lidmaatregister in ons Kerkargief bewaar word. Rektifikasies van lidmaatbesonderhede is op aanvraag van gemeentes gedoen. Finansiële state van gemeentes is ontvang, in datumvolgorde en alfabeties by elke gemeente se versameling geliasseer. Duplikate van finansiële rekords is vernietig, wat weer rakspasie beskikbaargestel het. Inventarisvorms van gemeentes is ingevolge Wet 2 van 2000 ontvang en waar ontbrekend, opgevolg. Toestemmingsbriewe is aan gemeentes uitgereik vir die vernietiging van dokumentasie.

’n Volledige inventaris van die kluis is opgestel. Die inventaris is ‘n lys van 4 437 inskrywings wat aandui wat in die argief beskikbaar is. Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet no 2 van 2000), algemeen bekend as PAIA, bepaal dat so lys beskikbaar moet wees. Hierdie opsomming help ook dat items/dokumente dadelik opgespoor kan word.

Vier belangrike en unieke kerkhistoriese versamelings is in die afgelope termyn deur ds Jan Lubbe vir ons Kerkargief bekom, te wete:


---

2 Die begrip **“digitering”** (in nuusbriewe van bv. die Argief in Stellenbosch en van die NHK se argief, 2019) is ‘n samevoeging van twee ander begrippe om opeenvolgende prosesse te beskryf waardeur argiefmateriaal tegnologies ontsluit word: *“Digitisering”* is die eerste proses waardeur die harde kopie van ‘n teks of ander bron omgeskakel word in ‘n sagte of digitale kopie; dit word bv geskandeer of ‘n foto van geneem; *“digitalisering”* is die tweede, meer gespesialiseerde proses waardeur so ‘n digitale kopie van die bron dan geënkodeer word deur gebruik te maak van optiese karakterherkenningsprogrammatuur (OHK), sodat dit die bron of versameling dan in ander kontekste, soektogte en registers opgespoor en benut kan word (Wieringa & Carstens, Litnet Akademies, Jg 19, 2022:54).

- Die Eddie Brown Kerkhistoriese Pamflet-versameling met inskrywings sover terug as 1753!
- Die persoonlike versameling van prof SA Strauss, Vrystaatse leraar en dosent in Sistematiese Teologie
- Die persoonlike versameling van ds Tienie Britz, geskenk deur sy seun prof RM Britz
- Die Argief van die Belydende Kring (NG Sendingkerk, 1970-1980's), geskenk deur prof Klippies Kritzinger

Oor die versameling van prof Sybrand Strauss, het daar 'n artikel in VRYPOS verskyn, wat onder andere 'n blik gee op die onskatbare waarde van so 'n persoonlike versameling – te lese by:

https://www.ngkerkvrystaat.co.za/die-woord-n-waterpas-en-die-gebaande-weg-van-sybrand-strauss/







### 3.2 DIE "SENDINGVERSAMELING" – GEDIGITALISEER, EN 'N STORIE DAAROOR WAT WYS ...

Vir meer as 'n dekade was dr Jurie van Wyk – vroeër van die Justo Mwale Teologiese Kollege in Zambië – vrywillig gemoeid met die skandering ("digitisering") van die Sendingargief van die NG Kerk Vrystaat, en die uiteindelike beskikbaarstelling daarvan vir navorsing internasionaal ("digitalisering") – 'n versameling en projek wat meer as 72 000 dokumente ontsluit het. Net die inhoudsgids van hierdie projek beslaan 80 bladsye, wat die verloop van die projek, uitdagings, verder aanbevelings, die inhoud en gebruiksaanwysings beskryf! Die volgende versamelings en argivalia is hierin opgeneem – om aan die Sinode 'n idee van die omvang en waarde hiervan te gee:

- Zending Commissie voor het Buitenland (sedert 1865)
- Algemene Zendingcommissie
- Sinodale Algemene Sendingkommissie
- Sinodale Sendingkommissie Groep
- Inwendinge Sending (Barmhartigheidswerk)
- Korrespondensie van die Algemene Sendingkommissie
- Korrespondensie Organiserende Sendingsekretaris
- Argief van die Sendingsekretaris
- Ringsendingverslae
- Noordoos-Rhodesië Groep
- Sendingstasieverslae 1920 en Kwartaalstate 1926
- Groep Suid-Rhodesië Notules, Verslae en Korrespondensie
- Korrespondensie Buitelandse Sending 1908-1922 en 1923-1983
- NG Gemeentes Zambië
- Reformed Church in Zambia
- Madzimoyo Church Council Minutes 1923-1934
- Merwe Church Council Minutes 1923-1934
- Nsadzu Church Council Minutes 1923-1934
- Proceedings of the General Missionary Conference of Northern Rhodesia
- Council of Reformed Churches in Africa
- Malawi Sending
- Mashonaland Sending
- Reformed Church in Zimbabwe Synod Minutes
- Mochudi 1904 (Botswana)
- Sendingkerk OVS Notuleboek Sinode en ASK
- Korrespondensie Binneland
- Witsieshoek (Teologiese Skool)

- Eerwaarde Ross Geskiedenis van Witzieshoek
- Mannen Zending Bond Winburg

Om die reikwydte en relevansie van hierdie werk te illustreer, en as ‘n pleidooi aan die Sinode van die NG Kerk Vrystaat oor ons Kerkargief, word ‘n uittreksel van ‘n brief van dr Van Wyk aan die voorsitter van die Argiefkomitee, gedateer 7 April 2026, hier weergegee:

*Beste Jan,*

*Ek neem vrymoedigheid om aan jou oor ‘n aantal sake rakende die ge-digiteerde werk te skryf. … Die mees dringende saak is langtermyn bewaring …*

*Die verhaal van ‘n heel ander kant af. Kort voor Desember vakansie (2025) stap twee toeriste voor my huis in Colesberg verby en ons begin gesels. … Hulle was afgetrede Prof Kees en Mev Christien van der Waal van Stellenbosch. Die gesprek lei toe noodwendig tot die resultaat van die 18 maande se werk aan die voorbereiding vir die webwerf. Hy stel my voor aan Prof Harry Wels, aan die Vrije Universiteit, Amsterdam. … Hy stuur dit (ook) aan die direkteur Prof Susan Coetzee-Van Rooy, Zuid-Afrika Huis in Amsterdam. Nog geen terugvoer.*

*‘n Maand of twee gelede gelede egter bel ‘n Nieu-Seelander, Mike Dwight, my uit Thames, Nieu-Seeland. Êrens suid van Auckland. Drie weke terug is hy hier op besoek. Dit gaan oor die Nieu-Seeland soldate wat hier gedurende die Anglo-Boer Oorlog geveg het en vyf wat hier begrawe is – oorweldigend entoesiasties. Dit lei tot verskeie sake en een wat vir my belangrik is. ‘n Vergadering vorige week waar Prof Doreen Atkinson - nog of nie meer nie by die Vrystaatse Universiteit en betrokke by die Karoo Foundation - teenwoordig is…lei gistermiddag tot ‘n Zoom vergadering met haar en Prof Grant Parker van Stanford Universiteit, California. Hy is Prof in Grieks en is ook betrokke by digiterings-projekte in Suid-Afrika. Doreen werk al geruime tyd saam met hom. Die jongste projek, dink ek, was Kuruman versamelings insluitend Robert Moffat en die London Missionary Society.*

*Die Zoom vergadering was gerig op my digitale versamelings. Die deur is geopen weens my plaaslike Anglo-Boereoorlog en Colesberg versameling en uiteindelik is die Vrystaat Sending versameling ter sprake, asook ‘n klein versameling van my oor voor-en-begin Swart Teologie uit die 60-tiger en 70-tiger jare. Hy bied aan dat die versamelings - sonder koste by Stanford gestoor kan word via sy departement. https://sdr.library.stanford.edu/ (The benefits of this service distinguish the SDR from other content storage or management options on campus: deposited content is preserved in a robust, reliable, and secure environment for access by scholars today and for generations to come). Dit gaan ook insluit ‘n digiteringsprojek van twee, of moontlik drie ander versamelings – gefinansier deur sy departement – naamlik:*

- *‘n Hardekopie versameling van die vorige Argivaris van die Colesberg-Kemper Museum, Mev Belinda Gordon. Lizette Taljaard, vrou van ds Japie Taljaard, het die werk uitsorteer en dit is tans gestoor in 42 argiefdose – elke doos met inhoudslys.*
- *Die Basie Piek versameling is die volgende – ‘n groot persoonlike versameling oor die lewe in Colesberg van vroeëre jare en vandag met ‘n unieke klem op die mense van die Spoorweë. Hy het ook ‘n museum by sy huis.*
- *Die derde versameling is die van Mnr Jeffrey Rademeyer – boorling van Colesberg, woonagtig en werksaam in Rustenburg. Hy is verantwoordelik vir ‘n groot projek oor “afgeskeep” geskiedenis – sien by https://toverview.co.za/heritage-project-in-the-works/*

*My versoek is amptelike toestemming van die Vrystaatse Kerk aan die Stanford Universiteit in Amerika, om die sendingversameling daar te stoor. Die kommunikasie sal met Prof Parker wees. Op my vraag… aan hom of kan Helena en span voortgaan met inlees van die werk – was sy antwoord ja. ‘n Skakel word op die Vrystaat Kerk se werf gelaai. Dit bepaal dan ook die grense van wat in die openbaar toeganklik is. Ek gebruik “ons”. Ons kan nie die rugsteun opgadering bekostig nie en die aanbod kan ‘n belangrike oplossing wees. … Die moontlikheid van rugsteun-verlies word al hoe groter en om wyle Oom John Vorster se woorde te gebruik – die gedagte aan verlies “is too ghastly to contemplate”.*

*Nou ja dit is die einde van my storie.*

*Met vriendelike groete, Jurie.*

Hierdie brief van dr Van Wyk oor wat sou genoem kon word, (‘n groot deel van) sy lewenswerk, bevestig die onskatbare waarde van die Kerkargief in Bloemfontein, die internasionale belangstelling in en agting daarvoor, en die moontlikhede van netwerke in ons plaaslike konteks. Daarom ook die aanbevelings van die Argiefkomitee in hierdie verband, aan die Sinode.

**3.3 NAVORSINGSHULP EN NAVRAE DEUR DIE KERKARGIEF HANTEER**

Die volgende navrae is deur die afgelope vier jaar ontvang en hulp ten opsigte van navorsing is gelewer aan:

| | |
|---|---|
| Blok-Sytsma Marike | Sendingwerk Zambië |
| Blok, Thys | Jeug Sending Zambië |
| Bolleurs, Marinda | Lidmaatskap |
| Celliers, dr Bertus | Handelinge van die Sinode |

| | |
|---|---|
| Cilliers, Hentie | Lidmaatskap |
| Coetzee, Fanie | Genealogie |
| Cronje, A | Notules en Afkondigings, NG Gemeente Universitas-Wes |
| Dreyer, S | Genealogie |
| Du Plooy, ds Sakkie | Genealogie |
| Ellis, Henk | Planne |
| Grobbelaar, A | Genealogie |
| Grobbelaar, Fanie | Genealogie |
| Heunis, dr Vicky | Oranje Meisieskool Notules (Gladys Steyn) |
| Lubbe, ds Jan | Handelinge van Sinodes (160 jr) |
| Lubbe, ds Jan | Kerkbode; Teologiese Opleiding; Fotoversameling |
| Masilo, Polo | Besoek Argief |
| Meijer, dr GP | Helpmekaar |
| Morgan, Heidi | Doopregisters |
| Mosala, LA | Strydom Opleidingskool Argiewe |
| Mostert, Nielbert | Skandering van boeke |
| Nel, Herlize | Genealogie |
| Odendaal, Wanda | Notules Fouriesburg, Wepener, Ladybrand |
| Pienaar, Jacques | NG Kerk Bloemfontein, CR Kotze, Gereformeerde Vaandel |
| Pienaar, dr Pascal | Colin Fraser, Kerkbode, Sendingnotules |
| Potgieter, Elza | Notules en Afkondigings, NG Gemeente Universitas-Wes |
| Potgieter, JAS | Genealogie |
| Prinsloo, CA | Huwelik |
| Richter, J | Kerkraadsvergaderings Notules (Mannebediening) |
| Roux, ds Gerber | Handelinge van die Sinode |
| Schoeman, Willem | Registerboeke Sending Zambië |
| Sidumo, ds Thozamile | NG Kerk Jaarboeke |
| Strauss, F | Lidmaatregister |
| Strauss, prof Piet | Sinodale bronne oor JD Vorster en Kerkorde |
| Swart, Stephan | Notules Gemeente |
| Van der Merwe, dr Gerdrie | Dokumente van verskeie Gemeentes |
| Van der Nest, Theuns | Genealogie |
| Van der Watt, dr Gideon | Kerkgeskiedenis: Bloemfontein, Lutherse Kerk |
| Van der Watt, dr Gideon | Bonne oor Kerk en Samelewing |
| Van der Westhuizen, dr Henco | Kerkbodes, Handelinge, Agenda |
| Van Jaarsveld, dr PJ | Navraag ivm boeke & historiese versameling |
| Van Rensburg, prof HCJ | Genealogie |
| Van Rensburg, Lambert | Genealogie, Kerkbodes |
| Van Rooyen, Nic | Theron Opvoedingsfonds; J+M Conradie Fonds |
| Van Tonder, Nalida | Geslagsregister |
| Van Velden, ds W | Genealogie |
| Verster, E | Notules Wepener, Ladybrand |
| Verster, prof P | Notules Vrede en Vrede-Wes |

By twee geleenthede (nog weer in Desember 2025) het prof Dolf Britz met 17 predikante en navorsers van regoor die land en uit Nederland, verbonde aan die *Colloquium Historia Ecclesiastica*, die Argief vir 'n algemene bekendstelling besoek. Studente van die Seminarium wat werkstukke oor hul "Gemeenteverhaal" of die "Verhaal van die NG Kerkfamilie" moet skryf, besoek ook gereeld die Argief.

### 3.4 'N EERSTE ARGIEFKONFERENSIE, ... EN 'N SINODE VIR DIE VRYSTAAT, 160 JAAR – PROJEKTE VAN DIE KERKARGIEF:


Twee groot projekte wat in die afgelope termyn deur die Kerkargief aangebied was, was 'n eerste "Argiefkonferensie" in Augustus 2023 by die Oorlogsmuseum in Bloemfontein en wat deur 'n vyftigtal konferensiegangers bygewoon is, ook deur prof Erik de Boer van die Theologische Universiteit in Utrecht, Nederland. Die tema van die konferensie was "Eerste Dokumente, Laaste Dokumente" en het sprekers soos proff Dolf Britz, Lindi Koorts en Johann Rossouw ingesluit, ook dr Gideon van der Watt en Jurie van Wyk en ds Jan Lubbe. Behalwe die bekendstelling van twee unieke publikasies oor "Die Begin" van die Kaapse Kerk in die 1660's by die konferensie, het van die ander referate ook as hoofstukke in publikasies hier en in die buiteland verskyn. 'n Ruim skenking van die Van Eewijck Stigting in Nederland is deur bemiddeling van ds Jaco Nel (Porterville) ontvang, en het die kostes van die konferensie help delg.







Die tweede projek, was die herdenking in 2025 van die 160-jarige bestaan van die NG Kerk Vrystaat as sinodale kerkverband. Hoewel daardie eerste gemeentes in die 1850's en vroeë 1860's as die "Ring van Transgariep" van die (Kaapse) NG Kerk bekendgestaan het, het die gebeure van 1862 in die Kaapse Sinode gelei tot die losmaking van die band met die "Moederkerk" in die "Kolonie" en die besluit van elf gemeentes in November 1864 om 'n eie Sinode in die Oranje-Vrystaat te vorm. So het die eerste Sinode van die NG Kerk Vrystaat op 15 Mei 1865 in Bloemfontein gekonstitueer – 'n gebeurtenis wat verlede jaar onder leiding van die Moderamen en met medewerking van ons Kerkargief en ander gewaardeerde rolspelers gedenk is. 'n Sleutelteks en -tema is uit die visioen van Esegiël gekies, oor die Gees wat nuwe lewe in 'n vallei vol doodsbeendere skenk ...

Die Argiefkomitee het aanvanklik beplan om twee publikasies in dié verband uit te gee; een 'n biografiese bundel oor Vrystaatse leraars ('n seleksie van figure uit die familie van gereformeerde kerke in die Vrystaat sedert 1865), en dan ook 'n oorsigtelike geskiedenis oor hierdie verhaal, met hoofstukke oor die verskillende era's en werksaamhede. Weens 'n gebrek aan personeelkrag, navorsers en tyd kon hierdie projekte ongelukkig nie vorder nie, en geniet dit verdere aandag; fondse moet onder andere nog gevind word.








Twee inisiatiewe is wel deur die Kerkargief in verband met die 160-jarige herdenking ondersteun: 'n Treffende uitstalling oor die 160 jaar van die Vrystaatse Sinode is by verskillende gedenkgeleenthede versorg – op 22 Mei 2025 by die "Reflections Musiekkonsert" in die Planetarium in Bloemfontein; in Junie by die Predikante Stilwordkans by Amanzi; op Hervormingsondag ook by 'n Gedenkdiens in Smithfield (waar die gemeentes in 1864 byeengekom het).

Die ander inisiatief was 'n uitreik na die vyf vorige "moderators" van die NG Kerk Vrystaat (Sinodes sedert 1987), en die vervaardiging van 'n kort reeks video-onderhoude met proff Pieter Potgieter en Piet Strauss, dr Lourens Erasmus, dr Pieter van Jaarsveld en ds Helgard Janse van Rensburg. In hierdie onderhoude word waardevolle herinneringe aan die lewe van ons kerkverband die afgelope veertig jaar gedeel, en word dit nou bewaar vir die nageslag – die eerste onderhoud en meegaande VRYPOS-artikel, was met prof Potgieter, en kan gevolg word by –

https://www.ngkerkvrystaat.co.za/160-geseende-jare-van-kerk-wees-eertydse-sinode-voorsitter-prof-pieter-potgieter-vertel/

(sien by hierdie skakel, ook dié na die ander onderhoude)

Saam met hierdie projek, het ook 'n spesiale liturgie en preekstudie vir Pinkster 2025 gegaan, uit Esegiël 37 se visioen, en wat in VRYPOS gepubliseer was – sien by:

https://drive.google.com/file/d/1PPVS-9RaxKbe-i0Z_5d_DjllpWuHQqZC/view

'n Projek wat uit die 160-jaar herdenking gebore is, maar nog nie deurgevoer, is 'n besluit van die Argiefkomitee om 10 tot 15 van die mees bekende en tiperende historiese foto's uit die verhaal van die NG Kerk Vrystaat en haar familie te identifiseer, hoë kwaliteit afdrukke daarvan te laat maak; dit te laat raam en op 'n esteties-bevredigende en informatiewe wyse in oorleg met die personeel van die Sinodale Kerkkantoor in die gebou aan te bring. Die verwydering van hierdie foto's uit hul rame, tydens die verhuising uit die Sentrum in St Andrewstraat (2013), het 'n verarming vir die kantoorpersoneel en besoekers aan die Sinodale Kerkkantoor meegebring. Dit is nodig om herstel te word.

Die indruk bestaan egter dat gemeentes self ook nie só bewus is van die moontlikhede wat die Kerkargief kan bied om hul herdenkingsgeleenthede te verryk, nie net met 'n uitstalling van oorprongsdokumente nie, maar ook met ander inligting vir publikasie-doeleindes of toeligting by so 'n gedenkgeleentheid oor die geskiedenis en konteks van daardie kerk en dorp. Gemeentes wat in 2026 en 2027 sulke datums in herinnering roep, is die volgende:

| | **2026** | **2027** |
|---|---|---|
| Bainsvlei (1957) | | 70 |
| Bedelia (1956) | | 70 |
| Berg-en-Dal (1956) | 70 | |
| Betlehem Moedergemeente (1866) | 160 | |
| Betlehem Môrelig (1952) | | 75 |
| Betlehem-Wes (1867) | | 100 |
| Bethulie (1862) | | 165 |
| Bloemheuwel (1947) | | 80 |
| Boshoff (1856) | 170 | |
| Bothaville Moedergemeente (1891) | 135 | |
| Brandfort-Oos (1952) | | 75 |
| Clocolan (1907) | | 120 |
| Estoire (1947) | | 80 |
| Fichardtkruin (1977) | | 50 |
| Harmonie (1956) | 70 | |
| Hennenman-Oos (1956) | 70 | |
| Hoopstad (1876) | 150 | |
| Kroonstad-Noord (1927) | | 100 |
| Kroonstad-Wes (1957) | | 70 |
| Lindley (1876) | 150 | |
| Luckhoff (1892) | | 135 |
| Ooshoek (1951) | 75 | |
| Parys-Schonkenville (2001) | 25 | |
| Petrusburg (1892) | | 135 |
| Philippolis (1862) | | 165 |
| Riebeeckstad (1977) | | 50 |
| Sasolburg-Tuinedal (1976) | 50 | |
| Senekal-Noord (1956) | 70 | |
| Soutpan (1927) | | 100 |
| St Helena (1952) | | 75 |
| Thaba Nchu/Tweespruit (1891) | 135 | |
| Tweeling (1926) | 100 | |
| Universitas (1966) | 60 | |

| | | |
|---|---|---|
| Universitas-Rif (1986) | 40 | |
| Vrede-Wes (1956) | 70 | |
| Welkom-Reitzpark (1957) | | 70 |
| Wesselsbron (1927) | | 100 |
| Winburg (1841) | 185 | |
| Winburg-Rietfontein (1917) | | 110 |
| Witteberg-Betlehem (1997) | | 30 |

Al hierdie gemeentes word opnuut genooi om die Kerkargief oor hul herdenkingsgeleenthede te kontak.

### 3.5 KOMMUNIKASIE MET, EN OPLEIDING AAN GEMEENTES, KERKKANTORE EN RINGE:

Die bekende opleidingsprogramme en -uitreike van die Sinodale Kerkkantoor vir kantoorpersoneel in gemeentes, is weer vanaf April 2022, net ná die Sinode, hervat. Daar is 18 opleidingsgeleenthede aangebied in Bloemfontein, Welkom, Sasolburg, Kroonstad, Reitz, Fauresmith en Koppies, en wat deur 183 persone bygewoon is – almal op een of ander manier betrokke in ‘n gemeente en kerkkantoor. By hierdie geleenthede is deelnemers ingelig oor die werksaamhede van die Sinodale Kerkkantoor, watter inligting om na die Kerkargief te stuur, hoe om die bydraes vir gesamentlike werksaamhede te bereken en hoe dit aangewend word. Daar vind ook opleiding plaas in terme van die POPI-wetgewing en ’n oorsig word gedoen oor die Kerkorde en wat die doel daarvan is. Die belangrikheid daarvan om gemeentelike dokumente na die Kerkargief te stuur word beklemtoon en dit het baie positiewe reaksie ontlok; heelwat meer gemeentes het begin om weer hul dokumentasie na die argief in te stuur. ’n Proses is ook ontwikkel om gemeentes te help om hulle kluise uit te sorteer en in verskeie gevalle is gemeentes besoek om te help met die proses. Hierdie skep ook ’n geleentheid vir die deelnemers om mekaar te leer ken en vorm hul so ’n ondersteuningsnetwerk onder mekaar. Die klem bly egter daarop dat dit ’n voorreg is om in God se koninkryk werksaam te kan wees en dat dit wat ons bewaar, die storie vertel van hoe die Here in die gemeentes en in die Vrystaat gewerk het.

Twee aspekte wat die diens wat deur die Kerkargief aan gemeentes gelewer word betref, verg verdere aandag. Die eerste is die kwessie van die digitale bewaring van inligting, deur onder andere Info/Winkerk. Gemeentes gebruik nie almal dieselfde databasisse nie, omdat daar ook verskillende gebruiksbehoeftes in gemeentes leef. Info/Winkerk sou kon help met die digitale indiening van gemeentelike- en ander registers, en waar dit in die kuberruim (aanlyn) gestoor sou kon word; nie alle gemeentes het egter hiervoor die kapasiteite en vaardighede in kerkkantore, en die Argiefdiens van die Sinode besin tans oor hoe die beste bystand aan gemeentes gegee sal kan word. Dit is inderdaad ook ‘n saak wat die aandag van die Algemene Taakspan Argief (ATA) geniet.

Die tweede behoefte wat hiermee saamhang, is die opgradering of dan die daarstelling van ‘n eie webblad vir die Kerkargief van die NG Kerk Vrystaat. Die inligting uit die argiefversameling wat tot hiertoe op die bestaande webblad beskikbaargestel was, het te veel geraak om te hanteer, en die webblad al stadiger laat reageer. Dit moes daarom voorlopig weer van die webblad afgehaal word; ‘n tydelike reëlings. ‘n Eie webblad vir die Kerkargief word dus ondersoek (± 110 GB @ R 520 per maand), en sal met ‘n skakel aan die Sinode se webblad verbind kan word.

Tot sover dan, ‘n terugskouing op die werk wat in die afgelope vier jaar deur ons Kerkargief gedoen is, met groot toewyding.

Dit is tyd om vir ‘n oomblik stil te staan, en onsself af te vra waar ons ons bevind, en hoe die weg van hier af verder loop met dit wat aan ons toevertrou is, as kurators, rentmeesters ook van die verlede...

## 4. TOT SLOT, EN ‘N VERGESIG

Gee ons op op ons verlede, dan gee ons ook op op ons hede en toekoms, en ons roeping om in die Vrystaat draers van lig en hoop te wees teen donkerte en dood in – so het die Argiefkomitee in 2022 aan die Sinode geskryf. Toe die filosoof Derrida Suid-Afrika jare gelede besoek het, het hy argiewe die skans teen geheueverlies genoem, ‘n wering teen die tot niet gaan van beskawing en samelewing: Daar is magte in ons tydsgees los, met ‘n drif...

*“... to burn the archive and to incite amnesia... the possibility of burning into ashes every trace of the past.”*[3]

In 2022 was beelde hiervan vars in die geheue, soos ‘n wekroep: Vyf jaar tevore het die Bloemfonteinse Stadsaal in vlamme opgegaan, en op 2 Januarie daardie jaar het ‘n brand die historiese Parlementsgebou in Kaapstad in puin gelê. Dié staan steeds so. In April 2021, die historiese Jagger-biblioteek van die Universiteit van Kaapstad. Prof. Lindi Koorts het haar kommer uitgespreek:

*“Ons geskiedenis gaan voor ons oë tot niet, en dit is nie wegholveldbrande wat die grootste gevaar inhou nie, maar algemene verwaarlosing, ‘n gebrek aan kundigheid en finansiering. Die vermoë om argivale skenkings in te neem en te ontsluit, raak al taaier – veral ook wanneer die materiaal in Afrikaans is. Wanneer dit by geskiedenisnavorsing kom, is Afrikaans ‘n taal wat saak maak – iets wat burokrate nie verstaan nie.”*[4]

---

[3] Aangehaal in Vosloo, RR “On the Archive: Archiving otherwise” in *Reforming Memory...*, 2017:37-49.

[4] “Ons geskiedenis gaan so tot niet”, in: *Netwerk24*, 26/4/2021.

Die vraag is, wat doen ons as Sinode (en Kerkargief) van die NG Kerk Vrystaat hiertéén? Hoeveel van die historiese erfenis in plattelandse dorpe is besig om voor ons oë verlore te gaan? Is dit die taak van die kerk om hieroor na te dink, te probeer red? Wanneer tref die lot van stadsale en historiese monumente in die harte van ons dorpe, ook ons eie geboue – wie gaan vorentoe instaan vir die bewaring van ons erfenis, wanneer gemeentes te klein geword het, en daar net nie meer die kundigheid of middele is of niemand wat meer die ou stories kan onthou nie?

Sluit ons ons oë vir die werklikheid?

Kan dit wees dat hier 'n roeping vir die Kerkargief lê, om die plek, die hart, maar ook die senuweenetwerk in ons Sinode te word, wat ons gaan help onthou? Ter wille van die hele Vrystaat. Wat ons nie van die klein gemeentetjies sal laat vergeet nie, van Philippolis tot Boshoff tot Winburg tot Thaba Nchu tot Vredefort? Maar ook nie van die sendingstasies soos Bethanië en die ou Sendingkerkie in Betlehem nie? Wat ons – soos die Joodse geloofsgemeenskappe hul begraafplase regdeur die land in stand bly hou, al het hul baie min geword – 'n eie getuienis deur ons grawe en troffels sal laat lewer, omdat ons glo dat God hier bly?

Een van die grootste van hierdie geskenke wat deur twee vorige generasies aan ons as NG Kerk gegee is – in trust, in vertroue – is die Dam van Trane en Bron van Herinnering-terrein by Bloemfontein, waar meer as 1 600 vroue en kinders tussen 1900 en 1902 gesterf het. Daardie oop grasveld langs die Bybelhuis roep tot ons, in 'n tyd en wêreld wat opnuut deur ideologieë en magsvergrype uiteengeskeur word, ten koste van weerloses. Het die tyd nie gekom dat die NG Kerk Vrystaat self – in 'n hegte vennootskap met die Oorlogsmuseum se kundigheid – op hierdie terrein enig in haar soort in die Vrystaat en ons land, 'n teken sal oprig wat spreek van vrede; van die troos en heling wat net God kan gee? 'n Lewende gedenkterrein, 'n plek van rus en spiritualiteit, inspirasie en studie. Hier is nóu 'n geleentheid dat die NG Kerk met oortuiging en moed haar verbintenis aan die grond waarop God ons voorouers laat leef en werk het, en aan óns die genade gegee het om dit ook te kan beleef, te wys. Wie weet, dít mag dalk net iets nuuts in ons NG Kerk Vrystaat laat ontspring, en dit laat uitkring na die gemeenskappe rondom en aan verbygangers wat ook verlang na vrede.

Dáárvoor is dit nodig dat die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat – wat juis oor water wou nadink, lewende water – haar Kerkargief en die Raad vir Ondersteuning en die Moderamen bemagtig om nuut oor haar historiese eiendomme en spesifiek die Dam van Trane- en Bron van Herinnering te dink en te doen.

Lig in die duisternis van geheueverlies. Hier vir God, vir mekaar en die wêreld rondom.

## 5. AANBEVELINGS VIR BESLUITNEMING DEUR DIE SINODE

1. **Besluit:** *Kennis geneem*

Die Sinode bevestig dat 'n lewende, verantwoorde historiese bewussyn onlosmaaklik deel is van die missionale bediening van die NG Kerk Vrystaat in haar konteks, sowel in gemeentelike- as in sinodale verband, en beskou daarom die doelmatige inrigting en funksionering van haar Kerkargief as 'n belangrike bedieningsprioriteit.

2. **Besluit:** *Kennis geneem*

Die Sinode is dankbaar oor die kosbare versameling argivalia wat vir bykans sestig jaar nou al, deur lidmate, gemeentes, ringe, sinodale bedieninge en kerkvergaderinge van die NG Kerk Vrystaat, aan hierdie Kerkargief toevertrou is, en betuig sy opregte dank en waardering teenoor me. Helena Smit, mnr Tertius Botha, dr Jurie van Wyk, mnr Hannes Saaiman, me Vonite Janse van Vuuren en ander vrywilligers wat die afgelope vier jaar met toewyding en beperkte middele, hierdie versameling bewaar en na die beste van hul vermoë die nodige dienste verskaf het.

3. **Besluit:** *Goedgekeur*

**In die lig van die ryke inhoud en waarde van hierdie versameling, moedig die Sinode die Argiefkomitee en Kerkargief aan om dit nóg verder te ontsluit en bekend te stel, sodat gemeentes, die kerkverband en breër publiek begelei kan word in hul waardering van hierdie kerklike verhaal in die Vrystaat, en daardeur geïnspireer kan word om te volhard in die vervulling van hul roeping.**

4. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode dra dit aan die Argiefkomitee en Kerkargief op om in oorleg met die bedieninge vir Gemeentebegeleiding en Ondersteuning te besin oor hoe gemeentes bygestaan kan word in die groeiende behoefte aan bewaringsmoontlikhede van argivalia en artefakte namate gemeentes in die Vrystaat verklein, plaaslike kundigheid minder word en gemeentes se eie omstandighede moeiliker word om hul kosbaarhede self veilig te bewaar.**

5. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode dra dit aan die Argiefkomitee, die Raad vir Ondersteuning en die Moderamen op om by die voorgenome ontwikkeling van die Dam van Trane/Bron van Herinnering-terrein in Bloemfontein, te verseker dat die teologies-historiese waarde van hierdie terrein en die simboliese betekenis daarvan wat aan die NG Kerk toevertrou is, volle erkenning sal geniet**

**en tewens 'n prioriteit in hierdie ontwikkeling sal word met die oog op ons kerkverband se getuienis en nalatenskap vir die toekoms.**

6. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Daarom, teen die agtergrond van die prioritisering van bogenoemde besluite (punte 1, 2, 3, 4 en 5), gee die Sinode opdrag dat die Argiefkomitee sal voortgaan om in oorleg met Bedienings vir Ondersteuning en die Moderamen die volgende noodsaaklike aksies te ondersoek, en indien goedgekeur, in werking te stel:**

**i) die inrigting van 'n pos vir 'n Argiefbeampte en die vulling daarvan;**

**ii) die opgradering van fasiliteite (ruimtelik en in tegnologie) vir die Kerkargief; en**

**iii) die vestiging/opgradering van moontlik 'n eie webblad vir die Kerkargief, wat skakel aan die een van die NG Kerk Vrystaat.**

7. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur dit goed en gee geleentheid tydens hierdie sitting, dat die Argiefkomitee hersaamgestel word en nooi belangstellendes en vrywilligers vanuit al die gemeentes en ringe uit om op 'n tyd soos aangekondig in die uitstallingruimte aan te meld vir 'n eerste ontmoeting en verdere reëlings.**

8. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur dit goed dat, indien 'n Argiefbeampte aangestel sou kon word en die fasiliteite tot beskikking van die Kerkargief ruimtelik en tegnologies uitgebrei kan word, die volgende addisionele projekte in die komende termyn van stapel gestuur word:**

**(i) Die integrasie van die Afrikaanse teologiese boekversameling en "Stofrak" met die historiese biblioteek-versameling in die Kerkargief, sodat dit 'n gesamentlike en lewende deel van die werksaamhede van die Argiefkomitee kan word, en waarin die publiek, leraars en studente in 'n groter mate sal kan deel;**

**(ii) 'n Heropening van die gesprek met die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in die Vrystaat rakende hul argivalia en behoeftes vir die bewaring en ontsluiting daarvan;**

**(iii) Die versterking van 'n netwerk van samewerking met ander argiefbewaarplekke in die sentrale streek van ons land soos die argief en biblioteek te Morija (Lesotho Evangelical Church); die Laurens van der Post-museum in Philippolis, die Pellissier-museum in Bethulie en die Moffat Mission te Kuruman; asook die uitbreiding van toegang tot die JD Kestell- en JD Vorster-versamelings by AREA aan die UV, en die fotoversameling en argief van die Fakulteit Teologie en Religie aan die UV, ten einde 'n groter diens aan 'n wyer navorsingsgemeenskap te kan lewer; en**

**(iv) 'n Uitreik na internasionale verwante instellings wat in die geskiedenis van die NG Kerk in die Vrystaat, haar uitgebreide sinodale werksaamhede en haar nalatenskap in hierdie samelewing mag belangstel, ten einde bronne, dienste en kundighede met 'n nog wyer navorsingsgemeenskap te mag deel.**

9. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode doen opnuut 'n beroep op leraars en dosente van die NG Kerk Vrystaat wat in die afgelope vyf dekades hul bediening in gemeentes hier, in die kerkverband en/of in teologiese opleiding hier gehad het, om hul persoonlike versamelings en waardevolle boekery aan die Kerkargief vir bewaring en ontsluiting te skenk.**

10. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode doen 'n ernstige beroep op gemeentes en ringe om –**

**i) Alle gemeentelike inligting wat vantevore via die Ring na die Kerkargief gestuur is, voortaan direk aan die argief self te stuur, terwyl ringskribas moet toesien dat inligting en dokumentasie oor die ringe, ook getrou aan die Kerkargief gestuur word;**

**ii) Elke gemeente moet 'n getekende, oorspronklike hardekopie van hul finansiële state aan die Kerkargief vir veilige bewaring besorg (dit is benewens die afskrif wat ook aan die dept. Finansies van die sinodale kerkkantoor vir rekonsiliasie gelewer word); en**

**iii) Alle skribas in gemeentelike kerkkantore en ringskribas word versoek om komende inligtings- en opleidingsgeleenthede soos deur die Kerkargief aangebied, by te woon tot bevordering van die algemene funksionering in gemeentes en ringe.**

11. **Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur wysigings aan die Reglement vir die Sinodale Argief- en Inligtingsdiens en die opname daarvan in die nuwe Kerkorde vir die NG Kerk Vrystaat (2026) goed.**

## E1 VERSLAG VAN DIE RAAD VAN ONDERSTEUNING

**SAKE VIR KENNISNAME**

**Besluit:** *Kennis geneem van punte 1-14*

### 15. OORPLASINGS VIR BESPARINGS

**Besluit:** *Goedgekeur 15.1 – 15.4 (punt 15 het uitgeval by die agenda, dus skuif alle punte een syfer op.)*

Die Sinode besluit dat die ondergenoemde oorplasings gedoen word ten einde besparings op sinodale bydraes te bewerkstellig:

**15.1 GREY OPVOEDINGSFONDS**

R3 000 word oorgeplaas na die Fonds: Studente Bearbeiding (volgens testamentêre bepaling).

**15.2 TOELAE-TAS**

R 48 000.00 word oorgeplaas na Middestads- en Arbeidsbedieningsfonds.

R 125 000 word oorgeplaas na Argief.

R 250 000 word oorgeplaas na Kuratorium.

**15.3 SINODALE FONDS**

R100 000 word oorgeplaas na koste Vrystaat Sinode.

R100 000 word oorgeplaas na Algemene Sinode.

**15.4 RENTEREKENING**

R300 000 word oorgeplaas na die Fonds Sinodale Sentrum.

### 16. RAAD VIR ONDERSTEUNING SE VOORSTEL VAN DIE BEREKENING VIR DIE BYDRAES VIR GESAMENTLIKE WERKSAAMHEDE

Die Sinode

**Besluit:** *Goedgekeur*

1. **keur die voorgestelde formule vir die berekening van Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede soos voorgestel, goed.**

| BYDRAE INTERVALLE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Netto inkomste | | BGW | | |
| Minimum | | 3 600 | | |
| 0 | 900 000 | 3 600 | + | 0.00% |
| 900 001 | 1 200 000 | 6 000 | + | 0.00% |
| 1 200 001 | 1 500 000 | 12 000 | + | 3.50% |
| 1 500 001 | 1 800 000 | 22 500 | + | 4.50% |
| 1 800 001 | 2 100 000 | 36 000 | + | 5.50% |
| 2 100 001 | 2 400 000 | 52 500 | + | 6.50% |
| 2 400 001 | 2 700 000 | 72 000 | + | 7.50% |
| 2 700 001 | 30 000 000 | 94 500 | + | 8.50% |

Wanneer die nuwe formule in werking gestel word, beteken dit 'n besparing van ±R2 130 000.

2. **Besluit:** *Verwys na Moderamen en Ondersteuning*

   Die Sinode besin saam oor optrede teenoor gemeentes wat nie betaal nie met inagneming van die kerkverband en ooreenkomste tussen gemeentes en NG Kerk Vrystaat.

### 17. BEGROTING vir 2022/2023

**17.1 Besluit:** *Kennis geneem van punte 17.1 en 17.2*

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die totale begroting van R8 miljoen soos in Agenda uiteengesit, goed met dien verstande dat die dravermoë van die gemeentes die bedrag wel kan ontmoet. Indien dit nie moontlik is nie moet die eenhede self vir die tekort instaan.**

## A MODERAMEN

## A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN KERKORDE

**Besluit:** *Kennis geneem van punte 1 - 4*

**1. PERSONEEL**

**2. VERGADERINGS**

**3 WERKSAAMHEDE**

**4 NAVRAE EN ADVIES6567**

**5 SPESIFIEKE TAKE DEUR DIE STK GEDOEN EN AFGEHANDEL**

**5.1 KERKORDELIKE WYSIGINGS**

**Besluit:** *Goedgekeur met byvoeging*

**Die sinode keur die veranderinge soos wanneer dit ter tafel gelê word, goed. Die SDR sal verantwoordelikheid neem vir redigering en korreksies voordat dit op die webwerf gepubliseer word.**

**Besluit:** *Kennis geneem van punte 5.2 – 5.3*

**5.2 VERTEENWOORDIGER OP DIE ATR**

**5.3 ARTIKEL 37, MET DIE OOG OP DIE BUITENGEWONE SINODESITTING OKTOBER 2024**

**5.4 BESKRYWINGSPUNT NA DIE ALGEMENE SINODE OOR DIE HERVERTOLKING VAN DIE VRYSTAAT SINODE MET DIE ALGEMENE SINODE**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode dra dit aan die nuwe moderatuur op om die beskrywingspunt te finaliseer en aan die Algemene Sinode deur te stuur in ooreenstemming met die bepalings van die Algemene Sinode Kerkorde.**

**5.5 BESKRYWINGSPUNT LERAARS BO 70**

**Besluit:** *Kennis geneem*

**5.6 AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE 2027**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die sinode keur die samestelling van die afvaardiging goed.**

1. **Die 5 lede van die Dagbestuur van die Moderamen (5)**
2. **Twee lede uit elke ring. Elke ring vaardig vier lede af: twee primarii lede en twee sekundi lede wat bestaan uit twee leraars en twee kerkraadslede. (32)**
3. **Indien daar nog persone afgevaardig kan word, wys die Moderamen die lede uit leraars en kerkraadslede aan.**
4. **Vir elke afgevaardigde moet 'n sekundus ook aangewys word.**
5. **Ringe sal vroeg in 2027 by wyse van 'n vooropgestelde vorm, hulle afgevaardigdes kan kies en aan die kantoor kan deurgee.**

**5.7 NUWE REGLEMENT VIR RINGE**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die nuwe reglement van ringe (Reglement 4) goed.**

**Die Sinode keur goed dat die Ringskommissie nie by die gewone sitting van die sinode gekies word nie, maar steeds by 'n gewone ringsitting. Dat die verteenwoordigers van die ring op die moderamen vir die tydperk tussen die Sinode tydens die gewone sitting van die Sinode verkies/aangewys word.**

**Die Sinode keur goed dat dit dienooreenkomstig in ander punte van die reglement asook in ander reglemente verander word.**

| |
|---|
| **5. RINGSKOMMISSIE**<br><br>Die ringskommissie word op die gewone ringsvergadering verkies vir die tydperk soos die Ring besluit en neem leiding om toe te sien dat die onderskeie take en verantwoordelikhede van die ring (punt 3 van hierdie reglement) na behore nagekom word. ’n Leraar en kerkraadslid word tydens die gewone sitting van die Sinode verkies om as verteenwoordigers op die Moderamen te dien vir die tyd tussen gewone Sinodesittings. (sien Regl 2 en 3)<br><br>**5.1 SAMESTELLING**<br><br>5.1.1 Die ringskommissie bestaan uit ten minste **drie** permanente lede.<br><br>Die ringskommissie word soos volg saamgestel:<br><br>5.1.1.1 ’n <u>Voorsitter</u> (’n gemeentepredikant) wat verkieslik ook namens die ring op die moderamen vir die termyn tussen sinodes dien.<br><br>5.1.1.2 ’n <u>Ondervoorsitter</u> (’n gemeentepredikant/emeritus) wat ook as sekundus optree vir die voorsitter van die ringskommissie.<br><br>5.1.1.3 ’n <u>Skriba</u> wat as skriba van die ring, sowel as skriba van die ringskommissie dien. |

**5.8 NUWE TERMINOLOGIE IN DIE WYSIGINGS VAN REGLEMENTE**

**1. Besluit:** *Goedgekeur*

**Dat die benaming Uitvoerende Amptenaar verander na PSD (wat vir Predikant, sowel as Persoon in Sinodale diens kan staan).**

| |
|---|
| **Voorstel:** *Nie goedgekeur nie*<br><br>Naam van Sinodale Taakspan Kerkorde<br><br>Die Sinode besluit om die naam van die Kerkorde Taakspan te behou.<br><br>Voorsteller**:** Dr NS Dicks<br>Sekondant**:** Ds DLHV le Roux |

**2. Besluit:** *Goedgekeur*

**Dat die benaming Voorsitter van die STK verander na Aktuarius.**

**3. Besluit:** *Goedgekeur*

**Dat die benaming taakspanne verander na bedieninge en dat dit geld vir die vier rade met hulle onderskeie bedieninge: Ondersteuning, Vennote in Getuienis, Bedieningsbegeleiding, Diens van Barmhartigheid en Teologiese Opleiding.**

**4. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die STK verander na Sinode Diens Regte (SDR).**

**5. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Vrouelidmate verander na Sinodale Bediening Vrouelidmate (SBV) en word deel van Bedieingsbegeleiding se netwerke.**

**6. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die nuwe diens vir Navorsing sal heet die Sinodale Diens Navorsing (SDN) en vervang die Leer en Aktuele taakspan van die verlede en sal daarop gefokus wees om die sinode te bedien met navorsing oor onder ander leer en aktuele sake, asook sake wat nou vir die kerk belangrik is om van kennis te neem.**

**7. Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Taakspan Kommunikasie (Regl 15) verander na net Kommunikasie en is deel van Ondersteuning.**

**8. Besluit:** *Goedgekeur*

**Al die plekke in die Vorms (Afd C in die VS Kerkrorde) waar nog van eenheid en uitvoerende amptenaar gepraat word, verander sal word na bediening en PSD.**

**5.9 NUWE REGLEMENT VIR OPNAMES**

**Besluit:** *Goedgekeur na vervanging van punte 5 en 11*

## REGLEMENT VIR KLANK- EN BEELDOPNAMES VAN VERGADERINGS

1. Hierdie Reglement is van toepassing op alle vergaderings van die kerk. Dit sluit in vergaderings wat in persoon bygewoon word sowel as aanlynvergaderings/virtuele vergaderings deur middel van digitale platforms, bv. Microsoft Teams, Skype, Zoom en Google Meet.

2. In die geval van ’n tugondersoek is dit verpligtend om ’n klankopname van die ondersoek te maak as deel van die rekord van verrigtinge wat dan beskikbaar sal wees in die geval van appèl teen die bevinding van die tugliggaam.

3. In die geval van alle ander vergaderings mag klank- en beeldopnames van vergaderings slegs gemaak word wanneer spesifieke redes of behoeftes daarvoor bestaan, naamlik –

3.1. in die geval van klankopnames, indien die skriba weens die aard of verwagte duur van die vergadering die opname benodig om ’n behoorlike skriftelike notule van die vergadering op te stel; of

3.2. in die geval van beeldopnames, indien dit gebruik gaan word vir televisieuitsendings van spesiale gebeurtenisse of vir video-opnames met die oog op opleiding of ander kerklike aktiwiteite; of

3.3. in die geval van sowel klank- as beeldopnames, wanneer daar enige ander sinvolle of strategiese of doelmatige rede daarvoor bestaan.

4. Die kennisgewing van die vergadering moet vermeld dat ’n klank- en/of beeldopname van die vergadering gemaak gaan word. Die voorsitter moet aan die begin van die vergadering die aanwesiges weer daaraan herinner dat die vergadering opgeneem gaan word.

5. Almal wat die vergadering bywoon moet voor die aanvang van die vergadering toestem tot die opname, behalwe in die geval van ’n tugondersoek waar dit verpligtend is om ’n klankopname te maak. Enige beswaar teen die opneem van die vergadering moet deur die voorsitter oorweeg word wat dan moet besluit of daar in die lig van die beswaar met die opname voortgegaan sal word.

6. Persone wat later by die vergadering aansluit moet ingelig word dat die vergadering opgeneem word.

7. So gou as moontlik na afloop van die vergadering moet die skriba die skriftelike notule opstel en dit aan die persone wat die vergadering bygewoon het sirkuleer vir goedkeuring. Alternatiewelik word die notule op die volgende vergadering goedgekeur. Indien daar enige onsekerheid of beswaar is oor die korrektheid van die skriftelike notule, moet die opname gebruik word om die onsekerheid of beswaar uit die weg te ruim.

8. Tesame met die goedkeuring van die skriftelike notule, moet die vergadering besluit of daar enige rede bestaan waarom die opname van die vorige vergadering behou moet word. Indien geen sodanige besluit geneem word nie, moet die opname van die betrokke vorige vergadering onmiddellik na afloop van die vergadering waarop die notule goedgekeur is, volledig en permanent vernietig word.

9. Gedurende die bestaan van die opname van ’n vergadering moet dit deur die skriba veilig en vertroulik bewaar word. Die bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting nr 4 van 2013 en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting nr 2 van 2000 moet deurgaans in gedagte gehou en toegepas word, met spesifieke verwysing na die persoonlike inligting van bywoners van vergaderings.

10. Insae in die opname van ’n vergadering mag vir goeie rede en met streng toepassing van sekuriteit en vertroulikheid aan persone wat die vergadering bygewoon het, verleen word.

11. Enige aanwending van of insae in ’n opname van ’n vergadering aan enigiemand anders as persone wat die vergadering bygewoon het, mag slegs plaasvind indien elke bywoner van die betrokke vergadering skriftelik daartoe ingestem het.

**AMENDEMENT op laatstuk:** *Goedgekeur*

Reglement vir Klank- en Beeldopnames van vergaderings

**5. Kennisgewing, grondslag en besware**

Alle persone wat die vergadering bywoon, moet vooraf ingelig word indien die vergadering, of enige gedeelte daarvan, opgeneem gaan word, asook wat die doel van die opname is en hoe dit hanteer sal word.

By ’n formele kerkvergadering, insluitend ’n sinodesitting, mag ’n interne opname gemaak word vir notulering, rekordhouding, appèl- tug- of kerkregeringsdoeleindes. Sodanige opname berus op die kerkvergadering se regmatige administratiewe belang en nie noodwendig op afsonderlike toestemming van elke bywoner nie.

Enige beswaar teen die opname moet aan die voorsitter gestel word, wat dit billik oorweeg en ’n beslissing maak. Die beswaar en beslissing moet in die notule aangeteken word.

**11. Insae, gebruik en openbaarmaking van opnames**

’n Opname van ’n vergadering is ’n vertroulike amptelike rekord en mag slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit gemaak is, of vir ’n verdere doel wat regtens toelaatbaar en daarmee versoenbaar is. Geen opname, afskrif, transkripsie of uittreksel mag ongemagtig versprei, gepubliseer of aan ander beskikbaar gestel word nie.

Insae deur persone wat nie die vergadering bygewoon het nie, mag slegs plaasvind met skriftelike magtiging van die voorsitter, skriba of bevoegde kerklike liggaam, en slegs vir ’n behoorlike rede, soos notuleverifiëring, appèl-, tug- of regsprosesse, regsadvies, ’n PAIA-versoek, hofbevel, versoek van die Inligtingsreguleerder, of ’n ander regtens geregverdigde kerklike doel.

Waar sensitiewe inligting betrokke is, moet toegang beperk word tot persone wat dit werklik nodig het, en moet vertroulikheid streng gehandhaaf word.

Voorsteller**:** Ds FH Lamprecht
**Sekondant:** Ds CM James

**5.10 ADVIES INSAKE POPIA EN PAIA**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**RIGLYNE AAN NGK VRYSTAAT ARGIEF: POPIA & PAIA**

Die STK is versoek om die Argief te adviseer oor (o.a.) die vraag wie geregtig is op toegang tot kerkraadsnotules in besit van die Argief, vir doeleindes van raadpleging en navorsing.

Een van die aspekte wat ter sake is vir die beantwoording van die bogenoemde vraag, is die moontlike toepassing van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting nr 4 van 2023 (POPI-Wet) en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting nr 2 van 2000 (PAI-Wet). Dit is ’n aspek wat apart staan van die kerkordelike bepaling oor die vertroulikheid van kerkraadsnotules.

**POPI-Wet**

Die POPI-Wet het ten doel om persone se persoonlike inligting te beskerm. Die begrip “persoon” sluit individue sowel as regspersone in en is ook op die kerk van toepassing – gemeentes, ringe en sinodes. Die gemeente is ’n regspersoon en daarom sal die gemeente se persoonlike inligting ook deur die Wet beskerm word.

’n Volledige handleiding (“POPIA Handleiding”) oor die toepassing van die Wet op die NG Kerk is op die Webblad van die NG Kerk Suid-Afrika (ngkerk.net) beskikbaar. Dit bevat volledige aanwysings aan gemeentes oor die korrekte insameling, gebruik en berging van lidmate se persoonlike inligting. Lidmate moet skriftelik toestemming gee hiervoor, welke toestemming die doel waarvoor die inligting ingesamel word, moet insluit.

Die definisie van “persoonlike inligting” in die Wet is baie wyd. Baie van die spesifieke tipes inligting wat genoem word, word deur ’n gemeente benodig om behoorlik te kan funksioneer en word dus vanaf die lidmate ingevorder. Die gemeente (as regspersoon) se persoonlike inligting sal bv. insluit bankbesonderhede en werknemers se persoonlike inligting.

Gevolglik sal die vraag of toegang tot kerkraadsnotules ook deel vorm van persoonlike inligting soos bedoel in die Wet, direk afhang van die inhoud van sodanige notules. Met ander woorde, tensy ’n notule persoonlike inligting van ’n lidmaat of van die gemeente bevat, sal die notule as sodanig nie beskou word as persoonlike inligting in terme van die Wet nie.

Wanneer iemand insae in ’n reeks kerkraadsnotules versoek, sal dit onprakties wees om eers elke afsonderlike notule na te gaan om te bepaal of dit persoonlike inligting bevat. Daarom sal dit goed wees om in die toestemming wat lidmate gee vir die insameling, gebruik en berging van persoonlike inligting, in te sluit dat die kerkraad die inligting aan die Argief mag voorsien en namens die lidmaat toestemming mag verleen dat dit vir raadpleging en navorsing gebruik mag word.

Die Wet bepaal in artikel 14(1) dat rekords van persoonlike inligting “nie enigsins langer gehou (moet) word nie as wat noodsaaklik is om die oogmerk waarvoor die inligting ingesamel of verder geprosesseer is te bereik nie, tensy ... (b) die verantwoordelike party (die kerk in ons geval) die rekord redelikerwys benodig vir regmatige oogmerke wat met daardie verantwoordelike party se werksaamhede of aktiwiteite verband hou”.

Verder bepaal artikel 14(2) van die Wet as volg: “Rekords van persoonlike inligting kan vir historiese, statistiese of navorsingsoogmerke vir langer tydperke as dié waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, gehou word indien die verantwoordelike party geskikte voorsorgmaatreëls teen die gebruik van die rekords vir enige ander oogmerke ingestel het”.

Ek kry nie ’n bepaling in die Wet wat handel met die vraag aan wie persoonlike inligting voorsien mag word nie. Ek meen egter dat ons interne voorskrifte hier gevolg moet word en ek stem saam dat ’n persoon wat insae in kerkraadsnotules met die oog op navorsing of studie verlang, bewys van sodanige navorsing of studie moet voorsien. Ek stem ook saam dat die betrokke kerkraad se vooraf toestemming ook verkry moet word.

**PAIA-Wet**

Die oogmerk van die PAIA-Wet is om gevolg te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word; en enige inligting wat deur ’n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.

Die instansie wat oor die inligting beskik waartoe insae versoek word is óf die Staat óf ’n privaatliggaam en die kerk (gemeentes, ringe en sinodes) val onder die definisie van “privaatliggaam”, synde ’n bestaande regspersoon.

’n Inligtingsreguleerder is in terme van die Wet aangestel en een van sy pligte is om ’n gids op te stel en by te hou, wat o.a. die prosedure voorskryf vir die versoek om toegang tot die rekord van ’n privaatliggaam. Artikel 50 bepaal dat ’n versoeker toegang tot ’n rekord van ’n privaatliggaam verleen móét word indien (i) daardie rekord vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word; (ii) die versoeker aan al die prosedurele vereistes van die Wet voldoen het; en (iii) toegang tot daardie rekord nie geweier is ingevolge enige geldige grond genoem in artikels 63 tot 70 van die Wet nie. Een voorbeeld van ’n geldige grond vir weiering is indien die openbaarmaking van die rekord die onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting oor ’n derde party, insluitende ’n oorlede individu, sal meebring.

Vir doeleindes van die punt waarmee ons handel, is dit nie nodig dat enige vooraf prosedures in plek gestel word nie. Wanneer iemand insae in kerkraadsnotules versoek in terme van die PAIA-Wet sal die persoon gewoon na die Wet verwys word om die versoek ingevolge die voorgeskrewe prosedure te rig. Die Argiefkomitee sal dan ooreenkomstig die bepalings van die Wet die versoek oorweeg.

**5.11 DIE GEBRUIK VAN DIE TERMINOLOGIE DOOPLIDMAAT EN BELYDENDE LIDMAAT**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode keur die handelinge van die STK goed en laat die Kerkorde onveranderd in dié opsig.**

**5.12 NUWE SAMESTELLING VAN DIE MODERAMEN**

**Besluit:** *Reeds goedgekeur maar bevestig dit weereens*

**Voorstel:** *Goedgekeur*

**In die lig daarvan dat die uittredende STK voorsitter/Aktuarius midde in litigasie prosesse is, die Sinode hom die mandaat gee om hierdie sake eers af te handel, voordat die nuwe Aktuarius in die toekoms enige regsake namens die Sinode sal hanteer.**

Voorsteller: Ds C Weideman
Sekondant: Ds W Burger

Al die reglemente soos opgeneem in die reglemente bundel word goedgekeur

**Voorstel:** *Goedgekeur*

**Gereformeerde Kerkreg**

**Die Sinode gee opdrag aan die STK/SDR om ’n studiegids saam te stel met die doel om die gereformeerde kerkreg en Kerkordelike beginsels te ontgin en te herondek.**

**Tweedens, om deur ’n opleidingsgeleentheid leraars, kerkrade en lidmate te bemagtig in die verstaan van ons gereformeerde kerkreg.**

Voorsteller: Ds SW Burger
Sekondant: Oudl J Swart

**Ring van Fauresmith**

**Beskrywingspunt: Voorgestelde nuwe artikel – 9B Ringspredikant**

**Besluit:** *Kennis geneem aangesien die Artikel 12 reeds voorsiening maak vir die versoek.*

**F BYKOMENDE VERSLAE**

**F1 VERSLAG VAN DIE TRANS-ORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS**

**Besluit:** *Kennis geneem*

**F2 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM: ORANJE MEISIESKOOL**

**Besluit:** *Kennis geneem van punte 1-4*

**SAKE VIR GOEDKEURING**

**5. DANK EN WAARDERING**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die Sinode besluit om**

**- haar dank en waardering uit te spreek teenoor die hoofde, personeel en beheerliggame van Oranje Meisieskool vir die doelbewuste keuse om vas te hou aan Christelike beginsels.**

**- haar dank en waardering uit te spreek teenoor elke ander skool en personeel wat poog om in die huidige omstandighede reg te laat geskied aan die Woord en hul verbondenheid aan Jesus Christus.**

**- haar dank en waardering uit te spreek teenoor mnr AJ de Ruiter vir sy onberispelike diens in sy hantering van die Kuratorium se fondse.**

**6 VOORBIDDING EN BYSTAND**

**Besluit:** Goedgekeur

**Die Sinode besluit om**

**- gemeentes te versoek om voorbidding te doen vir die onderwys in die Vrystaat.**

**- kerkrade te versoek om onderwysers pastoraal by te staan.**

**- kerkrade te versoek om van die Kuratorium se werk kennis te neem met verdere bekendstelling daarvan aan gemeentelede met die oog op verdere ondersteuning deur moontlike erflatings/skenkings wat gemaak kan word.**

**- gelowige ouers te versoek om hulleself beskikbaar te stel vir skole se beheerliggame.**

**A MODERAMEN**

**A4 VERSLAG VAN DIE VROUEBEDIENING**

**SAKE VIR KENNISNAME**

**Besluit:** *Neem kennis van punte 1-4.*

**5. FINANSIES**

**Besluit:** *Goedgekeur*

**Die taakspan vra die Moderamen om die pro-rata en kollekte vir Moedersdag steeds toe te ken aan die Taakspan Vrouebediening sowel as finansiële ondersteuning om toerustingsgeleenthede bekostigbaar te maak vir die vrouens.**

**Ordevoorstel:** *Goedgekeur*

**Die Sinode gee mandaat aan die Moderamen om uit die genomineerde kerkraadslede uit die ringe, agt (8) lede op te roep as lede vir die nuwe termyn (en hulle sekundi), met die versoek dat wye verteenwoordiging en verskeidenheid in ag geneem sal word.**

Voorstelle: Ds JJ Lubbe
Sekondant: Oudl JMG Potgieter

Afsluiting

Ds CM (Charles) James bedank alle persone wat betrokke was by die voorbereiding en afhandeling van die Sinodesitting.

| Gemeente | Persoon | Vanaf Datum | Vanaf (tyd) | Tot (tyd) |
|---|---|---|---|---|
| Heuwelsig | LJ van Biljon | 10/06 | 14:00 | / |
| Heuwelsig | JC Kruger | 10/06 | 14:00 | / |
| Heuwelkruin | SE Malan | 10/06 | 15:00 | / |
| Heuwelkruin | GT Malan | 10/06 | 15:00 | / |
| Universitasrif | P Hoffman | 10/06 | 10:00 | / |
| Universitasrif | A van Wyk | 10/06 | 10:00 | / |
| Universitasrif | NJ Labuschagne | 10/06 | 10:00 | / |
| Generaal-Noord | PJ Meyns | 10/06 | 13:00 | / |
| Boshof | AC Robberts | 10/06 | 13:00 | / |
| Boshof | MB Jonker van Rensburg | 10/06 | 13:00 | / |
| Vrede-Wes | ID Bosman | 10/06 | 14:25 | / |
| Tweeling | TJ Lessing | 10/06 | 14:15 | / |
| Vaalpark | J Kotze | 10/06 | 08:00 | 20:15 |
| Vaalpark | ASS Potgieter | 10/06 | 08:00 | 20:15 |
| Vaalpark | NC van Tonder | 10/06 | 08:00 | 20:15 |
| Vaalpark | D Geldenhuys | 10/06 | 08:00 | 20:15 |

# TEOLOGIESE OPLEIDING

## AKADEMIESE OPLEIDING

### Volle Bevoegdheid


- BDiv (Jare 1 – 4)
- BTh + Honneurs
- B-Graad + PGDip
- Grondtale (Grieks II & Hebreeus II) + M-Graad (MDiv of MTh)

### Diensleraars

- Toepaslike vooraf verwerwe kwalifikasie (B-Graad)

### Bedienaars

- Kerklike Sertifikaat in Teologie (KAST)




## KERKLIKE VORMING

### Volle Bevoegdheid

- Deurlopende program (in persoon op Woensdag / Blokweke)
- *Retreats*, Gemeentejaar

### Diensleraars

- Deurlopende programme (in persoon op Woensdag / aanlyn)
- *Retreats*, mentors & gemeentepraktyk

### Bedienaars

- *Retreats*, mentors & gemeentepraktyk

VRYSTAAT KURATORIUM EN SEMINARIUM

THEOLOGY AND RELIGION UFS

hugenote kollege

# Op pad
# *met die Kruis*

## KERKLIKE VORMING (SEMINARIUM)

Die voorblad van hierdie programhandleiding gee visueel uitdrukking aan die **roeping en identiteit** van die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat. Sentraal staan die kruis van Jesus Christus — die bron en maatstaf van alle teologiese nadenke, Kerklike vorming en bediening. Die kruis herinner ons daaraan dat teologie nie by die mens begin nie, maar by God se selfopenbaring in Christus: die Een wat verkondig word, gedien word en gevolg word.

Vanuit die kruis ontvou vier gekleurde bane wat die kernfokus-areas van Kerklike Opleiding verteenwoordig. Hierdie bane verbeeld nie afsonderlike of losstaande vormingsprosesse nie, maar geïntegreerde dimensies van een pad waarop studente kerklik gevorm word tot bedienaars van die Woord.

Die pers baan simboliseer Teologiese Identiteit (*CREDO*) en vind sy uitdrukking in die *kerugma* — die inhoud en verkondiging van die geloof. Hier word studente gevorm in die belydenis van die kerk, die verstaan van die Skrif en die kernwaarhede van die gereformeerde tradisie. Hierdie baan benadruk dat teologie altyd begin by dit wat die kerk glo en bely, en dat verkondiging in 'n duidelike en verantwoordelike teologiese identiteit gewortel is.

Die groen baan verteenwoordig Spiritualiteits- en roepingsontwikkeling en word verbind met *leitourgia* — die lewe voor God. Hierdie dimensie fokus op geestelike verdieping, gebed, aanbidding en onderskeiding van roeping. Studente word begelei om nie slegs oor God te leer nie, maar om voor God te leef, luisterend na die Gees se leiding in persoonlike en gemeenskaplike geloofsvorming.

Die geel baan dui op Persoonlikheidsontwikkeling en vaardighede, verbonde aan *koinonia* — die gemeenskap van gelowiges. Hier word aandag gegee aan selfkennis, emosionele volwassenheid, kommunikasievaardighede en verhoudingsvorming. Hierdie baan herinner daaraan dat bediening altyd binne 'n gemeenskap en konteks plaasvind en dat die karakter en menswees van die bedienaar onlosmaaklik deel is van geloofwaardige diens.

Die blou baan verbeeld Kerklike bedieningspraktyk, gegrond in *diakonia* — diens aan God en die naaste. Hierdie dimensie fokus op die praktiese uitlewing van die evangelie binne gemeentes en gemeenskappe, met besondere aandag aan barmhartigheid, geregtigheid en missionale betrokkenheid. Studente word toegerus om die Woord konkreet en relevant te laat gestalte kry in 'n gebroke wêreld.

Die pad wat deur hierdie vier bane gevorm word, strek deur 'n oop landskap en simboliseer die werklikheid waarin die kerk geroep is om te dien.

Teologiese vorming vind plaas binne 'n spesifieke konteks, maar is altyd gerig op God se toekoms. Die lig wat die pad verhelder, getuig van God se trou en leiding, en herinner studente daaraan dat hulle nie alleen hierdie reis aanpak nie.

## **Vier bane** van **Kerklike Opleiding**

### PERS BAAN

Verteenwoordig *Teologiese Identiteit* (*CREDO*) en word verbind met ***kerugma*** — die inhoud en verkondiging van die geloof. Hier word studente gevorm in die belydenis van die kerk, die verstaan van die Skrif en die kern van die gereformeerde teologie, sodat hulle met insig en verantwoordelikheid kan getuig en verkondig.

### GROEN BAAN

Dui op *Spiritualiteits- en roepingsontwikkeling* en staan in verband met ***leitourgia*** — die lewe voor God. Hierdie fokus-area rig aandag op geloofsvorming, gebed, aanbidding en die onderskeiding van roeping, en onderstreep dat teologiese studie onlosmaaklik verbind is aan 'n lewe van gehoorsaamheid en toewyding.

### GEEL BAAN

Verbeeld *Persoonlikheidsontwikkeling en vaardighede* en word gekoppel aan ***koinonia*** — die gemeenskap van gelowiges. Hier word studente begelei in selfkennis, emosionele volwassenheid, kommunikasie en verhoudingsvaardighede, met die oog op diens binne en saam met ander.

### BLOU BAAN

Simboliseer *Kerklike bedieningspraktyk* en word verbind met ***diakonia*** — diens aan God en die naaste. Hierdie fokus-area rus studente toe om die evangelie konkreet en geloofwaardig te beliggaam binne gemeentes en die breër samelewing.

NG Kerk Vrystaat

*Lig in die duisternis,*
***hier vir God, mekaar en die wêreld***

© 2026 | NG KERK VRYSTAAT



LEWENDE WATER

# VAN DIE BRON

## — VLOEI DIT VERDER —

ESEGIËL 47:1-12

NG Kerk Vrystaat

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein 9301
Tel: +27 (0) 51 406 6700 | E-posadres: daf@ngkvs.co.za
Posbus 11412, Universitas 9321

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

**NAMPOPARK BOTHAVILLE**
R30, Bothaville 9660 | www.grainsa.co.za